

DIE EVALUERING VAN 'N OUDIOPSIGFONOLOGIESE
VERRYKINGSPROGRAM VIR PSIGOLOGIESTUDENTE

deur

Anna Susanna Rolf

B.A.Hons.

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium (Kliniese Psigologie) in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof. W.F. Du Plessis

Potchefstroom
1998

BEDANKINGS

Hiermee my opregte dank en waardering aan:

- Prof. Wynand du Plessis vir sy professionele, sorgsame en geduldige leiding. Vir al die ure wat u aan hierdie projek opgeoffer het.
- Geldelike bystand verleen deur die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling (SWO) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe gekom is, is die mening van die outeur en moet nie noodwendig aan die SWO toegeken word nie.
- Prof. H.S. Steyn en Mev. L. Viljoen van die Statistiese Konsultasiediens vir die hulp met die statistiese verwerkings.
- Mev. Marietjie Du Toit vir haar hulp met bronne en psigometriese toetse met betrekking tot psigologiese welsyn.
- Die proefpersone wat deel gevorm het van die navorsingsgroep, vir hulle bereidwilligheid en samewerking, veral die studente wat aan die verrrykingsprogram deelgeneem en ure daarvoor opgeoffer het.
- Willem Den Heijer vir die tegniese versorging en hulp met die figure.
- Willem Viljoen vir die illustrasies en versorging van die finale produk.
- Sulinde Brits vir haar vriendskap en ondersteuning.
- My familie vir hul liefde, ondersteuning en aanmoediging deur my jare van studie.
- My man vir sy liefde, onderskraging en hulp om van hierdie projek 'n sukses te maak.

Nie deur myself nie, maar God wat my krag gee.

OPSOMMING

DIE EVALUERING VAN 'N OUDIOPSIGOFONOLOGIESE VERRYKINGSPROGRAM VIR PSIGOLOGIESTUDENTE

(Sleuteltermes: salutogene benadering, psigologiese welsyn, verrykingsprogramme, musiekterapie, oudiopsigofonologie.)

Die doel van hierdie ondersoek was om 'n oudiopsigofonologiese (OPF) verrykingsprogram vir 'n groep voorgraadse Psigologiestudente aan te bied en te evalueer ten opsigte van die verrykingseffek op luistervermoëns, intrapsigiese funksionering, interpersoonlike verhoudinge en psigologiese welsyn. As voornemende helpers is hierdie studente veronderstel om kommunikasievaardighede te ontwikkel. Die ondersoek sou derhalwe lig kon werp op die verrykingspotensiaal van OPF, veral binne 'n salutogene raamwerk.

In die literatuurstudie is die salutogene paradigma van Antonovsky, met klem op die bevordering van psigologiese welsyn omlyn, en daarna die konsep van psigologiese verryking. Binne hierdie konteks is OPF bespreek in terme van Tomatis se teoretiese aannames en navorsingsbevindinge en veral in terme van die proses van gehoorsopleiding/luisteropleiding. Stimulering van die luisterfunksie veronderstel dat die individu in 'n groter mate van luisterpotensiaal gebruik sal maak en verskeie fisiologiese, psigologiese en kognitiewe veranderinge wat kommunikasiebevorderend mag wees, sal ervaar.

In die eksperimentele ondersoek is 'n twee-groep, voor-na-en opvolgtoets-ontwerp gebruik. 'n Beschikbaarheidsteekproef (n=32) van voorgraadse Psigologiestudente is gewerf, en volgens hul keuse aan 'n eksperimentele groep (n=18) en kontrolegroep (n=14) toegewys. Die eksperimentele groep het aan die OPF-verrykingsprogram deelgeneem en 'n totaal van 60 halfuursessies van klankstimulasie deurloop, insluitend gereelde begeleidende gespreksessies. Die natoetsing is ongeveer 'n week na voltooiing van die luistersessies uitgevoer. Opvolgtoetsing het na 'n gemiddelde opvolgperiode van drie maande plaasgevind. Laastens is 'n kort na-opvolg-evaluering ongeveer 7 maande na afloop van die projek uitgevoer.

Die psigologiese toetsbattery het die volgende skale ingesluit: Biografiese vraelys, Luistertoets, Persoonlike Oriëntasie Indeks (POI), Revised NEO Personality Inventory (NEO PI-R), Sosiale Vaardigheidsvraelys (SVV), Fundamental Interpersonal Relations Orientation Behavior (FIRO-B), Vriend/Vriendin Evalueringsvraelys (VVE), Lewenstevredenheidskaal (SWLS), Affektometer 2 (AFM-2) en Koherensieskaal (SOC).

Aangesien deelname aan die projek gebaseer was op 'n beskikbaarheidsteekproef, kon die statistiese analise van die betekenisvolheid van verskille nie in terme van p-waardes bereken word nie. Die vlak van praktiese beduidendheid in terme van groeps-gemiddeldes is derhalwe met behulp van Cohen se d-statistiek (effekgroottes) bereken. Verder is betroubaarheidsindekse vir al die hoofmetings bereken in terme van Cronbach se alfa-koëffisiënte.

Die resultate van die psigometriese skale het eerstens bevredigende betroubaarheidstellings gelewer. Verder is prakties betekenisvolle verbeteringe ten opsigte van die Luistertoets, ook 'n aantal tendense ten opsigte van luisterverryking verkry, met verdere konsolidasie tydens die opvolgtoetsing. Die gevolgtrekking is gemaak dat die OPF-program tot prakties betekenisvolle verbetering van die proefpersone se luistervermoëns gelei het, en na drie maande gehandhaaf is. Verder is bevind dat die program gelei het tot tendense van verbeterde intrapsigiese funksionering sowel as verbeterde interpersoonlike verhoudinge, wat bevestig is deur die onafhanklike waarnemers in die persoon van die beste vriend/vriendin.

Hoewel die vraelys-resultate beperk was tot psigologiese verrykingstendense, het dit verrassend genoeg ook die domein van psigologiese welsyn ingesluit, soos afgelei uit die aansienlike toename in koherensiesin, wat ongelukkig nie oor die drie maande opvolgtyd gehandhaaf is nie. Die finale gevolgtrekking is tweeledig: eerstens onderskryf dit die gedemonstreerde verrykingspotensiaal van OPF en tweedens suggereer dit dat die optimale verrykingseffek daarvan waarskynlik verdwerg is as gevolg van metodologiese leemtes. Aanbevelings sluit in dat die optimale verrykingseffek van OPF slegs onthul kan word, indien 'n uitgebreide program van 90 sessies gebruik sou word, in kombinasie met 'n eksplisiet salutogene verrykingsklimaat, insluitend geïndividualiseerde verrykingsdoelwitte as grondslag vir navorser-deelnemer-interaksie.

SUMMARY

THE EVALUATION OF AN AUDIO-PSYCHO-PHONOLOGICAL STIMULATION PROGRAM FOR PSYCHOLOGY STUDENTS

(Key words: salutogenic approach, psychological well-being, stimulation programmes, music therapy, Audio-Psycho-Phonology)

The aim of the study was to present and evaluate an Audio-Psycho-Phonological (APP) programme regarding the improvement of listening skills, intrapsychic and interpersonal functioning, and psychological well-being in a group of undergraduate Psychology students. As potential helpers they are required to develop their communication skills, and thus the investigation could explore the communication enrichment potential of APP, especially within a salutogenic framework.

In the literature survey Antonovsky's salutogenic paradigm with its emphasis on enhancement of psychological well-being was outlined and subsequently the concept of psychological enrichment. Within this context, APP was discussed in terms of Tomatis' theoretical assumptions and research findings and especially in terms of the process of hearing/listening education. Stimulation of the listening function by means of the Electronic Ear presupposes that the individual will progressively utilize his/her listening potential, and concomitantly experience physiological, psychological and cognitive changes associated with enhanced communication.

In the experimental investigation a two group, pre-post-and follow-up testing design was used. An availability sample (n=32) of undergraduate Psychology students of the PU for CHE was solicited and assigned to an experimental (n=18) and control group (n=14) on the basis of student choice. The experimental group participated in the APP enrichment programme and completed a total of 60 half hour sessions of sound stimulation, including regular sessions of individual counseling.

The post-testing was conducted approximately one week after completion of the programme. Follow-up testing took place after three months. Finally, a brief post follow-up evaluation was conducted 7 months after completion of the programme.

The test battery included the following: Biographical Questionnaire, Listening test, Personal Orientation Inventory (POI), Revised NEO Personality Inventory (NEO PI-R), Social Skills Inventory (SSI), Fundamental Interpersonal Relations Orientation (FIRO-B), Friend Evaluation Questionnaire, Satisfaction with Life Scale (SWLS), Affectometer 2 (AFM) and Sense of Coherence Scale (SOC).

Since participation in the project was based on an availability sample, the statistical analysis was not aimed at determining the significance of differences in terms of p-values, but at establishing the level of practical significance in terms of mean differences between groups, as computed by means of Cohen's d-statistic (effect size). In addition reliability indexes were determined for the main measurements in terms of Cronbach alpha's.

The results of the psychometric assessment confirmed satisfactorily reliability indices. Furthermore, the findings confirmed some practically significant improvements on the Listening Test as well as a number of tendencies towards listening enrichment which were consolidated during the follow-up assessment. Thus the APP enrichment programme resulted in practically significant improvements of listening aptitude which were maintained after three months. It also emerged that the programme resulted in tendencies towards improved intrapsychic functioning as well as improved interpersonal relationships, confirmed by the best friend.

Though the questionnaire findings were limited to tendencies towards psychological enrichment, it surprisingly included psychological well-being, as evidenced by a markedly increased sense of coherence, unfortunately not maintained at follow-up. It was finally concluded that the results underscored both the demonstrated enrichment potential of APP, and that optimal enrichment effects were probably obscured by methodological deficits. Recommendations included that APP's optimal enrichment effects could only be elucidated by an expanded sound stimulation programme of 90 sessions, combined with an explicit salutogenic enrichment climate, including individual enrichment objectives as the basis of structured researcher-participant interaction.

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING EN DOELSTELLING

1.1 PROBLEEMSTELLING	2
1.2 DOELSTELLINGS.....	4
1.3 BASIESE HIPOTEESES	4
1.4 ONTPLOOIING VAN DIE STUDIE	5
1.4.1 DIE METODE VAN ONDERSOEK.....	5
1.4.2 RAPPORTERING VAN DIE ONDERSOEK.....	5

HOOFSTUK 2

DIE SALUTOGENE BENADERING EN PSIGOLOGIESE WELSYN

2.1 INLEIDING	6
2.2 KONSEPTUALISASIE, AANNAMES EN FOKUS.....	6
2.3 DIE AARD VAN DIE SALUTOGENE BENADERING	9
2.4 KENMERKE VAN DIE SALUTOGENE BENADERING	10
2.5 PSIGOLOGIESE WELSYN.....	12
2.5.1 TEORETIESE PERSPEKTIEWE OP PSIGOLOGIESE WELSYN	14
2.5.1.1 PERSPEKTIEWE VANUIT DIE PERSONOLOGIE	14
2.5.1.2 PSIGOLOGIESE WELSYN BEOORDEEL VANUIT BESTAANDE MODELLE	15
2.5.1.3 BAKER EN INTAGLIATA SE LEWENSKWALITEITMODEL.....	16
2.5.1.4 SEEMAN (1989) SE MODEL VAN POSITIEWE GESONDHEID	17
2.5.1.5 WITMER EN SWEENEY SE HOLISTIESE MODEL VIR WELSTAND EN VOORKOMING.....	18
2.5.1.6 CROSE <i>ET AL.</i> SE MULTIDIMENSIONELE SISTEEM-MODEL	19
2.5.1.7 BRIEF <i>ET AL.</i> SE MODEL VAN SUBJEKTIEWE WELSYN.....	20
2.5.1.8 'N TEORETIES-EMPIRIES GEFUNDEERDE PERSPEKTIEF - PSIG. WELSYN	22
2.5.2 VERBANDE TUSSEN PERSOONLIKHEID EN PSIGOLOGIESE WELSYN.....	24
2.6 KONSEKWENSIES VIR DIE HUIDIGE ONDERSOEK.....	25
2.7 SAMEVATTING.....	26

HOOFSTUK 3

OUDIOPSIGOFONOLOGIE: 'N VERRYKINGSPROSES GEBASEER OP MUSIEK EN GEHOORSOPLEIDING

3.1 INLEIDING	27
3.2 VERRYKINGSPROGRAMME	27
3.2.1 BEGRIPSOMSKRYWING: VERRYKING / PSIGOLOGIESE BEMAGTIGING.....	27
3.2.2 Tipes VERRYKINGSPROGRAMME	29
3.2.3 VERRYKINGSVERWANTE IMPLIKASIES VIR DIE HUIDIGE ONDERSOEK.....	31
3.3 MUSIEKTERAPIE	31
3.3.1 TEORETIESE FUNDERING VAN MUSIEKTERAPIE.....	32
3.3.1.1 DEFINISIES VAN MUSIEKTERAPIE	32
3.3.1.2 Tipes MUSIEKTERAPIE	34
3.3.2 DIE TOEPASSING VAN MUSIEKTERAPIE	35
3.3.3 MUSIEKTERAPEUTIESE IMPLIKASIES VIR DIE HUIDIGE ONDERSOEK.....	37
3.4 OUDIOPSIGOFONOLOGIE	38
3.4.1. HISTORIESE AGTERGROND	38
3.4.2 DIE EKSPERIMENTELE GRONDSLAG EN TOMATISWETTE	39
3.4.3 BELANGRIKE TEORETIESE KONSEPTE EN AANNAMES.....	40
3.4.3.1 DIE OOR AS HUMANISERINGSINTUIG.....	41
3.4.3.2 OORSPRONG V.D LUISTERFUNKSIE EN BEGEERTE TOT KOMMUNIKASIE.....	44
3.4.3.3 DIE LEIDENDE OOR	45
3.4.3.3 DIE ONTSTAAN VAN LUISTERVERARMING	48
3.4.3.4 DIE OOR AS ENERGIEGEWENDE SISTEEM	50
3.4.3.5 GEHOORSOPLEIDING AS "KLANKTERAPIE", KLANKSTIMULASIE OFTEWEL.....	51
3.4.3.5.1 DIE APPARAAT: DIE ELEKTRONIESE OOR (EO) ("AURELLE").....	51
3.4.3.5.2 DIE METODE	53
3.4.4 DIE VERLOOP VAN DIE FASES IN TERME VAN DIE HUIDIGE ONDERSOEK.....	54
3.4.5 EVALUERING VAN OPF	59
3.4.6 SAMEVATTING.....	60

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1 INLEIDING	62
4.2 DIE ONTWERP.....	62
4.3 DIE ONDERSOEKGROEP.....	62
4.4 PROSEDURE	63
4.5 MEETINSTRUMENTE.....	64
4.5.1 BIOGRAFIESE VRAELYS.....	64
4.5.2 DIE LUISTERTOETS	64
4.5.2.1 ONTWIKKELING EN RASIONAAL	64
4.5.2.2 AARD, TOEPASSING EN INTERPRETASIE	65
4.5.3 PERSOONLIKE ORIËNTASIE INDEKS / PERSONAL ORIENTATION INVENTORY...66	
4.5.3.1 ONTWIKKELING EN RASIONAAL	68
4.5.3.2 DIE AARD, TOEPASSING EN INTERPRETASIE	69
4.5.3.3 BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID	71
4.5.3.4 MOTIVERING VIR GEBRUIK.....	72
4.5.4 HERSIENDE NEO PERSOONLIKHEIDSVRAELYS / REVISED NEO PERSONALITY 73	
4.5.4.1 ONTWIKKELING EN RASIONAAL	73
4.5.4.2 AARD, TOEPASSING EN INTERPRETASIE	73
4.5.4.3 BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID	74
4.5.4.4 MOTIVERING VIR GEBRUIK.....	75
4.5.5 DIE SOSIALE VAARDIGHEIDSVRAELYS	75
4.5.5.1 ONTWIKKELING EN RASIONAAL	75
4.5.5.2 DIE AARD, TOEPASSING EN INTERPRETASIE	76
4.5.5.3 BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID	77
4.5.5.4 MOTIVERING VIR GEBRUIK.....	78
4.5.6 FUNDAMENTAL INTERPERSONAL RELATION BEHAVIOR	78
4.5.6.1 ONTWIKKELING EN RASIONAAL VAN DIE FIRO-B	78
4.5.6.2 DIE AARD, TOEPASSING EN INTERPRETASIE	78
4.5.6.3 BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID	80
4.5.6.4 MOTIVERING VIR GEBRUIK.....	80
4.5.7 VRIEND/VRIENDIN EVALUERINGSVRAELYS	81
4.5.8 LEWENSTEVREDENHEIDSKAAL / SATISFACTION WITH LIFE SCALE	81

4.5.8.1	ONTWIKKELING EN RASIONAAL	81
4.5.8.2	AARD, TOEPASSING EN INTERPRETASIE	82
4.5.8.3	BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID	82
4.5.8.4	MOTIVERING VIR GEBRUIK.....	82
4.5.9	VERKORTE AFFEKTOMETER 2 / AFFECTOMETER 2.....	83
4.5.9.2	DIE AARD, TOEPASSING EN INTERPRETASIE	83
4.5.9.3	BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID	84
4.5.9.4	MOTIVERING VIR GEBRUIK.....	84
4.5.10	KOHERENSIESKAAL / SENSE OF COHERENCE SCALE.....	85
4.5.10.1	ONTWIKKELING EN RASIONAAL	85
4.5.10.2	DIE AARD, TOEPASSING EN INTERPRETASIE	85
4.5.10.3	BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID	86
4.5.10.4	MOTIVERING VIR GEBRUIK.....	87
4.6	DIE ONDERSOEKPROSEDURE.....	87
4.7	STATISTIESE VERWERKING VAN DIE RESULTATE.....	88
4.8	NUL- EN ALTERNATIEWE HIPOTEESES.....	90
4.9	SAMEVATTING.....	92

HOOFSTUK 5

RESULTATE EN INTERPRETASIE

5.1	INLEIDING	93
5.2	VERSKILLE TUSSEN GROEPE	94
5.2.1	VERSKILLE TUSSEN GROEPE TYDENS DIE VOORTOETSING	94
5.2.1.1	BIOGRAFIESE BESONDERHEDE	94
5.2.1.1.1	OPSOMMEND	98
5.2.1.2	LUISTERVERMOËNS: DIE LUISTERTOETS	99
5.2.1.3	INTRAPSIGIESE FUNKSIONERING	101
5.2.1.3.1	DIE PERSOONLIKE ORIËNTASIE INDEKS (POI).....	101
5.2.1.3.2	DIE NEO PI-R	103
5.2.1.4	INTERPERSOONLIKE FUNKSIONERING.....	105
5.2.1.4.1	SOSIALE VAARDIGHEIDSVRAELYS (SVV)	106
5.2.1.4.2	FIRO-B.....	107
5.2.1.4.3	VRIEND/VRIENDIN EVALUERINGSVRAELYS (VVE).....	108

5.2.1.5 PSIGOLOGIESE WELSYN.....	109
5.2.2 VERSKILLE TUSSEN GROEPE TYDENS DIE NATOETSING.....	110
5.2.2.1 LUISTERVERMOËNS: DIE LUISTERTOETS	110
5.2.2.2 INTRAPSIGIESE FUNKSIONERING	112
5.2.2.2.1 DIE PERSOONLIKE ORIËNTASIE INDEKS (POI).....	112
5.2.2.2.2 DIE NEO-PI-R	113
5.2.2.3 INTERPERSOONLIKE FUNKSIONERING.....	115
5.2.2.3.1 DIE SOSIALE VAARDIGHEIDSVRAELYS (SVV)	115
5.2.2.3.2 FIRO-B	116
5.2.2.3.3 DIE VRIEND/VRIENDIN EVALUERINGSVRAELYS (VVE).....	116
5.2.2.4 PSIGOLOGIESE WELSYN.....	117
5.2.3 VERSKILLE TUSSEN GROEPE TYDENS DIE OPVOLGTOETSING.....	118
5.2.3.1 LUISTERVERMOËNS: DIE LUISTERTOETS	118
5.2.3.2 INTRAPSIGIESE FUNKSIONERING	120
5.2.3.2.1 DIE PERSOONLIKE ORIËNTASIE INDEKS (POI).....	120
5.2.3.2.2 DIE NEO PI-R	121
5.2.3.3 INTERPERSOONLIKE FUNKSIONERING.....	123
5.2.3.3.1 DIE SOSIALE VAARDIGHEIDSVRAELYS (SVV)	123
5.2.3.3.2 FIRO-B	125
5.2.3.3.3 DIE VRIEND/VRIENDIN EVALUERINGSVRAELYS (VVE).....	125
5.2.3.4 PSIGOLOGIESE WELSYN.....	126
5.3 VERSKILLE BINNE GROEPE.....	127
5.3.1 LUISTERVERMOËNS: DIE LUISTERTOETS	127
5.3.2 INTRAPSIGIESE FUNKSIONERING	135
5.3.2.1 DIE PERSOONLIKE ORIËNTASIE INDEKS (POI).....	135
5.3.2.2 DIE NEO PI-R	136
5.3.3 INTERPERSOONLIKE FUNKSIONERING.....	139
5.3.3.1 DIE SOSIALE VAARDIGHEIDSVRAELYS (SVV)	139
5.3.3.2 FIRO-B	140
5.3.3.3 DIE VRIEND/VRIENDIN EVALUERINGSVRAELYS (VVE).....	141
5.3.4 PSIGOLOGIESE WELSYN.....	142
5.4 DIE NA-OPVOLGVRAELYS.....	144
5.5 SAMEVATTING.....	146

HOOFSTUK 6

BESPREKING VAN RESULTATE

6.1 INLEIDING	147
6.2 VERGELYKBAARHEID VAN GROEPE VOOR AANBIEDING V.D OPF PROGRAM....	147
6.2.1. DIE EKSPERIMENTELE GROEP	147
6.2.2 DIE KONTROLEGROEP.....	150
6.2.3 BETEKENIS V.D VOORTOETSBEVINDINGE IN DIE LIG VAN LAAT ADOLESSENSIE / VROEË VOLWASSENHEID	151
6.3 KWALITATIEWE GEBEURE TYDENS DIE PROJEK.....	154
6.3.1 DIE BOOMTOETS	154
6.3.2 INDIVIDUELE BEGELEIDENDE GESPREKSESSIES	157
6.3.3 KWALITATIEWE TERUGVOER VAN DIE EKSPERIMENTELE GROEP	157
6.4 BESPREKING VAN DIE NA-TOETSRESULTATE.....	163
6.4.1 DIE EKSPERIMENTELE GROEP	163
6.4.2 DIE KONTROLEGROEP.....	167
6.5 BESPREKING VAN DIE OPVOLGTOETSRESULTATE.....	168
6.5.1 DIE EKSPERIMENTELE GROEP	168
6.5.2 DIE KONTROLEGROEP.....	170
6.6 BESPREKING VAN DIE NA-OPVOLGVRAELYS	172
6.7 SAMEVATTING.....	172

HOOFSTUK 7

SAMEVATTENDE BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING	173
7.2 SAMEVATTENDE BEVINDINGE	173
7.3 GEVOLGTREKKINGS	175
7.4 METODOLOGIESE LEEMTES	177
7.5 AANBEVELINGS	179
7.6 SLOT.....	180
BRONNELYS.....	181

LYS VAN DIAGRAMME, ILLUSTRASIES, TABELLE, FIGURE EN BYLAE

DIAGRAMME

HOOFSTUK 2

DIE SALUTOGENE BENADERING EN PSIGOLOGIESE WELSYN

DIAGRAM 1: KONSEPTUALISASIE , AANNAMES EN FOKUS.....	9
DIAGRAM 2: KONSEPTUALISERING VAN PSIGOLOGIESE WELSYN.....	14
DIAGRAM 3: WITMER EN SWEENEY SE HOLISTIESE MODEL	19
DIAGRAM 4: BRIEF <i>ET AL.</i> SE BENADERING TOT PSIGOLOGIESE WELSYN.....	21

ILLUSTRASIES

HOOFSTUK 3

OPF: 'N VERRYKINGSPROSES GEBASEER OP MUSIEK EN GEHOORSOPLEIDING

ILLUSTRASIE 1: SKEMATIESE VOORSTELLING V.D. GEHOORSINTUIG	41
ILLUSTRASIE 2: SKEMATIESE VOORSTELLING V.D VESTIBULÊRE OF SOMATIESE INTEGREERDER.....	42
ILLUSTRASIE 3: SKEMATIESE VOORSTELLING V.D. TERUGKERENDE LARINGEALE SENUWEES.....	47
ILLUSTRASIE 4: SKEMATIESE VOORSTELLING V. D. KOGLEÊRE INTEGREERDER	49
ILLUSTRASIE 5: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE BINNE-OOR EN DIE MIDDELOOR	56

TABELLE

HOOFSTUK 5

RESULTATE EN INTERPRETASIE

VERSKILLE TUSSEN GROEPE TYDENS DIE VOORTOETSING

BIOGRAFIESE BESONDERHEDE

TABEL 1: GESLAG, OUDERDOM EN STUDIEJARE VAN DIE PROEFPERSONE.....	94
TABEL 2: KERKVERWANTSKAP EN KERKBETROKKENHEID VAN DIE PROEFPERSONE.....	95
TABEL 3: GEBOORTEORDE EN GESINSITUASIE VAN DIE PROEFPERSONE.....	95
TABEL 4: GEGEWENS TEN OPSIGTE VAN DIE PROEFPERSONE SE LEWENSSTYL	96
TABEL 5: LEIERSKAP EN BESONDERE PRESTASIES VAN DIE PROEFPERSONE.....	96
TABEL 6: GEGEWENS TEN OPSIGTE VAN LEERPROBLEME EN BESONDERE KRISISSE.....	97
TABEL 7: GEGEWENS TEN OPSIGTE VAN KINDERJARE, KOMMUNIKASIE IN DIE GESIN EN VORIGE INTERVENSIES.....	98

INTRAPSIGIESE FUNKSIONERING

TABEL 8: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE GROEPE T.O.V. SELFAKTUALISERING, SOOS GEMEET MET DIE POI.....	102
TABEL 9: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE GROEPE T.O.V. PERSOONLIKHEIDSDIMENSIES, SOOS GEMEET MET DIE NEO-PI-R.....	104

INTERPERSOONLIKE FUNKSIONERING

TABEL 10: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE GROEPE T.O.V. INTERPERSOONLIKE FUNKSIONERING, SOOS GEMEET MET DIE SVV.....	106
TABEL 11: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE GROEPE T.O.V. INTERPERSOONLIKE FUNKSIONERING, SOOS GEMEET MET DIE FIRO-B.....	107
TABEL 12: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE GROEPE T.O.V. BUIE- WAARNEMERS BEOORDELING VD WAARGENOME KOMM.VAARDIGHEDE, SOOS GEMEET MET DIE VVE.....	108

PSIGOLOGIESE WELSYN

TABEL 13: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE GROEPE T.O.V. PSIGOLOGIESE WELSYN, SOOS GEMEET MET DIE SWLS, AFM-2 EN SOC.....	109
--	------------

VERSKILLE TUSSEN GROEPE TYDENS DIE NATOETSING

INTRAPSIGIESE FUNKSIONERING

TABEL 14: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE GROEPE T.O.V. SELFAKTUALISERING, SOOS GEMEET MET DIE POI.....	113
---	------------

TABEL 15: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE GROEPE T.O.V. PERSOONLIKHEIDSDIMENSIES, SOOS GEMEET MET DIE NEO PI-R.....	114
---	------------

INTERPERSOONLIKE FUNKSIONERING

TABEL 16: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE GROEPE T.O.V. INTERPERSOONLIKE FUNKSIONERING, SOOS GEMEET MET DIE SVV.....	115
--	------------

TABEL 17: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE GROEPE T.O.V. BUITE-WAARNEMERS BEOORDELING VAN DIE WAARGENOME KOMM.VAARDIGHED, SOOS GEMEET MET DIE VVE.....	117
---	------------

PSIGOLOGIESE WELSYN

TABEL 18: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE GROEPE T.O.V. PSIGOLOGIESE WELSYN, SOOS GEMEET MET DIE SWLS, AFM-2 EN SOC.....	118
--	------------

VERSKILLE TUSSEN GROEPE TYDENS DIE OPVOLGTOETSING

INTRAPSIGIESE FUNKSIONERING

TABEL 19: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE GROEPE T.O.V. SELFAKTUALISERING, SOOS GEMEET MET DIE POI.....	120
---	------------

TABEL 20: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE GROEPE T.O.V. PERSOONLIKHEIDSDIMENSIES, SOOS GEMEET MET DIE NEO-PI-R	122
--	------------

INTERPERSOONLIKE FUNSKIONERING

TABEL 21: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE GROEPE T.O.V.	
INTERPERSOONLIKE FUNSKIONERING, SOOS GEMEET MET DIE SVV.....	124
TABEL 22: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE GROEPE T.O.V. BUIE-	
BEOORDELAARS BEOORDELING VD WAARGENOME KOMM.VAARDIGHEDE,	
SOOS GEMEET MET DIE VVE.....	125

PSIGOLOGIESE WELSYN

TABEL 23: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE GROEPE T.O.V. PSIGOLOGIESE	
WELSYN, SOOS GEMEET MET DIE SWLS, AFM-2 EN SOC.....	127

VERSKILLE BINNE GROEPE

INTRAPSIGIESE FUNSKIONERING

TABEL 24: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE BINNE GROEPE T.O.V.	
SELFAKTUALISERING, SOOS GEMEET MET DIE POI.....	135
TABEL 25: BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE BINNE GROEPE T.O.V.	
PEROONLIKHEIDSDIMENSIES, SOOS GEMEET MET DIE NEO-PI-R.....	137

INTERPERSOONLIKE FUNSKIONERING

TABEL 26: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE BINNE GROEPE T.O.V. INTERPERSOONLIKE	
FUNKSIONERING, SOOS GEMEET MET DIE SVV.....	139
TABEL 27: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE BINNE GROEPE T.O.V. BUIE-	
BEOORDELING VD WAARGENOME KOMM.VAARDIGHEDE,	
SOOS GEMEET MET DIE VVE.....	141

PSIGOLOGIESE WELSYN

TABEL 28: DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE BINNE GROEPE T.O.V. PSIGOLOGIESE	
WELSYN, SOOS GEMEET MET DIE SWLS, AFM-2 EN SOC.....	143

FIGURE

HOOFSTUK 5

RESULTATE EN INTERPRETASIE

LUISTERVERMOËNS: DIE LUISTERTOETS (LT)

VERSKILLE TUSSEN GROEPE

VERSKILLE TUSSEN GROEPE TYDENS VOORTOETSING

**FIGUUR 1: GEM. GEHOORSKERPTEWAARDES VIR LUG- EN BEENGELEIDING (RO) VAN DIE
EKSPERIMENTELE- EN KONTROLEGROEP SOOS GEMEET MET DIE LT.....100**

**FIGUUR 2: GEM. GEHOORSKERPTEWAARDES VIR LUG- EN BEENGELEIDING (LO) VAN DIE
EKSPERIMENTELE- EN KONTROLEGROEP SOOS GEMEET MET DIE LT.....100**

VERSKILLE TUSSEN GROEPE TYDENS DIE NATOETSING

**FIGUUR 3: GEM. GEHOORSKERPTEWAARDES VIR LUG- EN BEENGELEIDING (RO) VAN DIE
EKSPERIMENTELE- EN KONTROLEGROEP SOOS GEMEET MET DIE LT....111**

**FIGUUR 4: GEM. GEHOORSKERPTEWAARDES VIR LUG- EN BEENGELEIDING (LO) VAN DIE
EKSPERIMENTELE- EN KONTROLEGROEP SOOS GEMEET MET DIE LT.....111**

VERSKILLE TUSSEN GROEPE TYDENS DIE OPVOLGTOETSING

**FIGUUR 5: GEM. GEHOORSKERPTEWAARDES VIR LUG- EN BEENGELEIDING (RO) VAN DIE
EKSPERIMENTELE- EN KONTROLEGROEP SOOS GEMEET MET DIE LT.....119**

**FIGUUR 6: GEM. GEHOORSKERPTEWAARDES VIR LUG- EN BEENGELEIDING (LO) VAN DIE
EKSPERIMENTELE- EN KONTROLEGROEP SOOS GEMEET MET DIE LT.....119**

VERSKILLE BINNE GROEPE

**FIGUUR 7: GEM. VOOR-NA-GEHOORSKERPTEWAARDES VIR LUG- EN BEENGELEIDING (RO)
VAN DIE EKSPERIMENTELE GROEP SOOS GEMEET MET DIE LT.....128**

**FIGUUR 8: GEM. VOOR-NA-GEHOORSKERPTEWAARDES VIR LUG- EN BEENGELEIDING (LO)
VAN DIE EKSPERIMENTELE GROEP SOOS GEMEET MET DIE LT.....128**

FIGUUR 9: GEM. NA-OPVOLG-GEHOORSKERPTEWAARDES VIR LUG- EN BEENGELEIDING (RO) VAN DIE EKSPERIMENTELE GROEP SOOS GEMEET MET DIE LT.....	130
FIGUUR 10: GEM. NA-OPVOLG-GEHOORSKERPTEWAARDES VIR LUG- EN BEENGELEIDING (LO) VAN DIE EKSPERIMENTELE GROEP SOOS GEMEET MET DIE LT.....	130
FIGUUR 11: GEM. VOOR-NA-GEHOORSKERPTEWAARDES VIR LUG- EN BEENGELEIDING (RO) VAN DIE KONTROLEGROEP SOOS GEMEET MET DIE LT.....	132
FIGUUR 12: GEM. VOOR-NA-GEHOORSKERPTEWAARDES VIR LUG- EN BEENGELEIDING (LO) VAN DIE KONTROLEGROEP SOOS GEMEET MET DIE	133
FIGUUR 13: GEM. NA-OPVOLG-GEHOORSKERPTEWAARDES VIR LUG- EN BEENGELEIDING (RO) VAN DIE KONTROLEGROEP SOOS GEMEET MET DIE LT.....	134
FIGUUR 14: GEM. NA-OPVOLG-GEHOORSKERPTEWAARDES VIR LUG- EN BEENGELEIDING (LO) VAN DIE KONTROLEGROEP SOOS GEMEET MET DIE LT.....	134

BYLAE

BYLAAG A: DIE BIOGRAFIESE VRAELYS.....	200
BYLAAG B: DIE VRIEND/VRIENDIN EVALUERINGSVRAELYS.....	201
BYLAAG C: DIE NA-OPVOLGVRAELYS.....	202
BYLAAG D: BOOMTEKENINGE VAN DIE PROEFPERSONE.....	203

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING EN DOELSTELLING

1.1 PROBLEEMSTELLING

Mensontwikkeling, primêre gesondheidsorg, prevensie en kapasiteitsbou word tans wêreldwyd beklemtoon (Coetzee, 1994; Coie *et al.*, 1993; Landsman, 1994). Vanuit die psigologie, en met name vanuit die salutogene paradigma (Antonovsky, 1987; Strümpfer, 1990) kan hiertoe 'n belangrike bydrae gemaak word. Daar is 'n groot behoefte, op sowel groeps- as individuele vlakke, aan programme of insette om lewenskwaliteit en lewensvaardighede te verbeter en gesonde lewenstyle te bevorder.

Oudiopsigofonologie (OPF) kan beskou word as 'n Franse voorbeeld van die nuwe benadering waarin potensiaalontwikkeling, spesifiek menslike luisterpotensiaal, met behulp van klank gefasiliteer word. Dit word omskryf as die studie van die onderlinge verband en wisselwerking tussen die mens se luister- en gehoorsvermoë (oudio), sy/haar psigologiese instelling (psigo) en sy/haar kontrole oor spraak en taal (fonologie) (Tomatis, 1991).

Oudiopsigofonologie fokus op die stimulering van die mens se behoefte aan kommunikasie deur middel van gehoorsopleiding. Stimulering van sy/haar luisterfunksie impliseer dat die individu in 'n groter mate van luisterpotensiaal gebruik sal maak vir interpersoonlike kommunikasie. In die proses vind verskeie reaksies op fisiologiese, psigologiese en kognitiewe vlak plaas, as gevolg waarvan angs afneem, selfvertroue toeneem en psigologiese groei kan plaasvind (De Bruto, 1983; Du Plessis, 1982; Gilmor, Madaule & Thompson, 1989; Van Jaarsveld, 1982).

Oudiopsigofonologie word oorwegend as "gehoorsopleiding" aangewend in kliniese situasies en die impak daarvan is deur verskeie ondersoeke geverifieer (vgl. Van Jaarsveld & Du Plessis, 1988). In die Instituut vir Psigoterapie en Voorligting van die PU vir CHO word dit egter ook regstreeks vir potensiaalstimulering aangewend, byvoorbeeld ten opsigte van die optimale ontwikkeling van die luistervermoëns van musiekstudente. Afleidings met betrekking tot psigologiese verryking is in die stadium egter hoofsaaklik beperk tot kliniese indrukke en selfrapporterings deur kliënte. Onder die weinige gekontroleerde ondersoeke waarin die

potensiaalstimulerende effek van oudiopsigofonologie ter sprake kom, is die volgende: 'n Onderzoek deur Du Plessis en Van Jaarsveld (1988) waarin bevind is dat 'n groep beangste laerskoolleerlinge en hul moeders na afloop van 'n program 'n statisties beduidende verryking van hul luistervermoëns ondergaan het, en 'n ondersoek waarin vasgestel is dat beide beangste en nie-beangste eerstejaardamestudente na afloop van 'n program beduidende hoër selfaktualiseringspeile behaal het (Du Plessis, 1982). Metodologiese tekorte beperk egter die betekenis van veral laasgenoemde ondersoek.

Hoewel daar in die laasgenoemde ondersoek voorgestel word dat oudiopsigofonologiese programme aangebied kan word vir studente wat hulself vir hulpverlenerberoep voorberei, is die verrykingseffek van sodanige klankstimulasie nog nie afdoende geëvalueer nie.

'n Onderzoek na oudiopsigofonologie as persoonlikheidsverrykingsproses met psigologiestudente kan veral toepaslik wees omdat psigologiestudente as potensiële hulpverleners oor besondere luister-, responderings- en konstruktiewe denkvaardighede behoort te beskik (Corey & Corey, 1993); en bestaande opleidingsprogramme nie ten volle op verbetering van die luisterfunksie ingestel is nie. Drum (1980) beskou studenteontwikkeling as 'n proses waardeur 'n persoon 'n hele aantal veranderinge ondergaan in die rigting van meer komplekse gedragsspatrone. Hierdie veranderinge kulmineer soms daarin dat die persoon beweeg na 'n hoër ontwikkelingsvlak. Hierdeur is die persoon in staat om mense, gebeure en dinge op fundamenteel ander wyse te kan beskou.

Die voorgraadse Psigologiestudent word as 'n laat-adolesent in oorgang vanaf adolessensie na volwassenheid getipeer. Hierdie lewensfase van vroeë volwassenheid stel nie net eise nie, maar bied ook geleenthede. Sentrale take van vroeë volwassenheid is onder andere die proses van identiteitsverwerwing, die gepaardgaande omlýning van waardesisteme en die keuse van 'n beroep (Gerdes *et al.*, 1988). Die literatuur verwys verder na die noodsaaklikheid van die afhandeling van die bepaalde ontwikkelingstake, sowel as die sluimerende potensiaal wat opgesluit is in die maak van keuses in hierdie tydperk. Die oorgang vanaf die moratoriumstadium na identiteitsverwerwing is 'n groeiproses wat verskeie dimensies van studente betrek. 'n Verbintenis tot verantwoordbare keuses lei tot 'n persoon wat doelgerig, buigsaam en outonoom is. Die onsuksesvolle hantering van die tydperk lei uiteraard tot onstabiliteit, innerlike onveiligheid en afhanklikheid van ander. *"Vir sielkundige gesondheid is dit dus nodig dat die mens genoeg identiteitsgevoel moet ontwikkel om verskille te kan ontmoet, waar te neem en te oorweeg"* (Du Toit, 1986:249).

Verskeie metodes kan aangewend word om die student in hierdie oorgangsperiode te ondersteun, na verbintenis tot keuses te lei en selfaktualisering, wat sterk na vore tree tydens die vroeë- volwassenheidsfase, te stimuleer. Die spesifieke hulpmiddel in hierdie ondersoek is 'n oudiopsigofonologiese verrykingsprogram. Die navorsingsvrae wat in hierdie ondersoek gestel word is: Sal 'n oudiopsigofonologiese verrykingsprogram by 'n voorgraadse groep Psigologiestudente bydrae tot (i) verbeterde luistervermoëns; (ii) verbeterde intrapsigiese funksionering, (iii) verbeterde interpersoonlike funksionering, (iv) verbeterde psigologiese welsyn, en (v) sal die ervaaarde verryking standhoudend wees na drie maande ?

1.2 DOELSTELLINGS

Die doel van hierdie ondersoek is om met behulp van 'n oudiopsigofonologiese verrykingsprogram vas te stel of studente se:

- luistervermoëns verbeter kan word,
- intrapsigiese funksionering verbeter kan word,
- interpersoonlike funksionering verbeter kan word,
- psigologiese welsyn verbeter kan word, en
- ervaaarde verryking standhoudend sal wees na drie maande.

1.3 BASIESE HIPOTEESES

Onder invloed van die program sal deelnemers se:

- luistervermoëns beduidende verbetering vertoon,
- intrapsigiese funksionering verbeter,
- interpersoonlike funksionering verbeter,
- psigologiese welsyn verbeter,
- ervaaarde verryking na drie maande gehandhaaf word.

1.4 ONTPLOOIING VAN DIE STUDIE

1.4.1 Die metode van ondersoek

Die navorsingsontwerp van die empiriese ondersoek is 'n twee-groep voor-na-toetsingsontwerp en opvolgontwerp

1.4.2 Rapportering van die ondersoek

Hoofstuk 2 en 3 behels die literatuurstudie. In hoofstuk 2 sal daar kortliks verwys word na die opkomende prominensie van die salutogene benadering wat ingestel is op voorkoming, verryking en verhoging van psigologiese welsyn. Hoofstuk 3 verskaf 'n oorsigtelike beskouing van verrykingsprogramme en musiekterapie gevolg deur 'n verkenning van die teoretiese fundering en toepassing van die oudiopsigofonologiese proses. Die empiriese ondersoek ter evaluering van hierdie program en spesifieke konstrakte word in hoofstuk 4 uiteengesit met verwysing na die proefpersone, meetinstrumente, prosedure en verwerking van die gegewens. Hoofstuk 5 verskaf 'n bespreking van die resultate soos afgelei uit die empiriese gegewens en hoofstuk 6 verskaf 'n samevattende gevolgtrekking en evaluering van die ondersoek en dui ook aanbevelings vir verdere ondersoeke in hierdie verband aan.

HOOFSTUK 2

DIE SALUTOGENE BENADERING EN PSIGOLOGIESE WELSYN

2.1 INLEIDING

Aangesien die huidige ondersoek vanuit 'n salutogene (Antonovsky, 1979, 1987; Strümpfer, 1990) of fortigene (Strümpfer, 1995) oriëntering uitgevoer is, wat verskil van die dominante patogene benadering wat manifesteer in die tradisionele Psigologie, word die salutogene benadering asook die aard van psigologiese welsyn as sentrale konsep in dié hoofstuk bespreek.

2.2 KONSEPTUALISASIE, AANNAMES EN FOKUS

Op 'n metateoretiese vlak (vgl. diagram 1) is die tradisionele mediese model daarop ingestel om die oorsaak van 'n siekte of versteuring te bepaal wat resulteer in die versteuring van homostatiese prosesse binne die individu (Wissing & Van Eeden, 1997). Die salutogene benadering (Antonovsky, 1987; Strümpfer, 1990) in teenstelling met die patogene benadering, ondersoek die oorsprong van gesondheid of welsyn. In die patogene benadering is daar egter implisiet 'n digotomie tussen siekte en gesondheid. Selfs die outeurs met 'n gesondheidsgeoriënteerde siening, wat konsentreer om mense gesond te hou en siekte te vermy, val ten prooi tot die digotomie (Antonovsky, 1987). Die salutogene benadering (Antonovsky, 1987) het aanvanklik die posisie ingeneem dat dit meer fasiliterend is om die individu op 'n gesondheids/siekte kontinuum te plaas, maar later tot die siening oorbeweeg waar gesondheid en siekte as verskillende dimensies waargeneem word. 'n Nadeel van die patogene benadering is dat die fokus geplaas word op die patogene eerder as op die individuele lewensomstandighede, en sodoende gaan belangrike etiologiese data relevant tot die gesondheid van die persoon verlore (Antonovsky, 1987). 'n Verdere differensiasie tussen die twee benaderings is dat die patogene benadering 'n soeke is na die bevestiging van hipoteses van patologie, terwyl die salutogene benadering geïnteresseerd is in dit wat afwyk van die norm, met ander woorde persone wat nie patologie ontwikkel nie.

Vanuit 'n salutogene (oorsprong van gesondheid) / fortigene (oorsprong van sterktes) benadering op 'n metateoretiese vlak (vgl. diagram 1) word die aanname gemaak dat dit belangrik is om te fokus op gesondheid, sterktes en kapasiteite. Volgens Wissing en Van Eeden (1997) sal belangrike vrae op 'n teoretiese en praktiese vlak dus wees: Hoe is dit moontlik dat mense oorleef en sommige selfs groei ten spyte van die stres en traumas van die lewe? Wat is die oorsprong van psigologiese welsyn? Wat is die manifestasies en patrone van psigologiese welsyn? Hoe kan psigologiese welsyn verhoog word? Hoe kan kapasiteite die beste ontwikkel word?

'n Fokusverskuiwing in denke vertoon 'n tendens om weg te beweeg van die patogene denkrigtings wat vir 'n lang tyd veral die kliniese en terapeutiese terreine van die psigologie oorheers het, na 'n soeke na psigologiese welsyn en psigies optimale funksionering by mense. Die literatuur dui op 'n veranderde denkklimaat wat toenemend in die werk van skrywers binne die psigologie waargeneem kan word (Cowen, 1983; Heath, 1983 en Strümpfer, 1990). Die ontstaan van verskeie strominge in die psigologie soos gesondheidpsigologie (Adler & Matthews, 1994), voorkomende psigologie (Cowen, 1983, 1985) en psigologiese welsyn (Diener, 1984; Meyers, 1992) is ook aanduidend dat die gesondheidswetenskap van 'n psigopatologiese of swakheidsmodel na 'n gesondheids- of sterktesmodel verskuif. Die konseptualisering van 'n salutogene benadering deur Antonovsky (1979) was 'n duidelike stap in die nuwe rigting. Skrywers soos Strümpfer (1990, 1995) en Wills (1992) beskou Antonovsky se konseptualisering as 'n belowende nuwe perspektief vir die sosiale wetenskappe. 'n Salutogene perspektief kan die nodige vernuwing van insig en groei in wetenskapsbeoefening bevorder en dit hou belofte in vir integrasie van kennis op 'n nuwe, hoër vlak (Strümpfer, 1990).


In aansluiting by die teoretiese en empiriese vlakke (vgl. diagram 1) fokus die huidige ondersoek op welsyn en gesondheid soos gekonseptualiseer vanuit die fortigene benadering. 'n Analise vanuit die literatuur in hierdie verband toon 'n behoefte vir verdere konseptonwikkeling en –klarifikasie (Wissing & Van Eeden, 1997).

Konstrukte gebruik in verband met hierdie ontwikkelende domein wat verdere differensiasie vereis is "psigologiese gesondheid" en "gesondheidpsigologie". Hierdie konstrukte word soms implisiet gebruik as sinonieme of word verwar met betrekking tot hul denotasies of vlakke. *Psigologiese gesondheid* verwys na aspekte van psigologiese welsyn (sterktes) in die domein van psigofortologie, waar *gesondheidpsigologie* 'n domein op sy eie is waar die fokus berus

op psigo-sosiale risiko's of salutogene faktore wat fisiologiese gesondheid of siekte beïnvloed (Rodin & Solovey, 1989; Plug et al., 1997 in Wissing & Van Eeden, 1997). Die konstruk *mentale gesondheid* verwys letterlik na "gesondheid", dit is, deur die gebruik in die patogene benadering, hoofsaaklik geassosieer met mentale siektes, disfunksie en kwesbaarheid, eerder as met sterktes, mentale welsyn of psigologiese gesondheid. In Psigologie as 'n wetenskap, sowel as in ander sosiale wetenskappe, word die konstruk gebruik vir die aanduiding van aspekte van psigopatologie (vgl. Brooks & McKinlay, 1992) en die afwesigheid van psigopatologie (vgl. Cowen, 1983) en die positiewe aspekte van psigologiese gesondheid (vgl. Seeman, 1989). Op grond van laasgenoemde en as gevolg van die historiese kontaminasie met assosiasies van versteurings en disfunksies, word voorgestel dat die konstruk *mentale gesondheid* vervang moet word deur die konstruk *psigologiese welsyn* wanneer aspekte van psigologiese gesondheid/welsyn gekonseptualiseer word vanuit 'n salutogene / fortigene benadering (Wissing & Van Eeden, 1997).

Diagram 1: Konseptualisasie, Aannames en Fokus

(Wissing & Van Eeden, 1997)



2.3 DIE AARD VAN DIE SALUTOGENE BENADERING

Salutogenese dui op die bron of oorsprong van gesondheid of gesondwees. Die Latynse grondbetekenis vir die woord "gesond" is "salus" en die Griekse begrip "genese" dui op oorsprong of begin. Die term salutogenese reflekteer 'n beklemtoning van die aard en oorsprong van gesondheid ten opsigte van menslike funksionering oor die algemeen, en ten opsigte van coping met lewenseise en stres. Vir Antonovsky (1979, 1987) was die vraag waarom soveel mense gesond bly ten spyte van oorweldigende risiko's om siek te word. Hy het ook waargeneem dat sommige mense selfs persoonlik groei ten spyte van traumatiese lewenservaringe soos die Nazi-konsentrasiekampe, armoede, minderheidstatus en so meer.

Hy kom tot die gevolgtrekking dat 'n wetenskaplike vraag na die bron van mense se gesondheid andersoortige kennis sal genereer as die heersende vrae na die oorsake van siekte. Antonovsky (1992:33) beskryf die salutogene benadering as: *"the approach that seeks to explain health rather than disease, focusses on coping rather than risk factors, survivors rather than the defeated, the invulnerable rather than the damaged"*.

2.4 KENMERKE VAN DIE SALUTOGENE BENADERING

Die volgende kenmerke van die salutogene benadering kan geabstraheer word:

- **Die salutogene benadering ondersoek die uitsondering:** Vanuit die salutogene benadering word andersoortige navorsingsvrae gestel as vanuit die patogene benadering, omdat dit soek na kennis van gesondheid eerder as van siekte. Die kennis van patogene aspekte is omvattend, maar 'n vraag waarom dieselfde patogene risiko faktore morbiditeit in sekere mense meebring en ander daarvan vryspring, bly onbeantwoord. In die salutogene benadering word gevra: Wat maak die verskil? Dit fokus derhalwe op die uitsondering, die afwyking van die patologiese tendens. Antonovsky (1987a:54) beweer dat hierdie uitsondering, dit wil sê om gesond te wees, soms die meerderheid mense in 'n bevolking kenmerk en hy vra: *"Wat het hulle beskerm teen patogene risiko's? Oor watter kragte beskik hierdie mense? Waarom bly hulle gesond (intakt)?"*
- **Die salutogene benadering benader stres anders as die patogene benadering:** Vanuit die salutogene benadering word aanvaar dat die menslike bestaan in sy wese stresbelaaie is en dat stressors alomteenwoordig en deurdringend van aard is. Met hierdie siening word die tradisionele en steeds heersende siening van stressteorie en -navorsing, naamlik dat stressors net patogene gevolge het, egter verwerp. 'n Stressor word salutogenies gesien as 'n potensiaal of 'n uitdaging met nie-spesifieke gevolge (Antonovsky, 1992). Antonovsky wys daarop dat mense dwarsdeur hul lewensloop 'n kroniese stressorvrag dra. Die vrag word afgedwing deur onvermydelike lewensfases en -veranderings waardeur almal moet gaan. Dit word ook bepaal deur biologiese, kulturele, sosiale, struktuur- en idiosinkratiese faktore. Die hipotese dat gesondheid 'n funksie van die relatiewe afwesigheid van stres moet wees, is nie vir Antonovsky aanvaarbaar nie. Dit is eerder die aard van 'n persoon se reaksie op stres wat bepalend van die uitkoms is, aangesien stres op sigself negatiewe, neutrale of salutêre gevolge mag hê

(Antonovsky, 1979). In die salutogene benadering word die gevalle van positiewe gevolge en die bepalers van so 'n salutogene uitkoms ondersoek. Volgens Antonovsky (1990:74) is die salutogene vraag: *"How can we learn to live, and live well, with stressors, and possibly even turn their existence to our advantage ?"*.

- **Die salutogene benadering is 'n soeke na sterktes:** Konfrontasie met 'n stressor wek 'n spanningstoestand wat 'n mens moet hanteer. Hierdie spanning is 'n vorm van energie en is nie vanself stresvol nie. Die uitkoms, hetsy patologies, neutraal of salutogeen sal afhang van hoe die spanning hanteer word. Die vraag ontstaan: Watter faktore bepaal hoe spanningshantering sal geskied? Antonovsky (1987a) verwys na navorsing deur Laudensalger wat bevind het dat die beheerbaarheid van 'n stressor salutogene gevolge kan inhou asook navorsing deur Nuckolls wat meen dat hoë stresvlakke tesame met hoë vlakke van sosiale ondersteuning 'n salutogene uitkoms kan hê. Antonovsky toon aan dat hoe groter die stresvraag is, hoe belangriker word die rol van goedaardige of salutogene faktore wat copingmoontlikhede in mense sal ontsluit. Hy stel in hierdie verband die konsep *"generalized resistance resources"* bekend (Antonovsky 1979:99). Dit verwys na alle reserwes byvoorbeeld geld, egokrag, kulturele stabiliteit, sosiale ondersteuning en mobiliseer enige ander faktore wat weerstand teen stressors bied en tot die opbou en versterking van suksesvolle stresshanteringsvermoëns lei (Antonovsky, 1987a).
- **Die salutogene benadering vereis 'n kontinuum-benadering:** In die salutogene benadering stel Antonovsky (1987a) voor dat daar wegbeweeg moet word van die digotomiese klassifikasie van mense as óf siek óf gesond. As sinvolle alternatief stel hy 'n multidimensionele kontinuum voor. Alle mense is uitgelewer aan die neiging tot fisiese agteruitgang en tog is almal in 'n mindere of meerdere mate gesond. Die salutogene oriëntasie, soos deur Antonovsky gesien, stel voor dat mense se posisie op die kontinuum tussen pole van algehele siekte tot volkome gesondheid bestudeer moet word. Ewe belangrik is die faktore wat mense se beweging op die kontinuum sal bepaal met spesifieke klem op beweging van die gesondheidspool van die kontinuum. Antonovsky (1973) spreek sy vermoede uit dat mense gereelde en voorspelbare verskuiwings op die kontinuum maak hetsy na positief of na negatief. Indien dit wel so verloop, en indien die faktore wat hierdie verskuiwing beïnvloed, geïdentifiseer kan word, kan ware salutogene bydraes tot intervensiestrategieë gemaak word.

- **Die salutogene benadering verskil radikaal van 'n patogene benadering:** Die patogene oriëntasie het die konvensionele opvattinge oor siekte en gesondheid in geheel oorheers aldus Antonovsky (1987a). Hy kritiseer die patogene benadering se engheid ten opsigte van die wetenskapsfokus op die aard van gesondheid. Verder dui hy die verbreding van kennis aan wat 'n salutogene benadering kan bied, en onderwerp terselfdertyd die salutogene oriëntasie aan die toets vir gehalte navorsing, naamlik dat dit 'n kragtige impetus moet verskaf om data anders te interpreteer as wat die patogenies georiënteerde ondersoeker dit sou beskou. Dit moet ook lei tot die formulering van andersoortige, betekenisvolle navorsingsvrae en hipoteses; en 'n basis verskaf vir hipoteses wat bots met dié van die patogene oriëntasie, sodat die geldigheid van beide benaderings sodoende getoets kan word.

Antonovsky bepleit egter glad nie 'n verwerping van die patogene oriëntasie nie, maar stel 'n komplimentêre verhouding tussen die twee perspektiewe voor waarin navorsing, kennisuitbreiding en teoretisering kan floreer (Antonovsky 1987a, 1990).

2.5 PSIGOLOGIESE WELSYN

Verskeie sinonieme en definisies vir psigologiese welsyn is al aangebied (vgl. diagram 2) en terme soos "psigologiese gesondheid", "geestesgesondheid", "positiewe gesondheid", "subjektiewe welstand" en "psigologiese welstand" word in die literatuur aangetref. Abel (1991) se definisie van "psigologiese gesondheid" het byvoorbeeld gefokus op denke en gedrag, en hy definieer dit as patrone van gesondheidsverwante gedrag, waardes en houdings wat deur groepe of individue aangepas word in reaksie op hul sosiale, kulturele en ekonomiese omgewing. Brief, Butcher, George en Link (1993) het egter meer op die gevoelskomponent gefokus en definieer "subjektiewe welstand" as 'n kombinasie van negatiewe affek, positiewe affek en lewensvrede. Psigologiese welsyn word nie eenduidig in die literatuur gedefinieer nie. Dit is al gekonseptualiseer as die afwesigheid van siekte, 'n balans tussen negatiewe en positiewe affek, globale geluk of 'n hoë lewenskwaliteit (Schlosser, 1990). Wissing en Du Toit (1994) definieer psigologiese welsyn as 'n siening/houding dat die lewe verstaanbaar, hanteerbaar en betekenisvol is. Persone wat so voel, dink outomaties meer buigbaar en op wyses wat noodsaaklik is vir probleemoplossing in die daaglikse lewe. Hierdie persone sal probleme sonder onnodige stres konfronteer en op wyses dink wat effektiewe aksie bevorder. Hulle maak gebruik van kognitiewe selfkontrole en


is emosioneel stabiel. Daar is selfaanvaarding en nie 'n oorsensitiwiteit vir mislukking, verwerping of afkeur nie. Hulle fikseer nie op mislukkings van die verlede nie en is nie oormatig oor die toekoms bekommerd nie. 'n Algemene satisfaksie met die lewe en 'n algemene optimisme is aanwesig sonder dat daar noodwendig geluk en entoesiasme is. Optimisme dra by tot handelingsgereedheid en selfvertroue in die uitvoer van aksies.

Vir doeleindes van hierdie ondersoek word die konstruk psigologiese welsyn vanuit 'n salutogene benadering gekonseptualiseer. Psigologiese welsyn word gesien as die mate van lewenstevredenheid, koherensiesin en positiewe affek soos gekonseptualiseer deur Wissing & Van Eeden (1994).

In die negentigerjare is talle programme ter fasilitering van psigologiese welsyn ontwikkel (waaronder Folkman, Lazarus, Gruen & Delongis, 1991; Kessler, Goldstone & Joffel, 1992; Omizo, Omizo & D'Andrea, 1992; Shillingfor & Mackin, 1991; Street, 1994; Winnett, 1995; Zeidner & Endler, 1996). Psigologiese welsyn word egter nie in bogenoemde gevalle op dieselfde manier gekonseptualiseer of eksplisiet omskryf nie. Naas enkele algemene modelle het ook verskeie spesifieke konstrakte wat geassosieer word met psigologiese welsyn in die afgelope tyd ontwikkel (vgl. diagram 2), waaronder selfbekwaamheid (Bandura, 1977), lewenstevredendheid (Diener, Emmons, Larson & Griffin 1985), affekbalans (Kamman & Flett, 1983), koherensiesin (Antonovsky, 1987, 1993), waargenome sosiale ondersteuning (Procidano & Heller, 1983), subjektiewe welsyn (Schlosser, 1990), en emosionele intelligensie (Coleman, 1995).

Diagram 2: Konseptualisering van psigologiese welsyn

(Wissing & Van Eeden, 1997)



2.5.1 TEORETIESE PERSPEKTIEWE OP PSIGOLOGIESE WELSYN

Soos sal blyk uit die hieropvolgende ontleding, is daar weinig teorieë wat spesifiek oor psigologiese welsyn handel, en heelwat verdere navorsing hieroor is nodig.

2.5.1.1 Perspektiewe vanuit die personologie

Vanuit die personologie is heelwat gesê oor die kenmerke van optimale psigologiese funksionering of psigologiese welsyn. Veral die humanistiese benaderings het 'n groot bydrae tot die literatuur oor psigologiese welsyn gelewer. Volgens bogenoemde benaderings bestaan daar 'n vlak van groei en ontwikkeling wat verby "normaliteit" strek. Die afwesigheid

van neurotiese en psigotiese gedrag is nie genoeg om te kwalifiseer as gesonde persoonlikheidsfunksionering nie (Schultz, 1977).

Vanuit verskillende, veral humanistiese, persoonlikheidsteorieë word verskeie kenmerke van optimale psigologiese funksionering gehipotetiseer (Schultz, 1977; Walsh & Shapiro, 1983). Rogers (1961) meen die ten volle funksionerende persoon word gekenmerk deur openheid vir ervaring, 'n eksistensiële leefwyse, vertroue in hul organisme, 'n vryheidsin en kreatiwiteit. Maslow (1968, *in* Schultz, 1977) meen die selfaktualiserende persoon word gekenmerk deur 'n objektiewe waarneming van die realiteit, 'n aanvaarding van die self, ander, en die natuur; spontaneïteit en pretensieloosheid; toewyding aan 'n werk; behoefte aan privaatheid; vermoë tot outonome funksionering; 'n vars waardering en waarneming; die beleving van toppuntermomente; 'n sosiale verantwoordelikheid en belangstelling; sterk interpersoonlike verhoudings; demokratiese denke, en die vermoë om te onderskei tussen goed en kwaad; en kreatiwiteit. Allport (*in* Schultz, 1977) meen die volwasse persoonlikheid word gekenmerk deur 'n wyer betrokkenheid by verskeie aktiwiteite buite die self, warm verhoudings met ander, waaronder die vermoë tot intimiteit en mededoen, emosionele sekuriteit, objektiwiteit, vaardighede en bevoegdhede vir werk, selfobjektivering en 'n verenigende lewensfilosofie. Frankl (*in* Schultz, 1977) meen die selftransenderende mens word gekenmerk deur bewuste keuses vir gedrag en die dra van eie verantwoordelikheid daarvoor, belangrike waardes, die vermoë om vir iets buite die self om te gee, 'n toekomsgerigtheid, toewyding aan 'n werk, en die vermoë om liefde te gee en te ontvang.

Vanuit die persoonologie word wyd uiteenlopende beskouings oor die aard en kenmerke van psigologiese welsyn gegee, veral wanneer Oosterse en Westerse perspektiewe vergelyk word (Walsh & Shapiro, 1983). Hierdie beskouings bied stimulerende gedagtes, maar min van hierdie teorieë is egter geoperasionaliseer, en daar is weinig empiriese ondersoeke oor hulle geldigheid.

2.5.1.2 Psigologiese welsyn beoordeel vanuit bestaande modelle

Voortspruitend uit die bydraes van persoonlikheidsteoretici oor die kenmerke van optimale persoonlikheidsfunksionering, het skrywers toenemend begin fokus op aspekte van psigologiese optimalisering in mense, en het terme soos positiewe geestesgesondheid en psigologiese welsyn na vore getree. 'n Aantal modelle ter konseptualisering van die aard van

psigologiese welsyn is deur skrywers soos Baker en Intagliata (1982), Heath (1983), Seeman (1989, Witmer en Sweeney (1992) en Crose *et al.* (1992) voorgestel. Hierdie modelle vertoon twee gemeenskaplike kenmerke, naamlik dat hulle implisiet of eksplisiet 'n sisteem-teoretiese uitgangspunt neem, en dat doelbewus wegbeweeg word van die patogene benadering ten opsigte van geestesgesondheid, na 'n salutogene perspektief of psigologiese welsyn. Vervolgens sal enkele van die modelle kortliks beskryf word.

2.5.1.3 Baker en Intagliata se lewenskwaliteitmodel

Baker en Intagliata (1982) was verantwoordelik vir die evaluering van gemeenskapsondersteuningstelsels en –programme in New York. In hierdie omvattende taak het hulle verkies om die konstruk lewenskwaliteit te gebruik. In die ondersoek het die outeurs gebruik gemaak van van Bradburn (1969) se "Affect Balance Scale" as 'n meting van welsyn en 'n selfrapporteringsmeting van mense se tevredenheid ten opsigte van vyftien lewensdomeine. Die resultate het gelei tot die daarstel van 'n model van verhoudings tussen eksterne faktore, individuele ervaring, individuele gezondheidstatus en lewenskwaliteitsresponse. Die model bevat vier fokusareas (Baker & Intagliata, 1982):

Fokus 1: Fokus op die objektiewe omgewing van die mens. Dit verteenwoordig sosiale verskynsels en sosiale aanduiders van lewenskwaliteit.

Fokus 2: Fokus op wat plaasvind binne die persoon veral met betrekking tot die waargenome eienskappe van die fisiese omgewing. Hier word veral aandag geskenk aan mense se neiging om hul objektief gedefinieerde omgewing subjektief te herdefinieer en daarop te reageer. Hierdie lewensruimte het verskillende domeine wat mense as belangrik ag vir hulle lewenskwaliteit en wat hulle meestal verdeel in materiële sake, sosiale aspekte en aktiwiteite.

Fokus 3: Fokus op die ware toestand of graad van psigologiese welsyn en gezondheid. Die geestesgesondheid van die persoon met behoeftes, begeertes, kennis, aannames, waardes en houdings is hier van belang. Zaustra en Goodhart (*In Baker & Intagliata, 1982*) wys daarop dat dit nodig mag wees om waarnemings (fokus 2) en behoeftes (fokus 3) met mekaar te vergelyk, omdat die mate van tevredenheid in 'n persoon 'n verband mag hou met die mate van ooreenstemming of passing tussen waarnemings en behoeftes.

Fokus 4: Fokus op gedragssuiting vanweë die persoon se ervaring van verskeie omgewingsituasies. Mense hanteer omgewingseise en pas daarby aan. Hulle poeg egter nie net om pynlike lewenservaringe te vermy nie, maar streef ook na verhoogde vaardighede en om die omgewing te wysig.

Hierdie model dui nie op die spesifieke kenmerke van psigologiese welsyn nie en is eerder 'n breë konseptualisering van prosesse en faktore wat 'n rol speel in die bepaling van 'n individu se mate van psigologiese welsyn. Baker en Intagliata (1982) het nie toepassingsmoontlikhede vir die model uitgespel nie, maar dit wil voorkom asof hulle dit beskou as 'n operasionaliseringsraamwerk vir die konstruk lewenskwaliteit. Subjektiewe lewenskwaliteitsdimensies soos lewensdomein-tevreedenheid en die verband tussen ervaarde omgewing en innerlike behoeftes is verder ondersoek deur navorsers soos Larson *et al.* (1985) en Zautra & Reich (1983).

2.5.1.4 Seeman (1989) se model van positiewe gesondheid

Seeman (1989) ontwikkel 'n sisteemteoretiese konseptualisering van "positiewe gesondheid" wat psigologiese welsyn kan insluit. Klem word geplaas op 'n gesondheidsmodel met 'n pro-aktiewe benadering waar sterkpunte en copinghulpbronne bevorder word in 'n poging om patologie te voorkom. Hy definieer psigologiese welsyn as volkome fisiese, geestelike en sosiale welsyn eerder as die afwesigheid van 'n siekte soos wat dikwels in die siektemodel gedoen is. Seeman (1989) se oorkoepelende model plaas die fokus op interpersoonlike, ekologiese, kognitiewe, perseptuele, fisiologiese sowel as biochemiese aspekte wat elk 'n positiewe bydrae tot psigologiese welsyn lewer. Volgens hom kan die mens vanuit enige van bogenoemde invalshoeke benader word om sy psigologiese welsyn te verbeter. Sy navorsing toon aan dat intervensies op kognitiewe, interpersoonlike sowel as die fisiologiese subsysteme uitgevoer kan word. Hy beklemtoon veral die belang van die kognitiewe subsisteem met die klem op die individu se selfkonstruksie wat aspekte soos selfdefiniëring, selfpersepsie en gevoel van beheer in die onderhouding en bevordering van sy/haar gesondheid insluit.

Uit die navorsing wat Seeman gebruik om sy model te ondersteun, blyk dit dat positiewe gesondheid gedefinieer kan word in terme van empiries verkreeë kriteria van optimale toereikendheid in menslike-sisteem funksionering. Dit impliseer dat gesondheid nie vanuit die patogene benadering gedefinieer hoef te word nie. Kriteria vir die beoordeling van positiewe


gesondheid wat bruikbaar kan wees in 'n salutogene benadering tot navorsing en wat toepassingsmoontlikheide daarstel, kan uit die model afgelei word.

2.5.1.5 Witmer en Sweeney se holistiese model vir welstand en voorkoming oor die lewensloop

Witmer en Sweeney (1992) stel 'n model voor oor holistiese gesondheid wat as raamwerk gebruik kan word by die bevordering van welsyn. In hierdie model word verskeie kenmerke wat wenslik is vir optimale gesondheid onderskei. Hierdie kenmerke word uitgedruk deur vyf lewenstake, wat te make het met spiritualiteit, selfregulering, werk, vriendskap en liefde. Hierdie take is in 'n dinamiese interaksie met die sogenaamde lewenskragte waaronder familie, religie, opvoedingspraktyke, die gemeenskap, media, die regering van die dag en die sakewêreld. Globale lewensgebeure beïnvloed ook bogenoemde lewenstake en lewenskragte.

Hierdie model is interessant, maar bied weinig spesifieke riglyne oor die aard van psigologiese welsyn as sodanig. Witmer en Sweeney streef die welsyns-benadering na deur te fokus op gesonde aspekte van funksionering, maar dui ook potensiële oorsake van patologie aan. Dit lyk dus of die model wydsbeen staan oor die salutogene-patogene perspektiewe.

Diagram 3: Witmer en Sweeney (1992) se wiel van psigologiese welsyn en voorkoming



2.5.1.6 Crose, Nicholas, Gobble en Frank se multidimensionele sisteem-model vir voorligting

Crose *et al.* (1992) se model is 'n konseptuele raamwerk vir gebruik in die voorligtingpsigologie. Hulle beklemtoon die belangrikheid van ontwikkelings-, multikulturele; geslags- en ouderdomsverskille, asook van individuele sterktes, probleme, copingpatrone, aanpassingsvermoëns en potensiële groei en verandering in mense. Met behulp van hierdie veranderlikes en vanuit 'n sisteembenadering bied hulle 'n model vir psigologiese welsyn aan.

Die model inkorporeer sisteemprosesse van kibernetiese selfregulering en ontvouing en poog om 'n integrasie van sisteem-eienskappe te illustreer. Vier basiese aannames van die model word beklemtoon, naamlik: gesondheid is multidimensioneel, is veranderend, nie staties nie, is selfregulerend binne lewensdimensies en selfregulerend oor lewensdimensies.

Croase *et al.* (1992) poog om teorieë in verband met holistiese gesondheid, multidimensionele beoordeling, sisteem-eienskappe en geslagsverskille, in 'n multidimensionele sisteemmodel vir welsyn te inkorporeer. Die doel is om 'n omvattende, holistiese visie van welsyn te bevorder wat deur veral voorligtings- en menslike ontwikkelingsprofessies toegepas kan word. Van besondere waarde is dat die model nie alleen lewensdimensies uitlig nie, maar ook die rol aandui wat deur modererende veranderlikes soos geslag, ouderdom en kultuur gespeel kan word. 'n Tweede bonuspunt is dat die model gespesifiseer word vir praktiese gebruik deur 'n lys van kernkomponente binne elke lewensdimensie. Dit bevorder operasionalisering van die model.

Met die toepassing van 'n multidimensionele model soos dié van genoemde outeurs kan 'n gesondheidsprofiel saamgestel word waarin die positiewe sowel as negatiewe dimensies van 'n kliënt uitgewys word. Daarmee saam volg 'n groter bewustheid vir die dinamiese interaksie met ander lewensdimensies soos ouderdom, geslag en kultuur. Gevolglik kan 'n effektiewe behandelingsplan saamgestel word waarin op spesifieke probleemareas gekonsentreer kan word (Croase *et al.*, 1992).

'n Leemte van hierdie model is dat dit nie norme aandui vir watter gedrag of gedragsmanifestasies "normaal" is in elke domein van funksionering nie. Verdere empiriese navorsing in hierdie geval is nodig om vas te stel wat die bo- en ondergrense van gesondheid in elke domein is, sodat 'n individu se gedrag of funksionering aan die hand daarvan beoordeel kan word.

2.5.1.7 Brief, Butcher, George en Link se model van subjektiewe welsyn


Brief *et al.* (1993) onderskei twee breë teorieë van subjektiewe welsyn naamlik, die sogenaamde "bottom-up" en "top-down" teorieë.

Die "bottom-up" –teorie neem aan dat geluk bestaan uit die somtotaal van aangename en onaangename gebeure en momente. 'n Gelukkige individu is gelukkig as gevolg van oorwegend gelukkige ervarings. Lewenstevredenheid is dus die kombinasie van tevredenheid in verskillende lewendomeine soos familie, huwelik, finansies en behuising.

Die “top-down” –teorie poneer dat individue gepredisponeer is om positief of negatief op gebeure en ervaringe te reageer. Die wyse van reaksie word grootliks deur persoonlikheid bepaal. Met ander woorde globale dimensies van persoonlikheid bepaal die mate van lewenstevredenheid. ‘n Individue is gelukkig omdat hy die lewe kan geniet en nie noodwendig omdat hy meer aangename lewenservaringe beleef nie.

Die outeurs konseptualiseer ‘n integrasie van bogenoemde teorieë naamlik, dat globale persoonlikheidstrekke sowel as objektiewe lewensomstandighede ‘n invloed het op die wyse waarop individue hulle lewensomstandighede en gebeure interpreteer, en hierdie interpretasies beïnvloed weer ‘n individu se mate van lewenstevredenheid. In hierdie model van psigologiese welsyn word dus gehipotetiseer dat lewenskonteks en persoonlikheidsfaktore via kognitiewe interpretasies ‘n effek het op die mate van psigologiese welsyn of lewenstevredenheid.

Diagram 4: Brief et al. (1993) se geïntegreerde benadering tot psigologiese welsyn



2.5.1.8 'n Teoreties-Empiries gefundeerde perspektief op psigologiese welsyn (Wissing & Van Eeden, 1994)

Wissing en Van Eeden (1994) het 'n teoretiese en empiriese ondersoek geloods om verskeie konstrunkte wat geassosieer word met psigologiese welsyn te ondersoek. Deur middel van faktor-ontleding is verskeie faktore onttrek uit 'n groot aantal indekse wat operasionaliserings van diverse modelle en konstrunkte behels, wat as moontlike aanduiders van psigologiese welsyn beskou kan word. Die belangrikste faktor is 'n relatiewe sterk algemene psigologiese welsynsfaktor wat 14,21% van die variansie verklaar het. Hierdie algemene psigologiese welsynkonstruk is 'n kombinasie van spesifieke affektiewe-, gedrags-, kognitiewe- en interpersoonlike kwaliteite. Die belangrikste kenmerke daarvan:

- **Affek:** Positiewe gevoelens oorheers negatiewe gevoelens.
- **Gedrag:** Die ervaring van werksaamheid, belangstelling in werk en aktiwiteite, en 'n aanvaarding van uitdagings sonder die vermyding van probleme.
- **Kognisie:** Die lewe word gesien as verstaanbaar en sinvol, daar is 'n aanname of verwagting dat aan eise voldoen kan word, en globale lewenstevredenheid word ervaar; soos byvoorbeeld op eie subjektiewe kriteria.
- **Interpersoonlike verhoudings:** Sosiale ondersteuning word ervaar, vertroue ten opsigte van ander bestaan, ander se geselskap word geniet, en 'n gevoel van verbondenheid word ervaar.
- **Selfkonsep:** Die ervaring van selfwaarde en die vermoë om op eie regte te staan.
- **Afwesigheid van algemene simptome van 'n geestesversteuring:** Afwesigheid van intense angs, erge depressie of somatiese simptome.

Skale wat die hoogste op hierdie faktor gelaai het, is Antonovsky (1987; 1993) se Sense of Coherence Scale (SOC), Die Affektometer 2 (AFM-2) van Kammann en Flett (1983) en Diener *et. al.* (1985a) se Satisfaction with Life Scale (SWL) (vgl. hoofstuk 4 vir volledige omskrywing van hierdie meetinstrumente).

Die hoofkonstrukte onderliggend aan hierdie skale is die volgende:

- **Koherensiesin:** Dit word deur Antonovsky (1987, 1993) omskryf as 'n globale oriëntasie wat aandui in watter mate 'n persoon 'n durende maar dinamiese gevoel van vertroue het (i) dat die stimuli afkomstig van die interne en eksterne omgewings in die loop van die lewe gestruktureerd, voorspelbaar en verstaanbaar is, (ii) dat bronne beskikbaar is om te gebruik sodat aan die eise van hierdie stimuli voldoen kan word, en (iii) dat hierdie eise uitdagings is wat die moeite werd is om energie voor te investeer, en om by betrokke te raak. Koherensiesin bepaal 'n mens se posisie op die kontinuum van enersyds emosionele pyn en psigologiese wanfunksionering, en andersyds volle psigologiese welsyn, asook die mens se posisie tussen enersyds verdedigende strukture, en andersyds kreatiewe innerlike aanpassing en groei, en tussen onbewuste psigologiese verdedigingsmeganismes, en bewuste copingmeganismes.
- **Lewenstevredenheid:** Dit behels 'n kognitiewe beoordelingsproses en impliseer 'n globale evaluasie van 'n persoon se lewenskwaliteit volgens eie verkose kriteria (Diener, Emmons, Larson & Griffin, 1985a). 'n Persoon se beoordeling van tevredenheid met sy/haar lewe berus op 'n vergelyking van die persoon se omstandighede met 'n eie innerlike standaard en word nie ekstern bepaal nie. Lewenstevredenheid is dus nie afhanklik van eksterne faktore nie, maar van interne verwysings (Guttek, Allen, Tyler, Lau & Westat, 1983). 'n Verband tussen lewenstevredenheid, eiewaarde, optimisme, algehele lewenskwaliteit, copingvaardighede en afwesigheid van simptome van patologie is vasgestel deur Diener *et al.*, (1985b) asook Pavot en Diener (1993). Lewenstevredenheid as 'n komponent van psigologiese welsyn word aangetoon in byna alle gesaghebbende omskrywings van optimale geestesgesondheid (Campbell, 1981; Goldenson, 1984; Plug *et al.*, 1986).
- **Positiewe-Negatiewe Affekbalans:** Konseptualisering van positiewe en negatiewe affek in die kader van welsyn-navorsing is gegrond op die belangrike werk van Bradburn (1969) wat aangetoon het dat positiewe en negatiewe affek belangrike komponente van psigologiese welsyn is. Volgens Bradburn hou psigologiese welsyn onafhanklik verband met die belewing van negatiewe affek en met die belewing van positiewe affek, sowel as met 'n balans tussen beide gevoelstoestande, wat hy affekbalans noem en waarin 'n oorwegend positiewe affek dominant is. Die algehele vlak van welsyn word gekonseptualiseer as die mate waarin positiewe gevoelens die negatiewe gevoelens

oorheers (Bradburn, 1969; Diener, Larsen, Levine & Emmons, 1985, Kamman & Flett, 1983). Diener *et al.*, (1985a) het 'n verband tussen positiewe affek en eiewaarde, selfvertroue, optimisme en innerlike harmonie gevind, terwyl Emmons en King (1987) 'n positiewe verband gevind het tussen ambivalente gevoelsuiting en negatiewe affek, en 'n negatiewe verband tussen ambivalente gevoelsuiting en lewenstevredenheid.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word psigologiese welsyn na aanleiding van bogenoemde ondersoek van Wissing en Van Eeden (1994) gekonseptualiseer in terme van die mate van koherensiesin, lewenstevredenheid en positiewe-negatiewe affekbalans wat die Psigologiestudente wat aan die projek deelgeneem het, ervaar.

2.5.2 VERBANDE TUSSEN PERSOONLIKHEID EN PSIGOLOGIESE WELSYN

Die verbande tussen persoonlikheid en psigologiese welsyn is deur verskeie navorsers ondersoek (Daenere & McCona, 1993; Costa & McCrae, 1980; Elliot & Gramling, 1990 en Randall, 1996). Randall (1996) het met behulp van die Vyffaktormodel van persoonlikheid verbande ondersoek tussen psigologiese welsyn en die vyf hoofkomponente van die NEO PI-R (Costa & McCrae, 1992b). Positiewe korrelasies tussen Ekstraversie, Inskiklikheid en Konsensieusheid is gevind met psigologiese welsyn soos bepaal deur die Satisfaction with Life Scale (Diener *et al.*, 1985a). Neurotisme het negatief met psigologiese welsyn gekorreleer en slegs Openheid het geen betekenisvolle korrelasie getoon nie.

Costa en McCrae (1980) het gevind dat emosionaliteit, impulsiwiteit en woede met 'n daling in gelukkigheid en met hoë negatiewe affek korreleer. Neurotisme word sterker geassosieer met negatiewe affek. Geselligheid en aktiwiteit korreleer positief met positiewe affek terwyl positiewe affek weer sterker geassosieer word met Ekstraversie. Positiewe affek dui op psigologiese welsyn en bogenoemde studie vind dat Neurotisme en Ekstraversie geluk selfs na tien jaar akkuraat voorspel.

Ten opsigte van optimisme (wat onder Ekstraversie in die NEO PI-R ressorteer) vind Scheier en Carver (1987) dat optimisme psigologiese welsyn bevorder. Die outeurs hipotetiseer dat optimisme/pessimisme 'n direkte invloed op psigologiese funksionering het. Lazarus en Folkman (1984) beweer dat die verskil tussen optimiste en pessimiste daarin geleë is dat die optimis aanhou probeer terwyl die pessimis neerslagtig raak en moed verloor. Dit verklaar volgens hulle die verband tussen optimisme en psigologiese welsyn.

Volgens Schlosser (1990) word 'n groter sin van algemene welsyn ervaar deur individue wat gereeld fisiese oefeninge doen, deelneem aan gesondheidsbeskermende gedrag, meer sosiale ondersteuning geniet, wie se persoonlikhede getipeer word as "gehard" (Kobasa, 1982) en wat min angs en woede ervaar. 'n Betekenisvolle afname in psigologiese welsyn is gevind by individue wat woede inhou en wat gereeld huil. Om woede egter onbeheersd af te reageer lei nie tot 'n verhoging in psigologiese welsyn nie. Kobasa, Maddi en Kahn (1982) vind dat persoonlike gehardheid veroorsaak dat mense weerstand bied teen die negatiewe konsekwensies van stressore en dat humor psigologiese welsyn bevorder. Navorsing toon dat 'n sin vir humor verbind word met 'n positiewe selfkonsep, hoër vlakke van selfwaarde en 'n meer realistiese standaard vir die evaluering van selfwaarde (Martin, Kuiper, Olinger en Dance, 1993). Individue met 'n goeie sin vir humor hanteer stresvolle situasies op 'n meer direkte probleem-gefokusde wyse terwyl hulle terselfdertyd daarin slaag om emosionele afstand tussen hulle en die bron van stres te plaas. Hulle ervaar stres as 'n uitdaging eerder as 'n bron van kommer en angs, en het 'n meer realistiese siening van toekomsgerigte suksesse.

2.6 KONSEKWENSIES VIR DIE HUIDIGE ONDERSOEK

Bogenoemde bespreking van psigologiese welsyn hou konsekwensies in vir die huidige ondersoek naamlik, dat:

- die huidige ondersoek besonder relevant is omdat dit afgestem is op 'n studentegroep met nie-kliënt status, dit wil sê 'n groep wat teoreties as psigologies gesond beskryf sou kan word; en waarin vasgestel sou kon word of hul psigometriesse data die aanname bevestig;
- die doelwitte ten opsigte van verdere verhoging van hul graad van psigologiese welsyn relevant is vanweë die feit dat die studente almal waarskynlik toekomstige helpers is wat

ook deur die program verder voorberei sou kon word, indien hul bestaande vermoëns verder opgeskerp sou kon word.

2.7 SAMEVATTING

Vanuit die salutogene benadering word gevra hoe mense daarin slaag om te oorleef, gesond te wees en selfs te floreer, ten spyte van 'n fundamentele geneigdheid tot verval en 'n kroniese, lewenslange stresvrag. Gesondwees word beoordeel op 'n kontinuum met pole van algehele en optimale gesondheid tot totale siekte en patologie. Mense se posisie op hierdie kontinuum, asook faktore wat hul verskuiwing beïnvloed, word ondersoek. Dit wil voorkom asof die salutogene benadering die moontlikheid inhou om nuwe perspektiewe oor mense en die aard van hul fisiese en psigiese gesondheid en welstand vir die menswetenskappe en veral vir die psigologie te open.

Literatuur is deurskou op soek na verheldering van die aard van psigologiese welsyn. Persoonlikheidsteorieë en modelle van optimale funksionering is kortliks ontleed en daar is op spesifieke konstrakte gefokus wat met psigologiese welsyn verband hou, naamlik lewenstevredenheid, koherensiesin en positiewe affek soos gekonseptualiseer deur Wissing en Van Eeden (1994) en in die huidige ondersoek gebruik word. Uit die literatuurondersoek blyk dit dat daar nie konsensus bestaan tussen bestaande teorieë, modelle en konstrakte oor die aard van psigologiese welsyn nie, en dus word verdere navorsing genoodsaak.

Uit die bespreking van verbande tussen persoonlikheidsfunksionering en mate van psigologiese welsyn, blyk dit dat daar in die literatuur indikasies is van sulke verbande, maar dat hierdie ondersoeke nog hoofsaaklik in die patogene paradigma gekonseptualiseer en bestudeer word. Die studies neem ook nie die moontlike invloed van mediërende faktore in ag nie. Uit die literatuur blyk dit ook dat die moontlikheid bestaan dat sekere aspekte van coping/copinstrategieë medieër tussen aspekte van persoonlikheid en aspekte van psigologiese welsyn.

In die volgende hoofstuk sal verrykingsprogramme, musiekterapie en oudiopsigofonologie bespreek word.

HOOFSTUK 3

UDIOPSYGOFONOLOGIE: 'N VERRYKINGSPROSES GEBASEER OP MUSIEK EN GEOORSOPLEIDING

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die salutogene vertrekpunt van die huidige ondersoek, naamlik dat daar op psigologies gesonde proefpersone, in die vorm van voorgraadse psigologiestudente sonder kliëntstatus, gefokus word, verder gestruktureer en ontwikkel met verwysing na psigologiese verryking en musiekterapie, beide as nadere subkontekste vir die klankstimulasieproses inherent aan udiopsigofonologie, waarin laasgenoemde die swaartepunt van die hoofstuk vorm.

3.2 VERRYKINGSPROGRAMME

3.2.1 BEGRIPSOMSKRYWING: VERRYKING / PSIGOLOGIESE BEMAGTIGING

Verryking kan beskou word as 'n fasiliteringsproses waarin 'n funksionerende individu tot groter integrasie en 'n meer effektiewe, dus volwasse, funksioneringsvlak gestimuleer word. Sawin (1979) onderskei vier dimensies van hierdie proses, naamlik:

- **Voorkoming:** Dit veronderstel die voorkoming of bekamping van patologie en disfunksionele komponente reeds voordat dit in aanvang neem.
- **Verbreiding:** Dit plaas die fokus op die persoon of groep se inherente potensiaal deur besondere betekenis daaraan te koppel en sodoende produktiwiteit te bevorder en energie te genereer.
- **Aktualisering:** Dit is die verdere uitbou van effektiewe groei in die persoon, ten einde persoonsintegrasie en –vervulling te bevorder.
- **Groei:** Dit impliseer die fasilitering van groter volwassenheid en meer optimale funksionering.

Volgens Gazda (1984) is verrykingsprogramme iewers op 'n kontinuum geleë tussen opvoeding en terapie. Die verskil tussen verryking en opvoeding word soos volg verduidelik:

- Verryking is gestruktureerd net soos opvoeding, maar by verryking is dit die aktiwiteite wat deur die persone self verrig moet word wat gestruktureerd is.
- By verryking word daar nie net inligting deurgegee nie, maar die persone leer uit hulle ervaringe. Dit gaan dus nie net om die intellektuele bespreking en verklaring van konsepte nie, maar daar word gepoog om sekere interpersoonlike vaardighede te bemeester.
- Alhoewel verryking in sommige van sy voorskrifte opvoeding is, moet dit nie outoritêr, pedanties of doktrinêr wees nie.

Die verskil tussen verryking en terapie word deur L'Abate (1981) en Gazda (1984) soos volg verduidelik:

- Oor die algemeen is verryking meer gestruktureerd as terapie.
- Die tydsbeperking wat eie is aan verryking is oor die algemeen ook verskillend van terapie.
- Tydens terapie word die faktore wat kliënte verhinder om gestruktureerde vaardighede aan te leer gewoonlik beklemtoon, terwyl verryking slegs die klem laat val op die aanleer daarvan.
- Terapie beklemtoon die intervensie wat die terapeut moet maak om die huidige behoeftes van die kliënt te hanteer, terwyl verryking die klem plaas op die agenda wat deur die verryker aangebied gaan word.

Volgens Gutiérrez en Ortega (1991) behels psigologiese bemagtiging die verandering van selfpersepsie. Die outeurs konstateer dat hierdie proses die volgende aspekte insluit wat omskryf word as die ontwikkeling van 'n kritiese bewustheid ten opsigte van:

- die ontwikkeling van 'n gevoel van groepsidentiteit;
- 'n afname in selfblaming vir probleme;
- 'n verhoogde sin van verantwoordelikheid vir toekomstige gebeure; en
- 'n verhoogde gevoel van doeltreffendheid.

Fleury (1991) beskryf die potensiaal tot bemagtiging as 'n volgehoue proses van individuele groei en ontwikkeling, wat die stig van nuwe en positiewe gedragspatrone fasiliteer. Zimmerman, Israel, Schultz en Checkoway (1992) beklemtoon dat bemagtiging 'n proses is waardeur individue beheer oor hul lewens, asook kritiese insig in hul omgewing verkry. Volgens die outeurs hang die vorm wat psigologiese bemagtiging aanneem af van die konteks en populasie waarin dit bestudeer word. In die algemeen kan psigologiese bemagtiging die volgende komponente insluit, naamlik intrapersoonlike-, interaksionele- en gedragskomponente.

Volgens Parker en Price (1994) verwys bemagtiging na die siening dat die mens oor beheer beskik, dus die oortuiging dat besluite beïnvloed kan word. Bemagtiging handel hiervolgens oor 'n bepaalde persepsie, veral met betrekking tot beheer oor besluitnemingsprosesse. Psigologiese bemagtiging is dus 'n volgehoue proses van individuele groei en ontwikkeling, waardeur 'n kritiese bewustheid geskep word ten opsigte van intrapersoonlike-, interaksionele- en gedragskomponente, asook besluitnemingsprosesse; sodanig gefasiliteer dat dit tot verhoogde individuele en groepstatus lei, en ook nuwe, positiewe gedragspatrone tot gevolg het.

3.2.2 Tipes Verrykingsprogramme

Dit is nie die oogmerk om met hierdie ondersoek al die tipes verrykingsprogramme te verken nie en daar sal slegs verwys word na enkele programme. Verryking of groei kan op verskillende maniere gefasiliteer word, byvoorbeeld deur middel van individuele terapie, deelname aan werksinkels of ervarings in groepe. Gazda (1984) onderskei drie breë tipes groepe waarin fasilitering van groei kan voorkom, naamlik voorkomende groeiterapie, voorkomende groei- en remediërende groepe en remediërende groepe. Voorbeelde van voorkomende groeigroepe is groepsvoorligting, lewensvaardigheidsgroepe en opleidingsgroepe. Die voorkomende groei- en remediërende groepe is byvoorbeeld t-groepe, sensitiwiteitsgroepe, ontmoetingsgroepe en ontwikkelingsgroepe. Remediërende groepe is byvoorbeeld konvensionele groepsterapie. Gazda (1984) meen dat optimale funksionering bereik word wanneer 'n persoon die basiese lewensvaardighede operasioneel bemeester het. Hierdie lewensvaardighede kan baie effektief aangeleer word deur middel van klein-groepprogramme wanneer die lede gereed is daarvoor (Nienaber, 1992).

In aansluiting by bogenoemde bespreking kan die volgende modelle vir die fasilitering van gedragsverandering genoem word (Nelson-Jones, 1983):

- Simptoombehandeling, waarin gepoog word om negatiewe gedragsimptome weg te neem of te onderdruk.
- Milieubehandeling of terapie.
- Dinamiese tegnieke, waarin bewustheid en insig gefasiliteer word.
- Vaardigheidsopleiding, waarin gepoog word om gedrag direk te verander.

Voorhuwelikse, huweliks- en gesinsverrykingsprogramme (Pretorius, 1982; Venter, 1988) word vir persone met 'n relatief gesonde funksionering aangebied. Persone met ernstige verhoudingskrisisse, of diegene wat terapie verlang, word uitgesluit. Die sentrale fokus is die verbreding van kommunikasievaardighede, die hantering van konflik, die emosionele lewe en seksualiteit. Die vlak van intervensie is op die sisteem in sy geheel gefokus en daar word gepoog om deur middel van die tipe intervensie die persoon se vlak van interpersoonlike funksionering te verryk en te verbreed (Olivier, 1993).

Die rol van verryking word op verskeie terreine van hulpverlening waargeneem, en het positiewe groei en optimale funksionering as grondslag (Venter, 1988; Henning, 1986; Pretorius, 1982; Valdes & McPherson, 1987). Daar is wegbeweeg van patologie en etikettering met voorkoming en verbreding as sentrale motief. Op die terrein van die student in die RSA is daar verskeie verrykingsprogramme aangebied, byvoorbeeld: 'n Studentevoorligtingsprogram (Du Plessis, 1986), 'n program vir die fasilitering van studenteontwikkeling (Nienaber, 1992), 'n logoterapeutiese verrykingsprogram vir eerstejaardamestudente (Henning, 1986), selfbeeldvorming (Howcroft, 1986), die ontwikkeling van die algemene eerstejaarstudente aan die PU vir CHO (Van der Walt, 1987), 'n mensmodelleringsverrykingsprogram (Malan, 1990) en 'n Gestalt-verrykingsprogram vir afstuderende studente (Olivier, 1993).

3.2.3 VERRYKINGSVERWANTE IMPLIKASIES VIR DIE HUIDIGE ONDERSOEK

Samevattend is die volgende aspekte relevant vir die huidige ondersoek:

- Die groepformaat van verrykingsprogramme is van belang onder andere omdat OPF se koste-effektiwiteit geleë is in die moontlikheid om 'n aantal persone tegelykertyd die voordeel van die klankstimulasie te kan bied. In die geval van die huidige ondersoek kon tien proefpersone op dieselfde tydstip die program deurloop.
- Die bewussynsverruimingsrasionaal van verrykingsprogramme is eweneens relevant omdat die klankstimulasie in oudiopsigofonologie ook die potensiaal tot bewussynsverruiming en luisterverruiming impliseer.
- Die fokus op ontwikkeling van insig en psigologiese groei wat eie is aan verrykingsprogramme is ook eie aan OPF in die beklemtoning van die mens as luisterende wese (Tomatis, 1980) wie se ouditiewe struikelblokke verwyder behoort te word, ten einde die volle potensiaal en bewussyn te kan stimuleer (Tomatis, 1980).

Oudiopsigofonologiese verryking maak gebruik van klankstimulasie deur middel van musiek wat ten nouste aansluiting vind by musiekterapie as terapeutiese- en verrykingsintervensies. Hierdie tegnieke vind aansluiting in die bogenoemde model van Nelson-John (1983) wat as dinamiese tegnieke ten doel het om bewustheid en insig te fasiliteer. Daar sal derhalwe kortliks verwys word na musiekterapie in die algemeen.

3.3 MUSIEKTERAPIE

Aangesien OPF grootliks van bepaalde musiekstimuli gebruik maak, en die terapeutiese aanwending van musiek 'n eie konteks impliseer, naamlik musiekterapie, word die bespreking daarvan verder ingelui met 'n bondige verwysing na die terapeutiese aanwending van musiek.

Volgens Bull (*In* Gidish, 1998) was die mag van musiek en die vermoë daarvan om te genees nog altyd 'n wesentlike deel van die mens. Musiekterapie is 'n baie spesifieke aspek van die gebruik van musiek as genesing. Dis die voorgeskrewe aanwending van musiek en musiekingryping om algemene welstand te herstel, te onderhou en te verbeter.

Musiekterapie in die moderne era het na die Tweede Wêreldoorlog in die VSA inslag gevind, waar dit as genesing vir terugkerende soldate ingespan is. Asemhalingspatrone, hartslag en die ingebore ritme vir die mens self kan verander word deur die ritme van musiek, en so ook die patrone van bringolwe en ander liggaamsfunksies aldus Bull (*in* Gidish, 1998).

3.3.1 TEORETIESE FUNDERING VAN MUSIEKTERAPIE

3.3.1.1 Definisies van musiekterapie

Om 'n enkele aanvaarbare definisie vir musiekterapie te kry is net so moeilik as om een definisie vir musiek of psigoterapie daar te stel. Die definisie hang dikwels saam met en word bepaal deur die spesifieke benadering wat gevolg word. Die huidige ondersoeker wil uit die volgende paar definisies 'n bruikbare omskrywing vir die doel van hierdie navorsing formuleer.

Benezon (1981:3) bied twee definisies, uit 'n wetenskaplike sowel as 'n terapeutiese oogpunt. Wetenskaplik omskryf hy musiekterapie soos volg: *"Music therapy is a branch of science that deals with the study and investigation of the sound-man complex, whether the sound is musical or not, so as to discover the diagnostic elements and therapeutic methods inherent in it"*. Uit 'n terapeutiese oogpunt word musiekterapie beskryf as: *"... a para-medical discipline that uses sound, music, and movement to produce regressive effects and to open channels of communication that will enable us to start the process of training and recovering the patient for society."*

Du Toit (1986:1) sien musiekterapie as "eksakte hulpdiens by die versorging van die sieke" en omskryf dit soos volg: *"Musiekterapie is die beplande aanwending van musiek, sy komponente en hulle invloed op die mens om behulpsaam te wees by die fisiologiese, sielkundige en emosionele integrasie van die individu tydens die behandeling van 'n siekte of gestremdheid"*.

Schulberg (1981:13) haal die Nasionale Assosiasie vir Musiekterapie (NAMT) se definisie (1977) aan. Hiervolgens is musiekterapie die gebruik van musiek in die bereiking van terapeutiese doelwitte, die herstel, handhawing en verbetering van psigologiese en fisiologiese gesondheid.

Dit is die sistematiese aanwending van musiek soos voorgeskryf deur die musiekterapeut in 'n terapeutiese omgewing om verlangde veranderinge in gedrag te bewerkstellig. Hierdie veranderinge stel die individu in staat tot groter begrip van homself en sy wêreld, en lei tot 'n meer aanvaarbare aanpassing in die gemeenskap.

Bunt (1994:6) verwys na 'n definisie van die Australiese Assosiasie vir Musiekterapie (AAMT): *"Musiekterapie is die beplande gebruik van musiek ter bereiking van terapeutiese doelwitte by kinders en volwassenes met spesiale behoeftes as gevolg van sosiale, emosionele, fisiese of intellektuele probleme"*. Die term terapeutiese doelwitte, is volgens die outeur ook die fokuspunt van 'n definisie geformuleer deur die NAMT naamlik, dat Musiekterapie die gebruik is van musiek ter bereiking van terapeutiese doelwitte: die herstel, handhawing en verbetering van psigologiese en fisiologiese gesondheid.

Volgens die huidige ondersoeker kan die volgende aspekte uit hierdie definisies geabstraheer word:

- die persoonlike en subjektiewe aard van musiekterapie, juis omdat musiek subjektief ervaar word;
- die medium, wat bestaan uit musiek met sy unieke elemente asook die gebruik van klank;
- die sistematiese, beplande aanwending daarvan deur middel van instrumente of sang, beweging saam met musiek of die selektiewe beluistering van musiek;
- die doel, naamlik om tot die ontdekking van diagnostiese elemente te lei, asook terapeutiese ingrepe met die doel om fisieke en psigiese gesondheid te bevorder en gedragsverandering mee te bring; en
- die belang van 'n terapeutiese omgewing en die klem op die terapeutiese verhouding.

'n Gebruiksdefinisie sou dus volgens die huidige ondersoeker soos volg daar uitsien:

Musiekterapie is die aanwending van georganiseerde klank of musiek binne 'n ontplooiende terapeut/kliënt verhouding, ter verbetering van fisiese, psigiese en sosiale welsyn wat:

- gedragsverandering meebring deur beter begrip vir die self en omringende werklikheid,
- psigologiese groei fasiliteer en beter aanpassing bewerkstellig.

3.3.1.2 Tipes musiekterapie

Die tipe musiekterapie kan onderskei word op grond van die doel daarvan, die model wat gevolg word en die tegnieke wat gebruik word. Die volgende soorte musiekterapie word onderskei (Bunt; 1994, Bunt & Hoskyns; 1987; Heal & Wigram, 1993; Wigram *et. al.*, 1995):

- **Agtergrondmusiekterapie:** Dit behels die speel van spesifieke agtergrondmusiek. Dit word onder andere aangewend in hospitale, tandheelkundige- en chirurgiese intervensies.
- **Beskouingsmusiekterapie:** Hierdie musiekterapie veronderstel die persoon se bekendheid met die sinrykheid van die kunste in die algemeen en dan musiek in die besonder. Luister na spesifieke geselekteerde musiek vorm die basis. Elke sessie word voorafgegaan deur inligting oor die komponis. Na die speel van die musiek word daar gesels oor die emosies wat die musiek ontlok het.
- **Gekombineerde musiekterapie:** 'n Voorbeeld hiervan wat dikwels in die literatuur aangedui word, is bewegingsterapie/musiekaktiwiteite. Ook die gebruik van musiek saam met visuele beelding met die oog op assosiasie en fantasie-aktiwiteite word vermeld en verder die gebruik van musiek saam met kunsterapie. In die laaste instansie word musiek ook dikwels saam met biblioterapie gebruik.
- **Uitvoerende musiekterapie:** Dit berus op individuele of kollektiewe sang of bespeling van instrumente, en is van die algemeenste tegnieke in musiekterapie. Hierdie tegnieke stel hulle veral ten doel om selfbeeld te verbeter en selfwaarde te verhoog.
- **Kreatiewe musiekterapie:** Dit is die tipe wat die meeste aandag in individuele- en groepsterapie ontvang en waar die doelstellings van die terapie die duidelikste uitgespel kan word. Die proses hiervan behels katarsis, terapeutiese dialoog, insig en psigologiese groei.

3.3.2 DIE TOEPASSING VAN MUSIEKTERAPIE

Volgens Gianluigi (1993) kan musiek gebruik word as 'n meer of minder gestruktureerde taal om beter verhoudings deur middel van kommunikasie te bewerkstellig, of met die doel om kommunikasie te verbeter. Die effektiwiteit van musiekterapie word soos volg deur die outeur opgesom: *"... it stimulates emotions through dramatisation with emotional reassurance, and it opens up new communication channels"* (Gianluigi, 1993:83). Die outeur verwys ook na die waarde van musiekterapie in die opening van kommunikasiëkanale met gehospitaliseerde psigotiese pasiënte.

Wethered (1993) ondersoek die rol van musiekterapie in verskillende terapeutiese situasies wat individueel of groepsgegewys toegepas kan word by persone met leer-, fisiese- of psigologiese probleme. Sy konsentreer op die rol van musiekterapie in die hantering van stres, en argumenteer dat musiekterapie suksesvol is in die hantering daarvan. Volgens haar is die potensiaal vir die gebruik van musiekterapie in die voortydige identifisering van stresverwante probleme/simptome belangrik om sodoende te verhoed dat dit in ernstige psigologiese of fisiologiese toestande ontwikkel.

'n Besondere bydrae tot die musiekterapieliteratuur is dié van Wigram, Saperston & West (1995). Hulle resultate fundeer die terapeutiese waarde van musiek ten opsigte van die biologie, geneeskunde, psigiatrie en psigologie. Toepassingsterreine van musiekterapie aldus dié outeurs is:

- Die effek van musiek, vokalisasie en vibrasie op die brein- en spierweefsel.
- Benaderings tot musiekterapie in psigiatrie, met die klem op die verstandelik "siek" bejaardes.
- Korttermyn verbale- en musikale geheue by skisofrenie.
- Musiekterapie met verstandelik gestremde kinders.
- Musiekterapie in die opvoedkundige dienste, onder andere navorsing met outistiese kinders en hul ouers.
- Individuele musiekterapie met die outistiese kind.

- Musiekterapie vir leerprobleemgevalle met selfbeseerende gedrag.
- Musiekterapie in die hantering van verlies.
- Hantering van Alzheimer se siekte.
- Die rol van musiekterapie in die hantering van stres.

Alridge (1993:35) beskou musiekterapie vanuit 'n mediese perspektief en verskaf die volgende opsomming: *"The principal emphasis of research reviewed is on the soothing ability of music and the value of music as an antidote to an overly technological medical approach"*. Sekere areas waar musiekterapie suksesvol toegepas word, is onder andere:

- Manipulering van die hartklop en bloeddruk.
- Verligting van angs by kanker pasiënte.
- Pynhantering.
- Rehabilitering van persone met neurologiese probleme.
- Kognitiewe en motoriese aantasting by bejaardes.
- Persone met taalversteurings, veral as gevolg van breinskade na 'n hooftrauma.

Gonzales (1989) beskryf 'n musiekterapeutiese ondersteuningsprogram by die geboorte proses in terme van (i) spanningsvermindering en ontspanning tydens swangerskap, (ii) pynhantering tydens die kraamproses, en (iii) pre- en post-natale stimulasie/ontspanning deur middel van musiek en verbalisasie om die ontwikkeling van die baba te bevorder. Die program poog om stresvermindering te fasiliteer vir die "working-mother-to-be" sowel as 'n positiewe moeder-kind interaksie in die post-natale periode.

Die Musiek Terapie Assosiasie van Suid-Afrika bestaan reeds meer as 25 jaar en het deurgaans bly streef na erkenning vir musiekterapie as 'n geregistreerde professie by die Suid-Afrikaanse Mediese en Tandheelkundige Raad. Hierdie erkenning is onlangs behaal. Hoewel daar tans nog relatief min bekende geregistreerde musiekterapeute in Suid-Afrika is, is daar talle professionele mense, onder andere sielkundiges, wat musiek as terapie aanwend. Die gebruik van musiek as terapie behaal groot sukses op verskeie gebiede: by kindergeboortes, onder kinders met leerprobleme of ontwikkelingsteurings soos outisme, onder kinders wat mishandel of die slagoffers van geweld was, by geriatrisse toestande soos Alzheimersindroom, as deel van hospiesse werk, en onder pasiënte wat hartaanvalle of hoofbeserings gehad het (Bull, in Gidish, 1998).

3.3.3 MUSIEKTERAPEUTIESE IMPLIKASIES VIR DIE HUIDIGE ONDERSOEK

Samevattend is die relevansie van musiekterapie vir die huidige ondersoek veral geleë in die volgende implikasies:

- Die belang van die terapeut-kliënt verhouding in musiekterapie is eweneens van groot belang in OPF in die opsig dat oudiopsigofonologiese stimulasie nie slegs 'n onpersoonlike tegniese gebeure tussen 'n persoon en 'n stel elektroniese apparaat veronderstel nie, maar wel terapeutiese begeleiding wat afgestem is op die kliënt se behoeftes, dog sonder om afhanklikheidsbindinge (dit wil sê oordragsituasies in die psigodinamiese sin) te skep.
- Die differensiële waarde van verskillende musiekstimuli byvoorbeeld klanke wat opwek teenoor klanke wat kalmeer is eweneens in OPF van besondere belang en word bespreek onder Fase 2: Die fase van gefiltreerde klanke (vgl. 3.4.6).
- Die kombinasie van musiekstimuli en ander tegnieke byvoorbeeld kleispel ensovoorts, wat met musiekterapie gedokumenteerd is, kan soortgelyk in die veld van OPF aangewend word, byvoorbeeld waar kliënte onder die luister na musiek kan teken, skryf of collagewerk doen.
- Die wesenlike verskil tussen musiekterapie en OPF is egter die feit dat nie slegs musiek nie, maar ook 'n elektroniese apparaat, naamlik die elektroniese oor (vgl. 3.4.5) wat gebruik word ten einde die swaartepunt van die musiek na die sfeer van die hoë frekwensies te verplaas, en sodoende die stimulasiepotensiaal van die musiek verder uit te brei.

3.4 OUDIOPSIGOFONOLOGIE

3.4.1. HISTORIESE AGTERGROND

Die werk van Alfred Tomatis, Franse oor-, neus- en keelspesialis, psigoloog en opvoeder, het tot 'n revolusionêre impak gelei wat betref die begrip van die oor, transformasie van menslike luister en 'n deurbraak tot gevolg gehad in die verbetering van leervermoë, kommunikasie, taal, musiek, kreatiwiteit en die selfesteem (Tomatis, 1980). Ongeveer 40 jaar gelede het Tomatis sekere ontdekkings gemaak wat gelei het tot die ontwikkeling van Oudiopsigofonologie (OPF) of te wel die Tomatismetode. Hierdie metode word omskryf deur verskillende begrippe, naamlik ouditiewe opleiding, gehoorsopleiding, ouditiewe stimulasie en luisterterapie. Hierdie begrippe verwys na die doel van die Tomatismetode naamlik, om die wyse waarop mense luister her op te voed met die oogmerk tot verbetering van leer- en taalvermoëns, kommunikasie, kreatiwiteit en sosiale gedrag (Van Jaarsveld, 1982; Sollier, 1996; Gilmor, 1989).

Oudiopsigofonologie is 'n neologisme wat stapsgewys met die ontwikkeling van Tomatis se teoretiese raamwerk en terapeutiese benadering vergestaltung gekry het. As oor-neus- en keelspesialis het hy aanvanklik wyd vertakte navorsing oor oudiologie gedoen, vandaar die term "oudio". Omdat hy ook goed ingewy was in die Paryse operawêreld, het hy in sy mediese praktyk uitvoerig kennis gemaak met en navorsing gedoen oor fonasieprobleme, en so het hy "oudio-fonologie" tot stand gebring (Van Jaarsveld, 1980). Hy het onder andere ontdek dat daar 'n treffende ooreenkoms tussen 'n persoon se gehoorsvermoë en sy fonasie bestaan: 'n stem kan slegs daardie frekwensies produseer wat die persoon se oor korrek kan hoor. Die oorsaak van stemprobleme hoef nie slegs in die larinks te wees nie, maar dikwels in die gehoor, het hy bevind (Tomatis, 1980; s.a.). Hy kon egter nie al sy vrae vanuit die mediese wetenskap beantwoord kry nie, en het hom vervolgens in die psigologie verdiep. Die koppelteken wat "oudio" en "fonologie" geskei het, is deur die term "psigo" vervang - vandaar oudiopsigofonologie (Van Jaarsveld, 1982) .

Hierdie denkrigting het ontwikkel tot 'n nuwe wetenskap wat die onderlinge verband en wisselwerking tussen die mens se gehoor (oudio), sy psigologiese instelling (psigo) en sy kontrole oor spraak en taal (fonologie) bestudeer. Dit bestudeer die mens as 'n holistiese eenheid en is daarop gemik om sekere norme in die lewenskuns te hervestig (Tomatis, 1991; van Jaarsveld, 1982; Madaule, 1993).

Tans word die Tomatisemete in meer as 250 sentrums wêreldwyd gebruik. Hierdie sentrums staan onder leiding van opgeleide personeel op die terreine van die psigologie, geneeskunde, opvoedkunde, spraakterapie, arbeidsterapie en musiek. In Suid-Afrika staan hierdie sentrums ook bekend as Silalele (Zoeloe vir "Ons luister"). Hier val die klem daarop om die musiek in mense lewens terug te bring, veral die klank van 'n persoon se stem, volgens Levinson (in Gidish, 1998) wat aan die hoof van die Johannesburgse Silalele-sentrum staan. Die sentrum te Unica-skool in Pretoria word uitsluitlik vir outistiese kinders gebruik, maar die ander sentra in Johannesburg, Kaapstad en Potchefstroom is oop vir die publiek. By almal word die beginsels van die Parys-gebaseerde Tomatis-sentrum nagevolg: die gebruik van Mozart-musiek, gefiltreerde moederspraak en Gregoriaanse gesange om emosionele, geestelike en fisiese gesondheid en welstand te bevorder.

3.4.2 DIE EKSPERIMENTELE GRONDSLAG EN TOMATISWETTE

Die navorsing wat tot Tomatis se teorie van oudiopsigofonologie gelei het, is veral deur die volgende faktore beïnvloed:

- as Direkteur van 'n Franse Laboratorium vir Akoestiese Fisiologie het hy uitgebreide empiriese navorsing gedoen oor die invloed van geraas op die gehoor, en veral geraas wat tot beroepsdoofheid lei.
- as seun van 'n operasanger was hy goed ingewy in die milieu van beroepsmusici en sangers; en het hy veral belanggestel in die foniatrie; en
- as oor-, neus- en keelspesialis en chirurg het hy 'n praktyk opgebou wat aan hom die geleentheid gebied het om sy eksperimentele bevindings en kliniese waarnemings terapie te kon toepas (Tomatis, 1991; Van Jaarsveld, 1981).

Beroepsdoofheid toon 'n kenmerkende verloop, naamlik die progressiewe vermindering van hoëfrekwensiewaarneming. Die beroepsdowe kan nog hoor, maar sy oor kan nie spraak analiseer nie. Tomatis het mense behandel wat tydens die tweede Wêreldoorlog aan hoë vlakke van geraasbesoedeling onderworpe was, byvoorbeeld werkers in wapenfabrieke. Hy het agtergekom dat, hoewel hulle nie doof was nie, almal 'n verlies aan bepaalde gehoorfrekwensies opgedoen het. Sangers wat hulle sangstemme verloor, lei dikwels aan gehoorsgebreke soortgelyk aan dié van die beroepsdowe.

'n Treffende ooreenkoms bestaan tussen gehoor- en stemkurwes. Hierdie bevinding wat bekend staan as die "Tomatis-effek", het tot die formulering van sy eerste wet gelei: *"Die stem produseer slegs dit wat die oor kan hoor"* (Tomatis, 1978:57; Van Jaarsveld, 1981:4).

Hierna het Tomatis sy navorsing gerig op 'n metode om die verlore ouditiwe frekwensie aan die sanger deur middel van elektroniese filters terug te besorg en kon hy uiteindelik 'n tweede wet formuleer: *"Wanneer aan die gehoor die vermoë gegee word om verlore frekwensies weer korrek waar te neem, verskyn hierdie frekwensies ook onmiddellik en onbewus in die stemuiting"* (Tomatis, s.a.:7; Van Jaarsveld, 1981:4).

Die elektroniese sisteme wat later bekend geword het as die Elektroniese Oor, het 'n ouditiwe selfkondisioneringsproses moontlik gemaak (Van Jaarsveld, 1981). Op die wyse is die gehoorsgedrag vanaf 'n passiewe akkommodasie tot 'n aktiewe deelname gedwing en dit het gelei tot 'n derde wet: *"Dit is moontlik om die fonasie met behulp van 'n ouditiwe stimulasie binne 'n gegewe tydperk te verander"* (Tomatis, s.a.:7).

3.4.3 BELANGRIKE TEORETIESE KONSEPTE EN AANNAMES


In die afdeling word kortliks die volgende aspekte bespreek:

- Die oor as humaniseringsintuig
- Die oorsprong van die luisterfunksie
- Die leidende oor
- Die ontstaan van luisterverarming
- Die oor as energiegewende sisteem
- Gehoorsopleiding as "klankterapie", klankstimulasie oftewel oudiopsigofonologiese opleiding

3.4.3.1 Die oor as humaniseringsintuig

Illustrasie 1: Skematiese voorstelling van die gehoorsintuig in vertikale aansig

(oorgeneem uit Tomatis, s.a.:10)




Volgens Tomatis (1980; 1991) is die luisterproses en veral luister soos deur taal moontlik gemaak, van primêre belang vir oudiopsigofonologie. Enersyds veronderstel taal en denke, naamlik die "vergeestelike woordinhoud", 'n luistervermoë by die mens, maar andersyds, is taal ook die bevestiging van die luistervermoë en gee taal oorsprong aan die gebruik van die oor as 'n luisterapparaat. Dit impliseer weer 'n unieke organisasie van die senuweesisteem. Luister is dus 'n handeling van die hoogste orde en het sy oorsprong in die mees komplekse breinfunksie. Die oor (vgl. illustrasie 1) versamel nie slegs klankstimuli waaraan betekenis geheg word en wat tot denke lei nie, maar dit versamel ook inligting verantwoordelik vir die koördinering van die vestibulêre deel van die labirint in die oor. Hiermee word die vertikale liggaamshouding en kinestetiese beweging bevestig (Van Jaarsveld, 1982). Tomatis (1980) wys daarop dat verskeie funksies van die oor net so belangrik is en in ag geneem moet word. Een van die belangrikste funksies van die oor is die vestibulêre funksie (vgl. illustrasie 2). Die vestibulum, wat deel is van die binne-oor, beheer balans, koördinasie, vertikaliteit, musiektoon

en die oogspiere. Met behulp van die vestibulum word 'n liggaamsbeeld in die ruimte gevorm en hiermee word die vertikale liggaamshouding en kinestetiese beweging bevestig. Die vestibulum is ook 'n belangrike geleier van alle sensoriese inligting wat via die liggaam na die brein gestuur word, aldus Tomatis (1979, *in* Foucard, 1997).

Illustrasie 2: Skematiese voorstelling van die vestibulêre of somatiese integreerder

(oorgeneem uit Tomatis, 1979 *in* Foucard, 1997:29)



Volgens Van Jaarsveld (1980) benadruk Tomatis dit dat 'n idee wat deur taal uitgedruk word, liggaamlik gestruktureer moet word, omdat dit steun op 'n "neuroniese argitektuur" wat vanaf 'n akoesties-semantiese geheel gekodeer word. Binne hierdie raamwerk word veral die verband tussen lees en skryf en die "drie integreerders" beklemtoon, naamlik: (i) die vestibulêre of somatiese integreerder, (ii) die visuele integreerder en (iii) die ouditiewe integreerder. Veral die vestibulêre sisteem blyk besondere betekenis te hê vir die integrasie van al die sensoriese modaliteite wat verband hou met lees en skryf (Tomatis, 1980; Feinberg, 1981).

Die vestibulêre sisteem behels die vestibulêre nuklei in die breinstam en die vestibulêre reseptore in die binnerige labirint van die binne-oor. Een groep vestibulêre reseptore reageer op swaartekrag en die ander groep reageer op beweging. Die vestibulêre sisteem is dus baie sensitief vir enige posisionele verandering of beweging. Die sisteem oefen ook 'n kragtige integrasie-invoed uit op die brein. Dalende impulse langs die rugmurg vorm 'n interaksie met ander sensories-motoriese impulse om behulpsaam te wees met die liggaamshouding, balans en beweging. Stygende impulse na hoër breinvlakke vorm interaksies met taktiele, visuele, ouditiewe en proprioseptiewe impulse om te voorsien in waarneming, ruimtelike verhoudings en oriëntasie in die ruimte (Van Jaarsveld, 1981).

Volgens Van Jaarsveld (1974) wil Tomatis dus hiermee beklemtoon dat dit die beleefde en deurleefde liggaam is wat swanger is aan psigologiese betekenis. Taal, vertikaliteit en lateraliteit vorm vir hom die drie gevoeligerste sisteme vir die siel-liggaamdialoog. Hiermee bedoel hy dat:

- taal deur die gehoor verwerklik word,
- vertikaliteit sy ewilbrium in die oor vind, en
- lateraliteit deur die oor georganiseer word.

Volgens van Jaarsveld (1982) het Aristoteles die oor beskryf as “die poort tot die psige”. Tomatis neem hierdie siening verder deur sy beskouing van die oor as die sisteem wat by uitnemendheid bydra tot die menslikheidswording van die mens (Tomatis, 1980; Madaule, 1993). Hiermee bedoel hy die volgende:

- deur die oor vind ontwaking van die luisterproses en inisiëring van denke plaas;
- die sinuïglike modaliteite (ouditief, visueel en kinesteties) wat noodsaaklik is vir taal (gesproke, gelese en geskrewe) word deur die oor gesentraliseer en geïntegreer,
- die oor dien as energiegewende bron op kortikale vlak en verskaf dus psigiese energie;
- as inisieerder van taal dwing die oor 'n dinamiese balans op die twee hemisfere af waardeur serebrale dominansie en lateralisasie van funksies neergelê word; en
- deur sy vestibulêre deel word 'n vertikale liggaamshouding en vorming van 'n liggaamsbeeld daargestel.

3.4.3.2 Die oorsprong van die luisterfunksie en begeerte tot kommunikasie

Tomatis beskou motivering as die sleutel tot die integrasie van inligting afkomstig van die sensoriese modaliteite. Die begeerte tot kommunikasie en die binding tot verhoudings ontwikkel gelyktydig en dien as 'n wedersydse stimulus vir beide moeder en kind. Hierdie proses ontstaan reeds prenataal (Tomatis, 1978). Die fetus as kondisioneerbare wese word beïnvloed deur informasie afkomstig van die moeder wat in dialoog tree met die fetus deur haar geestelike en liggaamlike kontak met hom. Die belangrikste van hierdie kontakte is die deur klank. Spysverteringsprosesse en die hartklop van die moeder, maar veral haar stem, oefen 'n sterk kondisionerende invloed uit. Die fetus word dus omring en deurweek deur die moeder se stem. Die fetus heg begrip aan die affektiewe komponente asook die tonaliteit en ritme in die moeder se stem. Van Jaarsveld (1974:114) stel dit soos volg: *"Die empatiese terugkoppelingsmoontlikhede tussen moeder en fetus vorm ook die basis vir die simbiotiese verhouding tussen moeder en kind"*. Die behoefte tot kommunikasie word dus reeds op voorgeboortelike vlak neergelê en vorm 'n basis waarop die nageboortelike taalontwikkeling kan groei. Die verhouding van die vader en moeder tot mekaar vorm 'n belangrike en integrale deel tot hierdie ontwikkelingsaspek. Tomatis beklemtoon dat die ouers as dialoogvoerende twee-eenheid in die psige van die kind afgeëts word en 'n invloed uitoefen op alle funksioneringsvlakke van sy persoonlikheidsstruktuur. Soortgelyk aan Tomatis voer Janov (1994) ook die ontstaan van menslike probleme terug na die prenatale staat.

Ter aansluiting by bogenoemde bespreking postuleer Tomatis reeds vroeg in sy loopbaan dat die fetus hoor en derhalwe na sy moeder se stem luister. Dit beteken dat luister reeds in die baarmoeder begin (Stutt, 1983). Sederdien het wetenskaplike navorsers hierdie aanname bevestig. Peiper (*in* Shetler, 1989) rapporteer dat 'n vyf weke oue fetus met vinnige bewegings reageer op harde klanke afkomstig van buite die moeder se liggaam. Volgens Sontag (*in* Shetler, 1989) reageer die fetus die beste op laer frekwensies (200hz – 4 000hz). Die oor is die eerste sintuig wat ten volle funksioneer wanneer die fetus maar slegs vier en 'n half maande oud is (Shetler, 1989). Truby (1971) rapporteer dat 'n ses maande oue fetus sy liggaam beweeg volgens die ritme van die moederspraak.

Gebaseer op 'n uitgebreide oorsig van die wetenskaplike literatuur het Tomatis (1980) bevind dat die moederstem nie slegs emosionele voeding vir die kind bied nie, maar ook die kind voorberei om taal aan te leer na geboorte. Vanuit die literatuur kan steun gevind word vir hierdie aanname. Clauser (1971) bespreek byvoorbeeld die ontwikkeling van die stem en

spraak as deurlopende lyn deur die embrionale-, fetale- en suigelingstadium. Die outeur beklemtoon die noue verband tussen stembou en affektiewe komponente, maar beskou ritme as die grondfenomeen van die lewe. Die ontwikkeling van die vestibulêre apparaat in die binne-oor is reeds volkome gedifferensieërd en funksioneer ook volkome by 'n fetus van vier sentimeter. Die vestibulêre senuwee ontvang reeds in die vierde maand na bevrugting sy miëlienskede, terwyl miëlienisasie van die gehoorsenuwee teen die sesde swangerskapsmaand intree (vgl. Van Jaarsveld, 1981).

Tomatis (1978;1994) onderstreep dit dat die fetus se gehoor aangepas was in 'n watergeleidingsmedium en na geboorte stelselmatig aan 'n luggeleidingsmedium gewoond moet raak. Die neonaat herken egter steeds die stembuigings en ritme van sy moeder se stem. Tomatis beskou die eerste fase van spraakontwikkeling, die affektiewe stadium van oudiovokale kondisionering, as van groot belang. Van Jaarsveld (1981:6) stel dit soos volg: *"Dit is inderdaad die oorspronklikste in die kondisionering van die gehoor en is bepalend vir 'n behoefte om in-die-wêreld-te-wees"*. Hierna volg die stadium waar die eie stemuitstraling en gehoor ontdek word. Die monoloog met die moeder word nou verder ontwikkel met 'n dialoog. Hierdie proses ontstaan spontaan en vinnig lank voordat die ledemate gebruik kan word. Klanke word gedupliseer en die balansering van hierdie herhalings, lei volgens Tomatis die begin van lateraliteitsontwikkeling in (Tomatis, 1980; Van Jaarsveld, 1981).

3.4.3.3 Die leidende oor


Tomatis (1991) het eksperimenteel vasgestel dat daar 'n voorkeur oor is, die leidende oor wat bestem is vir die spesiale en meer eksakte kontrole. Die regteroor is kiberneties in die mees gunstige posisie om die linker hemisfeer te bedien. Onder normale omstandighede sal die regteroor die leidende oor word in die luisterproses. Lateraliteit as geheel sal dus ook neig om na regs te ontwikkel (Tomatis, 1978). Omdat kontra-laterale senuweebindinge sterker is as ipsi-laterale senuweeverbindinge, is die linker hemisferiese taalverteenvoordiging dus fasiliterend vir regter sensoriese en motoriese beheersisteme (Van Jaarsveld, 1982). Weens sy kontralaterale verbinding met die linker hemisfeer behoort die regteroor altyd hierdie funksie te vervul. Hy kom tot die volgende gevolgtrekkings:

- Lateraliteit is noodsaaklik vir volwaardige taalontwikkeling.
- Taal noodsaak lateraliteitsbevestiging.
- Lateraliteit is noodsaaklik vir die sensoriese kontrole van die selfluisterproses.
- Hierdie kontrole word unilateraal beheer en dien as voorwaarde vir bewuste, willende sensoriese kennis bekend as gnosis.
- Unilaterale regulering is 'n voorwaarde vir bewuste kennis van 'n handeling, bekend as praksis (Tomatis, 1978; Van Jaarsveld, 1978).

Lateraliteit impliseer dus daardie ontwikkelingstadium wanneer die denke die liggaam as instrumentele voorwerp leer ken en gebruik, wanneer die kind dus "handig" word maar ook meester word van sy taal en 'n keuse moet uitoefen tussen drie weë: regs, links of 'n middeweg (Van Jaarsveld, 1982). In dié sin, ken Tomatis aan die regter hemisfeer die rol van instrument (soma) toe. Die linker hemisfeer het volgens hom die funksie van vertolker of kunstenaar (psige) wat die instrument moet bespeel. So gesien is lateraliteit die harmonieuse dialoog tussen die psige en sy soma. Harmonie tussen die twee veronderstel egter nie dominansie nie, maar balans. Probleme in hierdie harmonieuse dialoog lei tot probleme van tyd-ruimtelike organisasie, wat 'n neiging tot somatisering van angs tot gevolg kan hê en derhalwe die vatbaarheid vir psigosomatiese siektetoestande kan verhoog (Tomatis, 1972; Van Jaarsveld, 1982).

Die kortikale opdrag tot vokaal-motoriese response begin gelyktydig by albei serebrale hemisfere. Die senuweebane wat deur die twee neuronbane gevolg word, verskil egter in lengte, weens die anatomiese asimmetrie inherent aan die twee inferieure laringeale senuwees. Die regter terugkerende laringeale senuwee volg 'n roete onder om die subklavikulêre arterie na die regterkant van die larinks. Die linker terugkerende senuwee is langer as die regter een en daal af in die toraks, volg 'n roete onder om die aorta en styg dan weer verikaal op om by die linkerkant van die larinks aan te sluit (vgl. illustrasie 3). Die verskil in die lengte van die twee senuwees het tot gevolg 'n verskil in die aflewering van impulse aan die larinks (Van Jaarsveld, 1981; Madaule, 1993).

Illustrasie 3: Skematiese voorstelling van die terugkerende laringeale senuwees
(oorgeneem uit Madaule, 1993:43)



Tomatis wys daarop dat dieselfde senuwees wat die middelloorspier beheer, ook betrokke is by spraakproduksie. Reeds vroeg in sy werk het Tomatis die leidende oor se funksie in die beheer van spraak ontdek (Madaule, 1993). Die baba tree in dialoog deur duplisering van klanke byvoorbeeld, mamma, pappa en doedoe. Soos reeds genoem word die balansering van hierdie herhalings gesien as die inleiding van lateraliteitsontwikkeling. Duplisering van lettergrepe vind plaas omdat die twee laringeale stimuli uit verskillende hemisfere ontspruit. Volgens Tomatis gee hierdie onderliggende asimmetrie uiteindelik aanleiding tot 'n kortikale asimmetrie en 'n spesialisering van die linker hemisfeer vir taal, omdat die regterroete die kortste bane volg. Die taalontwikkeling en -gebruik gee dus aanleiding tot die vestiging van dominante senuweebane, voorts tot serebrale dominansie en lateraliteit (Madaule, 1993; Van Jaarsveld, 1981).

Volgens Tomatis staan die regteroor in verband met die "aktiewe dinamiek, die opening na die toekoms, die nastreef van die sonbeeld, die ontdekking van die vader, die intuïsie van "die Skepper" (Tomatis, s.a). Die vader word dus, volgens Tomatis, aan die regterkant "begryp". Hy simboliseer die toekoms, wording en is die draer van die Woord. Die moeder word aan die linkerkant "begryp". Sy simboliseer die verlede, die ou tendense en die regressiewe elemente. 'n Versteuring in die kind se belewing van die twee ouers in hulle polêre balans, impliseer ook 'n versteuring in die polêre balans tussen regs en links (Van Jaarsveld, 1974).

OPF-stimulering het ten doel om die regteroor meer te stimuleer. Deur middel van die elektroniese apparaat word die klank na die linkeroor stelselmatig verminder en sodoende ontvang die regteroor meer klankstimulasie ten einde 'n regteroordominansie te bewerkstellig.

3.4.3.3 Die ontstaan van luisterverarming

Vir Tomatis is dit logies dat taalontwikkeling (spraak-, lees-, skryftaal) aan remminge blootgestel sal wees by die onvolwaardig- gelateraliseerde of die na links- gelateraliseerde persoon. Die voordeel van die na regs- gelateraliseerde, is die feit dat die regteroor die inkomende ouditiewe informasie vinniger prosesseer as die linkeroor. Ouditief regs- gelateraliseerdes is instaat om die parameters van stem en spraak beter te kontroleer naamlik, intensiteit, frekwensie, ritme en vloei van sinne (Sollier, 1996). Die Tomatis-metode bied die geleentheid om die regteroor meer effektief te gebruik wat resulteer in beter kontrole en beter kommunikasie wat lei tot verbeterde selfbeheer en selfvertroue. Verskeie onafhanklike navorsers (Sollier, 1996) wat die Tomatis-metode met hakkelaars ondersoek het, het bevind dat regsgelateraliseerde proefpersone 'n superieure kapasiteit tot spontane en toepaslike relatering tot emosionele stimuli ervaar. Hierdie persone toon ook 'n groter ekstroverte oriëntasie, is meer responsief en in beheer van hul emosionele response; is minder vatbaar vir angs, spanning, frustrasie en aggressie. Hierdie bevindinge is in lyn met die voorspellings van die Tomatis metode rakende lateraliteit (Van Jaarsveld & Du Plessis, 1988).


In dié verband beklemtoon Tomatis (*in* Foucard, 1997) dat die volgende moontlikhede in ag geneem moet word (vgl. illustrasie 4):

- Die koglea funksioneer nie langer as 'n bevredigende gehoororgaan nie, en gehoor word minder goed gekontroleer, wat tot gevolg het dat: (i) luggeleiding verswak, (ii) die twee luggeleidingskurwes kan assimetries word, (iii) die beengeleidingskurwe is nie in harmonie met die vorm van die luggeleidingskurwe nie en (iv) distorsies word gevind in een of beide pare luggeleiding- of beengeleidingskurwes, of in enige van die kurwes, enkel of gekombineerd. Daar is soveel moontlikhede as wat daar periferiese tekens van foutiewe koördinasie van die verskeie elemente van die middelloor is.
- Die integrasie op die vlak van die sentrale senuweesisteem kan verswak as gevolg van problematiek op verskeie vlakke en veral op die vlak van die thalamus. As resultaat kan die projeksie op die temporale area nie effektief plaasvind nie. Dit kan weer lei tot selektiwiteitsblokkeringe.

- Foutiewe lokalisasie van klank in die ruimte kan voorkom.
- Vanweë die funksionele onrypheid van die verskillende integreerders, kan die “dialog” van die twee hemisfere verswak. Dit kan weer aanleiding gee tot somatiese projeksie, koördinasieprobleme en onvolledige lateralisasie.

Illustrasie 4: Skematiese voorstelling van die kogleêre integreerder

(oorgeneem uit Foucard, 1997:30)



Die dramas van die lewe, die affektiewe terugslae, die oerlike of sosiale beperkings en soms fisiologiese tekortkominge veroorsaak dat die kind hom afsluit van die “luisterwêreld”, die heelal van kommunikasie. Tomatis (1973:11) stel dit verder: *“No longer willing to listen, he introduces distortions and fadings; he lengthens the response circuits to enable himself to withdraw from those who make him suffer, from those he doesn't want to meet. But then he remains a prisoner of these tricks and dodges which, at one time, permitted him to defend himself against the aggressions of the outside world. He will find himself locked in behind closed doors which he can no longer open”.*

Volgens Bull (*in* Gidish, 1998) ly die moderne mens in 'n groot mate aan "swak spysvertering" van die oor. Weens die daaglikse oorlading van klank en stimulering, en omdat daar geen ruimte in die mens se kop oorbly om nog meer in te neem nie, hou die individu op om te luister, bloot ter wille van oorlewing. "Ons ore is soos gange na die siel, maar ons bewuste ingesteldheid op gehoor word grotendeels afgeskeep", aldus Bull (*in* Gidish, 1998:20). Die simptome is baie merkbaar in die samelewing, byvoorbeeld die gebrek aan kommunikasie binne die gesin, eggenote wat ophou om na mekaar te luister, of na wat hul kinders werklik op die hart het. Die mens het selektiewe gehoor ontwikkel en die enigste manier om dit reg te stel, is om die tyd te vind om weer behoorlik te begin luister; om erkenning te gee aan die innerlike musikale wese, om die klanke wat die mens omring opnuut te begin waardeer, om na die liggaam te luister, om die musiek weer in die lewe te verwelkom, en om musiek as selfgenesing aan te wend (Bull, 1990). Omdat mense selektiewe gehoor ontwikkel het en letterlik afskakel wanneer hulle wil, beklemtoon Levinson (*in* Gidish, 1998) dat mense moet leer om aandag te gee, en die vermoë om te luister herwin. Die Tomatis-metode dwing die mens om juis dit te doen, om te luister na dinge wat hy nie wil hoor nie, om dit te konfronteer en daaraan aandag te gee en dit in die lewe op te neem. Eers dan kan die mens begin genees. Dié metode herstel ook die vermoë om te fokus en stel die mens in staat om deur klankstimulasie weer te luister aldus Levinson (*in* Gidish, 1998:22).

3.4.3.4 Die oor as energiegewende sisteem

Die oor dien ook as energiegewende sisteem vir die brein (Tomatis, 1973; Madaule, 1993; Sollier, 1996). Tomatis maak die stelling dat reeds gedurende die fetale lewe, strukturalisering van die hele senuweesisteem teweeggebring word deur die koppeling van die vestibulêre deel van die oor met die korteks. Van die eerste impulse wat die ontwikkelende fetus ontvang, is afkomstig vanaf die vestibulêre apparaat, wanneer die eerste beweging gemaak word. Die oor is dus ook die setel van die mens se bewussyn van homself. Wanneer die fetus beweeg, word hierdie impulse vanaf die labirint na die fetale brein gestuur via die sensoriese nuklei van die breinstam. Die noue verband tussen die oor, die retikulêre formasie en die korteks, en die stimulerende invloed op die korteks wat tot verhoogde aktiwiteit, spiertonus en sensitiwiteit lei, word algemeen aanvaar (Van Jaarsveld, 1981).

Volgens Tomatis lewer hoë frekwensieklanke energie aan die brein, waar lae frekwensieklanke energie dreineer. Vir hierdie rede noem hy die hoë frekwensieklanke

“opwekkingsklanke”. Lae frekwensieklanke is geneig om die liggaam moeg te laat. Die klanke laat die liggaam beweeg deur aktivering van die semi-sirkulêre kanale van die vestibulum. Indien hierdie klanke voortduur, word die liggaam voortgedryf tot ‘n punt van uitputting. Hierdie effek word maklik waargeneem by persone wat geneig is om na popmusiek te luister. Verder noteer die outeur dat die mens beter en vir langer tydperke kan fokus, konsentreer, organiseer, memoriseer, leer en werk wanneer die brein “opgewek” is (Madaule, 1993).

3.4.3.5 Gehoorsopleiding as “klankterapie”, klankstimulasie oftewel oudiopsigofonologie

3.4.3.5.1 Die apparaat: Die elektroniese oor (EO) (“Aurelle”)

Die elektroniese apparaat (EO) is ‘n komplekse elektroniese apparaat wat gebruik word as sentrale hulptegniek in oudiopsigofonologiese opleiding. Die apparaat is deur Tomatis ontwerp om te voldoen aan die terapeutiese implikasies van die gestelde wetmatighede (vgl. 3.4.2) naamlik, (i) die stem produseer slegs wat die oor hoor, (ii) indien die defektiewe oor herstel sou kon word tot die vermoë om die verlore of versteurde frekwensies korrek waar te neem, word laasgenoemde onmiddellik en onbewus in die vokale uiting herstel, en (iii) die toediening van gehoorsprikkels vir ‘n bepaalde periode, modifiseer beide die gehoor en die stemuiting. Die apparaat is toegerus met ‘n mikrofoon by die inset en oorfone by die uitset, en is in staat om akoestiese energie te modifiseer met behulp van versterkers, filters en hekbeheersisteme. ‘n Gewysigde klankspektrum kan sodoende aangebied word (Van Jaarsveld, 1973).

Die prosedure bestaan daaruit dat akoestiese energie deur die apparaat gemodifiseer word en die gewysigde klankspektrum na die kliënt se ore teruggevoer word. Die bron van energie mag verskillende vorme inhou byvoorbeeld, hooggefiltreerde moederspraak, hooggefiltreerde musiek (teen 8 000hz) , Gregoriaanse gesange, gefiltreerde frikatiewe of die kliënt se eie stem. Vanaf die klankbron word die sein versterk waarna dit in vier verdeel: een vertakking gaan na ‘n meter wat die klankpeil aandui; ‘n ander gaan na die hekbeheerstroombaan wat die ander twee vertakkings naamlik, die hekke van kanaal 1 en kanaal 2 beheer. Die hekbeheer is sodanig dat in die ongeaktiveerde toestand daarvan, die hek in kanaal 1 oop is en die hek in kanaal 2 toe is. In die geaktiveerde toestand is die hek in kanaal 1 toe en in

kanaal 2 oop. In beide kanale is daar effenaars om die klankspektrum wat na die kliënt se ore teruggevoer word te wysig. Die modifikasie wat teweeggebring word deur die effenaar van kanaal 1, kan vergelyk word met die massavibrasie- of dalende kurwe van 'n ontspanne tensor tympani en stapediusspier, terwyl die modifikasie wat teweeggebring word deur die effenaar van kanaal 2, weer vergelyk kan word met die molekulêre vibrasiekurwe of stygende audiometriesse kurwe wat 'n toniese middelloorspiersisteem impliseer (Van Jaarsveld, 1973).

Die outeur verwys na verskeie ondersoeke wat bevestiging bied vir die aanname dat die geleidingsstelsel van die middelloor verander as gevolg van die sametrekking van die middelloorspier. Hierdie navorsing bied dus ook ondersteuning vir die aanname wat Tomatis huldig naamlik, dat indien die middelloorspier tot 'n toniese toestand gekondisioneer sou kon word, 'n stygende gehoorskurwe by die kliënt bevestig kan word (Tomatis, 1972).

Volgens die audiopsigofonologiese benadering impliseer auditiewe opleiding deur middel van die elektroniese apparaat, dat die middelloorspier gekondisioneer word tot 'n staat van aanpassing tot die klankomgewing. Die individu herwin dus die vermoë om klank waar te neem sonder versteurings, sowel as die vermoë om klank meer presies te analiseer. Kondisionering van die middelloorspier word verkry deur die alterasie van die kanaal van klankstimuli van 'n lae deurgangsfILTER wat die ontspanning van die spiere verseker, en van 'n hoë deurgangsfILTER wat die middelloorspier laat saamtrek. Die verandering van een kanaal na die ander word outomaties gekontroleer. 'n Progressiewe vermindering van intensiteit na die linkeroor geskied gesamentlik met die bogenoemde prosesse. Die aanname word gehuldig dat die regteroer geforseer word om die leidende oor te word (Van Jaarsveld, 1974; Madaule, 1993).

Die oor wat aan traumatiese invloed onderwerp is of nog onderwerp word, mag sensoriese auditiewe inset streng selekteer sodat 'n deel van die normale menslike auditiewe spektrum vir sodanige individu verlore is, of minstens geen betekenis inhou nie. Hierna word verwys as "geslote selektiwiteit". Deur die herhaalde of gedwonge toediening van klanke wat tot nog toe nie gehoor nie, of verkeerd gehoor is, word 'n modifikasie van beide gehoor en spraak teweeggebring. Hierna word verwys as 'n "geopende selektiwiteit" (Van Jaarsveld, 1973:4).

'n Verdere terapeutiese doel is om ouditiwe lateraliteit na regs te bevestig, sodat by die selfkontroleproses, die kiberneties gunstigste neurale roete gevolg kan word. Daarom word met die verloop van die terapeutiese program die elektroniese apparaat so ingestel dat die regteroor meer en meer gekondisioneer word om sy verantwoordelikheid as leidende oor te aanvaar.

Die elektroniese oor (EO), maak dus 'n ouditiwe selfkondisionering moontlik, waardeur die gehoor gekondisioneer word vanaf 'n passiewe akkomodasie aan klank (hoor), tot 'n aktiewe deelname daaraan (luister).

Die apparaat en samestelling van programme is volledig beskryf deur Tomatis (1991: 58-63).

3.4.3.5.2 Die metode

Die Tomatis-metode werk gelyktydig op drie vlakke aldus Tomatis (s.a.) en Madaule (1993):

1. Funksionele vlak

Die EO maak die ontwikkeling en verbetering van luistervermoëns moontlik. Hierdie apparaat word gebruik om beide reseptiewe luister en kontrole van die stem te verbeter. Die EO verbeter reseptiewe luister deur klanke wat gemodifiseer word sodat dit in die hoër frekwensie spektrum aangebied word. Die kontrole van die stem (selfluister) word verbeter wanneer die kliënt taalklanke deur 'n mikrofoon in die EO maak, waar dit verrek word in die medium en hoër frekwensies en teruggevoer word na die luisteraar se ore deur middel van die oorfone. Dit bied die geleentheid aan die persoon om sy stem te hoor soos 'n "goeie" oor dit sal hoor. Dit is op hierdie vlak wat musiekvermoëns verbeter kan word, vreemde aksente in taal verminder en die aanleer van 'n nuwe taal gefasiliteer kan word deur die Tomatis-metode (Tomatis, s.a.).

Na 'n aantal ure (vanaf 60 – 100 in die meeste gevalle) van luister- en selfluisterstimulasie, kan behoorlike luistervermoëns permanent gevestig word. Elke persoon se program word deur 'n terapeut gemonitor, vir die aanleer van die korrekte liggaamsposisie om sodoende optimale luistervermoëns, stem- en spraakproduksie te verseker (Tomatis, 1980)

2. Emosionele vlak

In omstandighede waarin 'n persoon se begeerte om te luister en te kommunikeer verarm is, byvoorbeeld as gevolg van 'n moeilike prenatale ontwikkeling, traumatiese geboorte, vroeë skeiding met die moeder en gesondheidsprobleme tydens die baba- en kleuterjare, bied die metode besondere emosionele verligting vanweë die effek van die gefiltreerde klanke tydens die terugkeer na klanke van die prenatale omgewing. Tydens hierdie "klankreis" na die prenatale fase, word die kliënt opnuut aan al die fases van sy/haar luisterontwikkeling blootgestel om uiteindelik 'n meer positiewe emosionele brug daaroor te kan bou (Tomatis, 1991). Die duur van elk van die fases wissel van kliënt tot kliënt. Dit word bepaal deur die terapeut wat die veranderinge tydens die verloop van die program ten nouste monitor.

3. Rasionele vlak

Kinders met gedragsprobleme of leerprobleme is 'n groot kommernis vir ouers, onderwysers en die skoolsisteem. As gevolg van die wye spektrum probleme wat die kinders ervaar, word verwarring in hul omgewing geskep. Ouers ontvang terapie om hulle te help om hul kinders se verskuilde problematiek te verstaan, om te voldoen aan die eise van groeiende kinders in 'n kommunikatiewe wêreld. Adolesseente en volwassenes ontvang terapie tydens die verloop van die program om beter begrip te verkry tot die veranderinge wat hul ervaar, en om hulle te help om te fokus op die nuwe perspektiewe wat behoorlike luister- en kommunikasievermoëns bied (Tomatis, 1991; s.a.).

3.4.4 DIE VERLOOP VAN DIE FASES IN TERME VAN DIE HUIDIGE OUDIOPSIGOFONOLOGIESE VERRYKINGSPROGRAM

Soos aangedui deur bogenoemde literatuurstudie word oudiopsigofonologie nog op die tradisionele domein van patologie aangebied, met ander woorde ter wille van verbetering of genesing van simptome. In die huidige ondersoek word die proses toegepas op psigies gesonde persone, dit wil sê studente wat nie professionele hulp ontvang nie, en word daar vanuit die salutogene benadering uitgegaan naamlik verbetering van intrapsigiese- en interpersoonlike funksionering, verbetering van luistervermoëns asook psigologiese welsyn.

Die proses bestaan uit twee aspekte: die opvoeding van die gehoorsfunksie met behulp van elektroniese apparate en gefiltreerde klanke, en gepaardgaande begeleidende gesprekke. Die oudiopsigofonologiese proses bestaan uit vyf fases naamlik:

- Die fase van omgekeerde musiekgeboorte
- Die fase van gefiltreerde klanke
- Die fase van soniese geboorte
- Die pre-linguistiese fase
- Die fase van taalintegrasie

In die bespreking word kortliks gelet op die drie fases wat in hierdie ondersoek gebruik is naamlik, die fase van omgekeerde musiekgeboorte, die fase van gefiltreerde klanke en die aktiewe fase.

- **Fase 1: Omgekeerde musiekgeboorte**

Hierdie fase word beskou as 'n voorbereidingsfase vir die proses van gefiltreerde klanke (Tomatis, 1980). Met verloop van tyd het Tomatis (Tomatis, 1980; Tamm, 1997) ontdek hoe mense op gefiltreerde klanke reageer en watter potensiële waarde daaruit spruit, sodat die individu stap-vir-stap voorberei en opgevoed behoort te word vir hierdie voorgeboortelike luisterproses. Die stelselmatige gereedmaking verseker 'n begin met meer selfvertroue en verhoog die kanse vir sukses. Die proses behels derhalwe die geleidelike blootstelling aan progressief meer gefiltreerde klanke tot die kliënt na ongeveer 20 sessies gereed is om na klank wat met tot 8 000hz gefiltreer is, te luister.

- **Fase 2: Die Fase van Gefiltreerde Klanke**


Vir die doel van hierdie fase word gebruik gemaak van gefiltreerde opnames van Mozart se vioolkonserte en Gregoriaanse gesange. Die opgewekte vioolklanke van Mozart dra by tot 'n energieke gevoel terwyl die Gregoriaanse gesange weer ontspannend van aard is.

Gregoriaanse gesange het ander helingseffekte buiten die "opwekking" van die brein. Dit het nie 'n tempo of ritme nie. Die ritme word geïnduseer deur 'n psigologiese ritme, soos die respirasie en hartklop van 'n rustende, ontspanne persoon. Hierdie gesange verskaf energie en innerlike vrede. Dit hou die liggaam en gedagtes in 'n staat van kalm wakkerheid

(Madaule, 1993). Die outeur verwys ook na die universele kwaliteite van gefiltreerde Mozart-klanke: " *Die musiek van Mozart ontspan die ooraktiewe en angstige persoon, maar verskaf energie aan die moeë, depressiewe persoon*" (Madaule, 1993: 64). Tamm (1997) konstateer dat die musiek van Mozart 'n innerlike ritme besit wat aanklank vind by die hartklop van 'n fetus, teen 120 slae per minuut. Minson, 'n psigiater en Tomatis-praktisyn spreek hom soos volg uit: "Wanneer jy na Beethoven en Tsjaikowski luister, ervaar jy hoe dit was om Beethoven of Tsjaikowski te wees. Wanneer jy na Mozart luister, bring hy jou in voeling met wie jy is". (in Gidish, 1998:22).

Die klanke (gefiltreer teen 8 000 hz) skep 'n simulase van die prenatale klankomgewing, wat in terme van die teorie van OPF aspekte van die prenatale geborgenheid sal heraktiveer. Die proses geskied deur 'n gesimuleerde prenatale belewing van geborgenheid. Vir die doel word verkieslik van gefiltreerde moederspraak gebruik gemaak, dog indien nie beskikbaar nie (soos in die geval van hierdie studie), van gefiltreerde opnames van Mozart se vioolkonserterne en Gregoriaanse gesange. Volgens Tomatis (1991) is die musikale temas wat die rykste is aan hoë note die effektiwste vir gebruik as plaasvervangers van die moederstem. Hierdie hoë note bereik die area van die binne-oor waar die gekonsentreerde selle verantwoordelik is vir kortikale herlaaiing (vgl. illustrasie 5).

Illustrasie 5: Skematiese voorstelling van die binne-oor en die middel-oor
(oorgeneem uit Madaule, 1993:49)



Die luister na hooggefiltreerde klanke bied enersyds 'n kalmerende effek ná die emosionele ontladings, maar andersyds ook 'n stimulerende effek en 'n deblokkering van die ouditiwe sensoriese inset. Selfs al was die kliënt se prenatale lewe onrustig as gevolg van moederlike probleme, kan die gefiltreerde moederspraak/musiekopnames steeds 'n kalmerende invloed uitoefen, op grond van die funksie van die elektroniese oor. Die rede daarvoor is die kondisioneerbaarheid van die middeloorspiersisteem. Die optimale aanpassing van die oor by die klankgeleiding word verseker deur die sametrekkende aksie van die middeloorspiere, naamlik die timpaniese spier en die stapediusspier. Dit staan ook bekend as die akkomodasieteorie van die middeloorspiere. Die teorie het ontstaan na analogie van die proses van akkomodasie by die oog. Dit veronderstel dat die individu willekeurig in staat is om sekere klanke te selekteer. Die teorie veronderstel 'n samwerking tussen die twee spiere op so 'n wyse, dat hulle kapasiteit as strukturele en funksionele antagoniste in staat is om fyn aanpassing van die ketting van gehoorsbeentjies te verseker. Dit word vandag aanvaar dat sametrekking van die timpaniese spier die fisiese eienskappe van die geleidingsisteem van die middelloor verander en veranderinge in die akoestiese impedans intree (Van Jaarsveld, 1974; 1982).

Gefiltreerde klanke is ook verantwoordelik vir 'n toenemende stimulasie op kortikale vlak, omdat gefiltreerde klanke in die orgaan van corti in die binne-oor omgesit word in energie-impulse wat uiteindelik die hele korteks dinamiseer. Die blootstelling aan gefiltreerde klank het dus ook 'n energiegewende invloed wat veral vir die geblokkeerde, beangste individu belangrike steun verskaf in sy wordingsproses (vgl. Madaule, 1993; Du Plessis, 1980).

Volgens Tomatis is hierdie klanke besonder voordelig vir die verwerking van psigiese trauma, omdat die hooggefiltreerde klanke betekenisloos is, en dus enige blokkades wat op thalamiese vlak mag voorkom, kan penetreer, ten einde die hoër kortikale area, insluitende die assosiasie- en geheue-areas te stimuleer (Tomatis, 1978) (vgl. ook Brink 1966:70).

Dit is dan ook belangrik om tydens hierdie fase elke kliënt se luistertoets in ag te neem. Iemand wat sterk linkeroor dominant is, is geneig om meer emosioneel en angstig te wees. Hier moet die regteroor sterker gestimuleer word as die linkeroor. Die persoon wat sterk regteroor dominant is, is weer geneig om gedistansieër te wees van sy emosies wat weer weerklank vind in sy/haar kommunikasie. Dit is dan hier nodig om die linkeroor sterker te stimuleer as die regteroor (Tamm, 1997).

Betreffende die begeleidende gespreksessies word in hierdie fase gekonsentreer op relevante agtergrondsgebeure, verhoudingslewe en belewinge tydens die luistersessies. Daar is gepoog om selfbegrip te bevorder en ook 'n klimaat van ontvanklikheid jeens die moontlikhede van die projek te skep. Klem is geplaas op die skepping van positiewe, realistiese verwagtinge aangaande die projek. Selfverantwoordelikheid vir die uitkoms van die projek is deurgaans onderstreep. Tydens hierdie fase is die proefpersone gewaarsku dat die klank sou verander en dat hulle tydens dié fase bedag moet wees op enige gedagtes, gevoelens of selfs fisiese sensasies.

- **Fase 3: Die Aktiewe Fase / Oudiovokale Fase**

Vanaf die dertigste sessie word kliënte versoek om gedurende een uit elke vier sessies ongeveer tien minute hardop te lees. Die proses geskied voor 'n mikrofoon en behels dat die kliënt se stem na die elektroniese oor teruggevoer word, ten einde die stem in die middel- en hoë frekwensie te versterk. Die resultaat is dat die kliënt sy/haar stem op 'n gewysigde manier waarneem. Op die wyse is die kliënt instaat om: (i) sy/haar eie stem duidelik te kan waarneem, en gevolglik, (ii) sy/haar stem effektiewer te begin gebruik in kommunikasie en (iii) progressief te begin ervaar dat klank nie slegs 'n funksie is van stembandgebruik nie, maar dat die hele liggaam daarvoor gebruik word.

In die proses oefen die persoon sy/haar oudiovokale vermoëns onder leiding van die elektroniese oor. Op die wyse word verskeie aspekte van doeltreffende kommunikasie geoefen: deur die regteroor progressief meer te stimuleer, word die ouditiewe lateraliteit steeds sterker op die regteroor afgedwing, word die oor se analiseringsvermoë geoefen, en deur aktiewe luister na die eie spraakproduksie, word die persoon in staat gestel om homself te "ontmoet". In die proses bou hy/sy ook meer doelbewus aan 'n verbale en liggaamlike selfbeeld (Tomatis, 1991; Tomatis, 1979 *in* Foucard, 1997).

In hierdie fase tree die navorser en projekteier op as "opvoeders" wat in kommunikasie met die studente 'n beroep doen op laasgenoemde se aanvaarding van verantwoordelikheid, selfstandigheid en toekomsgerigtheid.

3.4.5 EVALUERING VAN OPF

Beide wetenskaplike studies en kliniese waarnemings bevestig die effektiwiteit van die Tomatis-metode. Volgens Sollier (1996) het die benadering reeds bygedra tot verbeterde funksionering in talle kinders met ouditiwe prosesseringsprobleme, disleksie, leerprobleme, aandagtekortversteurings, outisme, sensoriese integrasie probleme asook motoriese vaardighede. Die metode word met sukses gebruik by die behandeling van sommige vorme van depressie, die aanleer van vreemde tale, die verbetering van kommunikasievaardighede, die verhoging van kreatiwiteit en werksprestasie. Verskeie musikante, sangers en akteurs is reeds in staat gestel om hul vaardighede te verfyn. Kliënte rapporteer ook psigologiese groei, naamlik verbeterde selfvertroue, hoër vlakke van energie en motivering, verbeterde konstruktiewe denke en 'n groter sin van psigologiese welsyn (Sollier, 1996). Laasgenoemde bevindings is egter nie sistematies bestudeer nie en berus bloot op kwalitatiewe kliniese waarnemings.

Die Tomatis-metode kan ook effektief gebruik word in die behandeling van leer- en gedragsprobleme. In 'n kritiese oorsig van Kanadese studies, het Stutt (1983) bevind dat die metode meer voordele lewer as bloot ryping of remediërende onderwys alleen. Dit sluit in beduidende verbetering in leesvaardighede, perseptuele prosessering, akademiese vaardighede, algemene aanpassing, kommunikasie en die vermoë om gedagtes en gevoelens verbaal uit te druk (Gilmor, 1982; Rourke & Russel, 1982; Roy, 1980; Wilson *et al.*, 1982). Die Tomatis-sentrum in Toronto, Kanada het die resultate van die Luisterterapie van meer as 400 kinders en adolessente met gedokumenteerte geskiedenis van leer- en gedragsprobleme asook onderprestasie op psigo-opvoedkundige toetse bestudeer. Die resultate van die behandeling is deur die ouers op 'n vyfpunt-skaal beoordeel en 95% het aangedui dat hul kinders baat gevind het by die Luisterterapie. Daar is spesifiek verbetering getoon op die volgende terreine: kommunikasie, aandagspan, frustrasievlak, taalbegrip, kwaliteit van spraak, geheue, spelling en ryping. In 'n opvolg-ondersoek ses maande na afloop van die program, het 83% van die kinders hul verbetering gehandhaaf en selfs verdere verryking getoon. 'n Addisionele 14% het 'n standhoudendheid van sekere van die verrykings gehandhaaf. Slegs 3% van die kinders het geen tekens van standhoudendheid getoon nie (Stutt, 1983).

Die volgende studies is in Suid-Afrika onderneem: De Bruto (1983) het 'n deeglik gekontroleerde studie onderneem om die effektiwiteit van die Tomatis-metode by erg verstandelik gestremde persone te ondersoek. Meting van responsiwiteit en psigologiese toetse het 'n beduidende verandering getoon na afloop van die ouditiwe stimulasie en sensories-motoriese stimulasie program. Studies is ook uitgevoer in verband met hakkel (Van Jaarveld, 1973, 1974), angs (Du Plessis, 1982 en Peché, 1975), depressie (Botes, 1979) en disleksie (Brink, 1966) en lateraliteit (Badenhorst, 1975) wat positiewe effekte van die Tomatis stimulasie aandui.

3.4.6 SAMEVATTING

Uit die voorgaande hoofstuk kan die volgende implikasies samevattend ten opsigte van die huidige ondersoek onderskei word:

- Binne die konteks van die opkomende salutogene denkraamwerk waarin gesondheid beklemtoon word, is dit relevant om die ondersoek vanaf die eensydige klem op die patogene te verskuif na die positiewe en derhalwe te fokus op relatief gesonde proefpersone, dit is studente sonder kliëntstatus.
- Bestudering van prosesse ter bevordering van psigologiese welsyn is toenemend relevant vanweë die stygende koste van hoë tegnologiese gesondheidsorg, toenemende druk op mediese fondse en stygende bevolkingsgetalle en weer eens is die fokus op relatief goedfunksionerende studente derhalwe belangrik.
- Met sy klem op die belang van luistergedrag as grondelement vir goeie kommunikasie en derhalwe interpersoonlike verhoudinge, vorm OPF 'n potensieël belangrike instrument ter bevordering van psigologiese welsyn en bied die huidige ondersoek met studente 'n goeie geleentheid om die hipotese dat luisteropleiding tot verbeterde interpersoonlike kommunikasie en psigologiese welsyn kan lei, te evalueer.

- Die groepskonteks van verrykingsprogramme kan uitstekend benut word in die OPF proses aangesien 'n totaal van 10 persone op dieselfde tyd die voordeel van die stimulasie kan geniet.
- Die program behoort goed in te pas in 'n studentepopulasie vir wie bevredigende interpersoonlike kommunikasie besonder belangrik is, gesien die lewenstake van die jeugtydperk waarin hulle tans verkeer (Gerdes *et al.*, 1988).

In die volgende hoofstuk word die empiriese ondersoek uiteengesit.

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n uiteensetting gegee van die metode van ondersoek, dit wil sê die omskrywing van die navorsingsontwerp, die ondersoekgroep, die proefpersone, die prosedures van die ondersoek en die wyse van statistiese verwerking van die data.

4.2 DIE ONTWERP

In hierdie ondersoek word 'n twee-groep voor-na-toetsing-opvolgontwerp gebruik. Dit kom daarop neer dat 'n meting, voor die inwerking van die eksperimentele veranderlike, van 'n geselekteerde kontrole- en eksperimentele steekproef verkry word. Die eksperimentele groep word dan blootgestel aan die eksperimentele veranderlike en die meting wat van die twee groepe verkry word, word vergelyk (Smit, 1985). In hierdie ondersoek is daar ook gebruik gemaak van 'n opvolgmeting na 'n verloop van gemiddeld drie maande, ten einde die standhoudendheidseffek te bepaal.

4.3 DIE ONDERSOEKGROEP

Proefpersone is aanvanklik op 'n ewekansige verdeling vanaf klaslyste aan 'n eksperimentele- en kontrolegroep toegewys. Die ondersoeker en projekteur het die studente in klasverband volledig toegelig aangaande die oudiopsigologiese verrykingsprogram asook die indeling van die groepe bekend gemaak. Studente wat ewekansig aan die groepe toegewys is, moes skriftelik op 'n bekendstellingsnota noteer of hulle belang sou stel om aan die navorsingsprojek deel te neem al dan nie.

As gevolg van beperkte belangstelling aan die kant van die studente was 'n ewekansige indeling van 20 vir die kontrole groep en 20 vir die eksperimentele groep nie prakties uitvoerbaar nie. Daar is derhalwe gebruik gemaak van 'n beskikbaarheidsteekproef waar die projek oopgestel is aan die universum van voorgraadse Psigologiestudente aan die PU vir CHO. Studente is die keuse gelaat vir deelname aan die eksperimentele- of kontrolegroep. Beschikbaarheidsteekproewe is op die volgende wyse saamgestel: eksperimentele groep ($n = 18$) en kontrolegroep ($n = 14$).

4.4 PROSEDURE

Ingeligte toestemming is van elke proefpersoon verkry nadat die volledige navorsingsprosedure verduidelik is naamlik, dat beide groepe die toetsbattery sal voltooi; dat die eksperimentele groep (oudiopsigofonologiese verrykingsgroep) 'n totaal van 60 halfuur sessies van klankstimulasie sal deurloop, insluitend gereelde begeleidende gespreksessies waarby die ondersoeker en projekteer betrokke sal wees (beraam oor 'n tydperk van drie weke, Maandag tot Donderdag); die kontrolegroep ontvang geen verrykingsinsette nie; na afloop van die oudiopsigofonologiese verrykingsprogram sal beide groepe geherevalueer word; beide groepe sal na 'n gemiddelde verloop van drie maande na afloop van die verrykingsprogram 'n opvolgevaluering ondergaan; die kontrolegroep word die keuse gelaat vir deelname aan 'n soortgelyke oudiopsigofonologiese verrykingsprogram na afhandeling van die navorsingsprojek.

Aangesien slegs tien persone per geleentheid in die Afdeling Oudiopsigofonologie van die Instituut vir Psigoterapie en Voorligting geakkomodeer kan word, is die eksperimentele groep in twee groepe van 10 elk verdeel, en het die eerste groep gedurende Mei, en die tweede groep gedurende Julie-Augustus hul luistersessies voltooi. Na-toetsings is ongeveer 'n week na voltooiing van die luistersessies met die ooreenstemmende kontrole groepe uitgevoer. Opvolgtoetsing het gesamentlik in Oktober vir beide eksperimentele- en kontrolegroepe plaasgevind, met 'n gemiddelde opvolgperiode na afloop van die na-toetsings vir die eerste eksperimentele- en kontrolegroep van vier maande en vir die tweede groep van ongeveer twee maande en dus 'n algehele gemiddeld van drie maande.

Studente het vir ongeveer drie weke teen 'n tempo van vier aande per week, tussen 16h30 tot 19h00, dus na afloop van daaglikse lesings en praktika, na gefiltreerde klanke geluister. Waar persoonlike omstandighede dit genoodsaak het, het sommige studente gedurende die dag hul sesies geluister. Die huidige ondersoeker of die projekteier was deurlopend beskikbaar vir kontak en daar is elke keer na die studente se welsyn verneem. 'n Gemiddeld van vier begeleidende gespreksessies per student is ook in die loop van die projek gevoer.

4.5 MEETINSTRUMENTE

Die volgende meetinstrumente is in hierdie ondersoek gebruik:

4.5.1 BIOGRAFIESE VRAELYS

Die belangrikste oorweging vir die gebruik van die biografiese vraelys is die inwin van persoonlike gegewens van die proefpersone. Hierdie gegewens sluit in basiese aspekte soos posisie in die gesin; persone wat verantwoordelik vir die opvoeding was; besondere prestasies; verliese en vorige intervensies (vgl. bylaag A).

Die relevansie van hierdie gegewens mag in twee opsigte blyk: eerstens mag dit belangrike persoonlike inligting verskaf aangaande die proefpersoon wat blootgestel word aan 'n oudiopsigofonologiese verrykingsprogram aangesien in hierdie studie klem geplaas word op verbetering of verryking van verskeie aspekte, en tweedens verskaf dit agtergrondgegewens waarteen die res van die data geïnterpreteer kan word.

4.5.2 DIE LUISTERTOETS

4.5.2.1 Ontwikkeling en rasionaal

Aangesien die Luistertoets in die Oudiopsigofonologie (OPF) 'n fundamentele meetinstrument is, word dit outomaties ingesluit. Die toets verskaf 'n evaluering van die gehoorsmoontlikhede van die persoon, asook die wyse waarop die persoon na homself en na ander luister (Tamm, 1997; Tomatis, 1980). Dit word deur Tomatis self omskryf as 'n meting, nie net van hoe akkuraat 'n persoon kan hoor nie, maar ook van die mate waarin hy gemotiveerd is om te luister. Voorts verklaar hy: *"Listening aptitude reveals the degree of integration between the inner being and the outward personality"* (Tomatis, 1980:18).

4.5.2.2 Aard, toepassing en interpretasie

Om die essensie van die Luistertoets te begryp is dit nodig om die verskil te verstaan wat daar tussen hoor en luister aan die een kant en tussen oudiogram en luistertoets aan die ander kant bestaan (Tomatis, 1973, 1980; Tamm, 1997).

Die Oudiogram meet slegs die gehoor van die persoon. Dit is vir die oudioloog 'n basiese toets waaruit die etiologie van 'n gebrek in die gehoorsfunksie vasgestel word. Mens kan dus op grond van die gegewens die behandelingsreëls neerlê om 'n beskadigde gehoor te herstel. Die Luistertoets weer, sal hierdie inligting gebruik in die raamwerk van 'n psigologiese proses wat die terapeut in staat stel om te sien of die persoon wel begeer of nie om die materiaal wat hy tot sy beskikking het op die perseptiewe vlak te gebruik. Deur middel van die Luistertoets word die gebruik van die gehoor bepaal. Die oudiogram verskaf wel 'n bepaalde kurwe, maar dit is nie 'n aanduiding of die persoon werklik hierdie kurwe kan gebruik om met ander te kommunikeer deur middel van sy selfkontrole nie (Tomatis, 1973; 1980).

Die afneem van die Luistertoets behels verskeie toetse wat uitgevoer word om die volgende te bepaal (Tomatis, 1973; 1980):

- Die kurwe van die drempelwaarde
- Die ouditiewe ruimtelike oriëntasie
- Die selektiwiteit
- Die ouditiewe lateraliteit

Om die Luistertoets te interpreteer moet verskeie parameters in aggeneem word. Verhoudings, ooreenkomste en verskille moet bestudeer word (Tomatis, 1973). Gegewe parameters is as volg:

- Luggeleiding (LG)
- Beengeleiding (BG)
- Verhouding tussen LG en BG vir elke oor
- Verhouding tussen LG en BG van een oor tot die ander

Die luggeleidingskurwe (LG)

Die luggeleidingskurwe verskaf 'n aanduiding van die voorkoms van pieke en distorsies wat aanduidend is van problematiek soos deur die persoon ervaar. Hierdie kurwe stem ooreen met die prosesse van ontvangs uit die buitewêreld. Dit spesifiseer met ander woorde die wyse waarop die persoon na die buitewêreld, maar veral na ander mense luister (Tomatis, 1973; Tamm, 1997).

Die beengeleidingskurwe (BG)

Die beengeleidingskurwe is aanduidend van die wyse waarop die individu na homself luister, met ander woorde die verinniglike response. Op hierdie kurwe kan somatiese response, ooreenkomstig die frekwensies, waargeneem word. Hieruit kan postuurresponse verkry word, veral oor die verskillende vlakke van die werwelkolom, asook inligting oor die posisie van die kop (Tomatis, 1973; Tamm, 1994).

Die verhouding tussen die LG en BG vir elke oor

Die verhouding tussen die twee kurwes vir elke oor is van groot belang. Dit identifiseer die konflik-verhoudings, die uiteenlopendheid van sosiale en uiterlike gedrag (luggeleidingskurwes) teenoor diepere en innerlike reaksies (beengeleidingskurwes). Die doel is om 'n harmonie tussen die twee kurwes te kry, albei sonder distorsies, ten einde 'n persoonlikheid te ontwikkel wat beide in sy milieu en in homself geïntegreer is (Tomatis, 1973, 1980).

Die verband tussen die LG en BG van een oor tot die ander

Dit is belangrik om die verband tussen die LG en BG van een oor tot die ander te bestudeer aangesien dit bydrae tot waardevolle informasie tot formulering van 'n diagnose. Wanneer daar distorsie voorkom tussen die twee wyses van luister (linker- tenoor regteroor), verwys dit na 'n verinniglike probleem. Dit weerspieël die links- regs fluktueringe met al die wisselings of dominansies van die verlede op die toekoms (linkeroor teenoor regteroor), die oorheersing van so 'n gedragsresonansie soos dit veranker is in die affektiewe patroon. Dit dui op die moeilik-onderdrukkebare impulse, oftewel teenstrydighede in die karakter (Tomatis, 1973, 1980).

Verder beskou Tomatis (1973) die volgende elemente van kardinale belang in die diepere studie en analisering van die luisterkurwes:

Die belang van die linker- en regterdiagram

By OPF kan 'n links-regs simboliek ingebring word vir beide ore. Dit veronderstel dat deur sy rol in die taal hierdie simboliek daaruit sy oorsprong het. Soveel so, dat tydens die interpretasie van die twee skemas wat ooreenstem met die twee ore, mens volgens Tomatis (1973) kan reken dat:

- die linkeroor die "affektiwiteit vergestalt, die vasankering aan die verlede, die inplanting in die aarde, die band met die moeder, die soeke na die lewegewende moeder"
- die regteroor staan in verband met die "aktiewe dinamiek, die opening na die toekoms, nastreef van die sonbeeld, die ontdekking van die vader, die intuïsie van die Skepper" (Tomatis, 1973).

Inligting by die verskillende areas op dieselfde diagram

Daar kan verder aandag geskenk word aan sekere gegewens betreffende die interpretasie van die luistertoets met die oog op drie vervlegde faktore wat elk die hele luisterpatroon beslaan maar wat 'n selektiewe dominansie van 'n besondere resonansie bevat. Dus:

- Die sone vanaf 125 hz tot 1 000 hz verwys na die korporale elemente en veral na die visserale response van die individu, sy ego en onbewuste. Dit is die "geëgotiseerde soma", aldus Tomatis (1973:15).
- Die gebied vanaf 1 000 hz tot 3 000 hz verteenwoordig die sone van die spraak, die "logika van die ego", die "geëgotiseerde ek", en van die kommunikasie met die ander (Tomatis, 1973:16).
- Van 3 000 hz tot 8 000 hz en daarbo, dit wil in die omgewing wat ooreenkom met die sone van die hoë klanke en van die hoëre harmonieë, word uitdrukking gegee aan die spiritualiteit, intuïsie, ideaal en aspirasies van die persoon (Tomatis, 1973).

4.5.3.2 Die aard, toepassing en interpretasie

Die POI-vraelys bestaan uit 150 pare bewerings (A en B) wat waardes en gedrag van belang by die ontwikkeling van die selfaktualiserende persoon reflekteer. Die respondent moet dié bewering kies wat die mees getroue weergawe van homself is en dan sy keuse op die antwoordblad aandui (A of B).

Die POI bestaan uit twaalf skale, twee hoof- en tien subskale. Die twee hoofskale is die tyd- en ondersteuningsratio's:

- **Skaal 1- Tydratio:** 'n Hoë telling op hierdie skaal dui op die positiewe eienskap van tydsbevoegdheid, dit wil sê 'n realiteitsgeoriënteerde bewustheid in die hede, waarin ervarings uit die verlede en toekomsverwagtinge in 'n betekenisvolle kontinuïteit bestaan. 'n Lae telling dui op 'n lae tydsbevoegdheid. Dit impliseer 'n leef-in-die-verlede met die ervaring van skuldgevoelens en spyt, of 'n leef in die toekoms met geïdealiseerde verwagtinge of vrese.
- **Skaal 2- Ondersteuningsratio:** 'n Hoë telling op hierdie skaal dui op die positiewe eienskap van reaksie vanuit die self. 'n Lae telling dui op eksterne of ander-gerigtheid. Reaksie vanuit die self dui daarop dat die respondent op 'n onafhanklike en outonome wyse en vanuit geïnternaliseerde beginsels en motivering vir homself kan besluit. Uitsluitlike ander-gerigtheid dui op afhanklikheid van en beïnvloeding deur eksterne magte asook 'n soeke na aanvaarding en 'n poging om te beïndruk.
- **Skaal 3 - Selfaktualiseringswaarde (SAV):** Hierdie skaal meet die bevestiging van primêre waardes van 'n selfaktualiserende persoon. 'n Hoë telling dui daarop dat die respondent volgens die waarde leef wat eie aan selfaktualisering is.
- **Skaal 4 - Eksistensialiteit (Ex):** Hierdie skaal meet die vermoë om in ooreenstemming met die eise van 'n situasie, dit wil sê eksistensieël, op te tree, sonder rigiede handhawing van beginsels. 'n Hoë telling dui op buigsaamheid in die toepassing van waardes en 'n lae telling op die neiging om rigied, kompulsief en dogmaties aan waardes vas te klou.

- **Skaal 5 - Gevoelsrefleksie (Fr):** Hierdie skaal meet die responsiwiteit ten opsigte van eie gevoelens en behoeftes.
- **Skaal 6 - Spontaneïteit (S):** Die vryheid om spontaan op te tree of om jouself te wees, word deur hierdie skaal gemeet. 'n Hoë telling dui op die vermoë om gevoelens in spontane aksie uit te druk en 'n lae telling op vrees om gevoelens in gedrag uit te druk.
- **Skaal 7 - Selfagting (Sr):** Hierdie skaal meet die bevestiging van die self op grond van eie waardes of sterkte. 'n Hoë telling dui op die vermoë om van die self te hou as gevolg van sterkte as persoon, en 'n lae telling op gevoelens van lae selfwaarde.
- **Skaal 8 - Selfaanvaarding (Sa):** Die bevestiging van die aanvaarding van die self ten spyte van swakhede of tekortkominge, word deur hierdie skaal gemeet. 'n Hoë telling dui op die aanvaarding van die self en 'n lae telling op 'n onvermoë om swakhede te aanvaar.
- **Skaal 9 - Mensbeskouing (Nc):** Die mate waarin 'n konstruktiewe beskouing oor menswees gehuldig word, word deur hierdie skaal gemeet. 'n Hoë telling dui daarop dat die respondent essensieël die mens as goed sien en dat die goed-sleg, manlikheid-vroulikheid, selfsugtigheid-onselfsugtigheid digotomieë, versoen kan word. 'n Lae telling dui op daarop dat die respondent die mens as sleg sien.
- **Skaal 10 - Sinergie (Sy):** Hierdie skaal meet die vermoë om sinergies te wees, dit wil sê om teenoorgesteldes te transendeer. 'n Hoë telling dui op die vermoë om teenoorgesteldes in die lewe as betekenisvol verbandhoudend te sien, dit wil sê om te sien dat werk en speel, selfsug en selfloosheid nie teenoorgesteldes hoef te wees nie. 'n Lae telling dui daarop dat die respondent teenoorgesteldes as antagonisties ervaar.
- **Skaal 11 - Aanvaarding van aggressie (A):** Hierdie skaal meet die vermoë om die eie natuurlike aggressiwiteit te aanvaar in teenstelling met ontkenning, verdringing en 'n verdedigende houding ten opsigte van aggressie. 'n Hoë telling dui op die vermoë om woede of aggressie in die self as natuurlik te aanvaar en 'n lae telling dui op ontkenning van sulke gevoelens.

- **Skaal 12 - Kapasiteit tot intieme kontak (C):** Hierdie skaal meet die vermoë om betekenisvolle, intieme verhoudings met ander mense te ontwikkel, sonder verwagtinge en verpligtinge. 'n Hoë telling dui op die vermoë tot betekenisvolle, kontakvolle relasies met ander mense en 'n lae telling op probleme met warm, interpersoonlike verhoudinge.

'n Telling tussen 50 en 60 op elke subskaal dui op selfaktualiseringsgedrag. Tellings hoër as 60 kan daarop dui dat die persoon homself oorskot of beter wou voordoen. Tellings laer as 50 dui op aspekte van selfaktualisering waaraan die persoon kan werk ten einde sy kwaliteit van lewe te verhoog.

4.5.3.3 Betroubaarheid en geldigheid

Navorsing in die VSA toon positiewe bewyse ten opsigte van die geldigheid en betroubaarheid van die POI (Knapp, 1976). Albei hierdie psigometriese kenmerke vergelyk volgens Van Wyk (1978) goed met dié van ander persoonlikheidsvraelyste en hy beskou dit as 'n waardevolle diagnostiese en navorsingsinstrument. Sherril *et al.* (1988) het die toets-hertoetsbetroubaarheid by gestremde atlete bevestig deur middel van 'n mondelinge afname van die vraelys. Bloxom (*in* Knapp, 1976:93) noem dat die betroubaarheidskoëffisiënt wissel tussen 0.55 en 0.85. Hattie (1986) bevestig die betroubaarheid as deel van kliniese beoordeling. Die gevolgtrekking is dat die skale aanvaarding en aggressie en gevoelsreaktiwiteit veranderlikes meet wat affekgebonde is en daarom van toets tot hertoets mag fluktrueer. Toets-hertoetsbetroubaarheidsondersoeke (Oakland, Freed, Lovekin & Camilleri, 1978; Klavetter & Mogar, 1976 en Shostrom, 1964) lewer die volgende betroubaarheidsindekse: van 0.91 op Tydsoriëntasie, tot 0.93 op Ondersteuningsratio by skoolsielkundiges; van 0.52 op Aanvaarding van Aggressie, tot 0.82 op Eksistensialiteit by studente; van 0.40 op Sinergie, tot 0.74 op Eksistensialiteit by verpleegstudente. Schultz (1994) bevind toets-hertoetsbetroubaarheidskoëffisiënte van 0.41 op Mensbeskouing, tot 0.82 op Ondersteuningsratio by Suid-Afrikaanse studente. Bothma (1991) verkry 'n betroubaarheidsindeks van 0.79 op die totale telling van die Persoonlike Oriëntasie Indeks.

In hierdie ondersoek is gebruik gemaak van die Kuder en Richardson betroubaarheidskoëffisiënte (formule 20) om die Cronbach-alfa's te verkry (in Ferguson & Takane, 1989). Die volgende betroubaarheidsindekse is verkry: Tydsratio = 0.85; Ondersteuningsratio = 0.84; Selfaktualisering = 0.55; Eksistensialiteit = 0.58; Gevoelsrefleksie = 0.41; Spontaniteit = 0.47; Selfagting = 0.53; Selfaanvaarding = 0.59; Mensbeskouing = 0.58; Sinergie = 0.41; Aanvaarding van aggressie = 0.61 en Kapasiteit vir intieme kontak = 0.70.

Geldigheid word deur verskeie navorsers bekragtig (Shostrom, 1964; Knapp, 1976). Verskeie Suid-Afrikaanse ondersoeke lewer kommentaar hieroor, soos byvoorbeeld Cilliers (1984) oor die POI se geskiktheid in die stimulasie van psigologiese optimaliteit by bestuurders, Oelofse (1983) by obese damestudente, Visser en Van der Westhuizen (1985) by studentevoogde, Du Plessis (1982) by beangste en nie-beangste eerstejaar-damestudente en Terblanche (1995) by 'n intra- en interpersoonlike verrykingsprogram vir verpleegkundiges.

Volgens navorsing van Knapp (1976), en Shostrom (1974) beskik die POI oor konstrugeldigheid en kan die instrument duidelik onderskei tussen selfgeaktualiseerde en nie-selfgeaktualiseerde persone in 'n terapeutiese situasie. Schultz (1994) bevestig die konstrugeldigheid van die POI, in sy ondersoek na die betroubaarheid en geldigheid van die POI in 'n Suid-Afrikaanse konteks.

4.5.3.4 Motivering vir gebruik

Selfaktualisering hou in dat 'n persoon al sy unieke potensiaal min of meer ten volle ontwikkel. Die doel van die huidige verrykingsprogram is om ontwikkeling te fasiliteer sodat groei in die rigting van goed-aangepaste en selfgeaktualiseerde individue kan plaasvind. Die Persoonlike Oriëntasie Indeks is dus as geskik beskou vir gebruik in hierdie navorsing omdat dit die mate van moontlike ontwikkeling in selfaktualisering kan evalueer.

4.5.4 HERSIENDE NEO PERSOONLIKHEIDSVRAELYS / REVISED NEO PERSONALITY (NEO PI-R): Costa & McCrae (1992)

4.5.4.1 Ontwikkeling en rasionaal

Die NEO PI-R is 'n selfrapporteringskaal wat ontwikkel is om dimensies van persoonlikheid te meet, en is gebaseer op die persoonlikheidstrekketeorie van Costa & McCrae (1992a). Die NEO PI-R is die mees resente en mees komprehensiewe taksonomie van persoonlikheid en talle ondersoeke is die afgelope paar jaar daarmee gedoen (Deary & Matthews, 1993; McCrae & Costa, 1990). Die instrument meet nie primêr patologie nie en is dus veral geskik vir navorsing wat meer salutogeen gerig is.

4.5.4.2 Aard, toepassing en interpretasie

Die NEO PI-R is 'n skaal met 240 items. Stellings word gemaak waarop die respondente aandui of hulle sterk verskil, verskil, neutraal is, saamstem of sterk saamstem. Die vyf breë dimensies/skale wat deur die outeurs identifiseer is, sowel as die fasette van elke subskaal is die volgende:

- **Neurotisisme/Neurotism (N):** Angstigheid, Woede-vyandigheid, Depressie, Selfbewustheid, Impulsiwiteit en Kwesbaarheid.
- **Ekstraversie/Extraversion (E):** Warmte, Geselligheid, Assertiwiteit, Aktiwiteit, Soeke na opwinding en Positiewe emosies.
- **Openheid/Openness (O):** Fantasia, Estetika, Gevoelens, Aksies, Idees en Waardes.
- **Inskiklikheid/Agreeableness (A):** Vertroue, Openhartigheid, Altruïsme, Toegeeflikheid, Beskeidenheid en Sagsinnigheid.
- **Konsensieusheid/Conscientiousness (C):** Bevoegdheid, Ordelikheid, Pligsgetrouheid, Prestasiegerigheid, Selfdisipline en Oorwoëndheid.

Die NEO PI-R is gestandaardiseer vir jeugdiges ("college-age" individuals) en volwassenes, wat individueel of in groepverband afgeneem kan word. Afname duur ongeveer 30 minute. In hierdie ondersoek is die NEO PI-R volgens standaardprosedures afgeneem en is dit met behulp van 'n rekenaarprogram, wat vir hierdie doel geskryf is, nagesien. Items wat nie ingevul is nie is met 'n korreksiefaktor gekorrigeer. Tydens die nasienproses word routellings vir elk van die fasette van die vyf dimensies verkry. Die totaal van die fasette van elke dimensie lewer dan die telling vir daardie spesifieke dimensie. Die telling van elk van die fasette en dimensies kan omgesit word in t-waardes om die profiel met die toetsnorm vergelykbaar te maak. In hierdie ondersoek is routellings gebruik. Hoë tellings in 'n spesifieke faset of dimensie dui op 'n hoë voorkoms van daardie faset of dimensie in die respondent. Net so dui lae tellings op 'n lae voorkoms in die respondent.

4.5.4.3 Betroubaarheid en geldigheid

Costa en McCrae (1992a) het die NEO PI-R as geldig in verskeie populasies bevind. Betroubaarheid in terme van (Cronbach alfa's) vir die dimensies wissel van 0.86 vir Inskiklikheid (A) tot 0.92 vir Neurotisme (N), terwyl betroubaarheid van die fasette wissel tussen 0.56 vir Sagsinnigheid (A6) en 0.81 vir Depressie (N3) soos bepaal deur Costa en McCrae (1992a).

Die spesifieke betroubaarheidsindekse (Cronbach alfa's) wat gerapporteer is vir dimensies in hierdie ondersoek, soos verkry deur die totale groep, is soos volg: Neurotisme = 0.56; Ekstraversie = 0.50; Openheid = 0.50; Inskiklikheid = 0.60 en Konsensieusheid = 0.61. Die hoofdimensies is egter laer as wat Costa en McCrae (1992b) gerapporteer het, naamlik 0.86 tot 0.92. Die rede hiervoor mag wees omdat die respondente uit 'n Suid-Afrikaanse populasie kom. Randall (1996) en Van der Walt (1997) vind ook laer betroubaarheidsindekse by Suid-Afrikaanse populasies. Dit lyk dus of die NEO PI-R nie so hoogs betroubaar is vir 'n Suid-Afrikaanse populasie as vir byvoorbeeld 'n Amerikaanse populasie nie ofskoon dit aanvaarbare betroubaarheid hier toon.

Costa & McCrae (1992b) rapporteer ook bevredigende toets-hertoetsbetroubaarheid vir tydsintervalle wat wissel tussen drie maande en sewe jaar.

Costa & McCrae (1992b) dui na verskeie ondersoeke aan dat die NEO PI-R oor goeie geldigheid beskik. Die dimensies van die NEO PI-R korreleer goed met die vyf faktore wat Goldberg (1990) byvoorbeeld gevind het. Bevredigende konstrukgeldigheid is gevind tydens ondersoeke om te bepaal of die fasette voorspellingswaarde het met betrekking tot ander kriteria. Hoë korrelasies is byvoorbeeld tussen dimensies van die NEO PI-R en psigologiese welsyn en Jungiaanse tipes gevind (Van der Walt, 1997).

4.5.4.4 Motivering vir gebruik

Costa & McCrae (1990) dui aan dat die vyf faktore wat in die NEO PI-R ingesluit is, telkens in navorsing oor persoonlikheid na vore kom, ongeag die spesifieke skaal wat gebruik word. In dié sin meet die NEO PI-R "universele" dimensies van persoonlikheidsfunksionering.

Navorsing ten opsigte van die NEO PI-R is aan die toeneem (McCrae & John, 1992), en verdere indikasies van die betroubaarheid daarvan word verkry (Piedmont & Weinstein, 1993). Dit word algemeen aanvaar as die beste skaal waarmee persoonlikheid, soos gekonseptualiseer in die persoonlikheidstrekteorie, gemeet kan word (Smit & Williams, 1992).

4.5.5 DIE SOSIALE VAARDIGHEIDSVRAELYS (SVV): Riggio (1986)

4.5.5.1 Ontwikkeling en rasionaal

Die SVV is ontwikkel deur Riggio (1986). Hierdie instrument meet die basiese dimensies van sosiale vaardighede. Die teoretiese raamwerk vir hierdie vraelys is ontwikkel uit navorsing oor sosiale en interpersoonlike vaardighede. Sosiale vaardighede word beskou as 'n vermoë, of 'n groep vermoëns, wat die inisiëring, ontwikkeling en instandhouding van menslike verhoudings fasiliteer. Hierdie vermoëns speel 'n belangrike rol by sosiale ontwikkeling en psigososiale aanpassing. Die basiese dimensies van sosiale vaardighede wat na vore gekom het, het te make met die versending, ontvangs en kontrole van boodskappe ten opsigte van emosioneel-nie-verbale en sosiaal-verbale funksionering. Die sosiaal vaardige persoon is 'n persoon wat beskik oor kompetensie in al die basiese sosiale vaardigheidsdimensies op 'n gebalanseerde wyse. 'n Persoon behoort dus oor dieselfde mate van vaardighede in alle

dimensies van sosiale kompetensie beskik (Riggio, 1986; Riggio, Throckmorton & De Paolo, 1990).

4.5.5.2 Die aard, toepassing en interpretasie

Die SVV bestaan uit 105 stellings oor sosiale vaardighede. Daar is 15 stellings oor elk van die dimensies van sosiale vaardigheid. Die responskaal vir elke item is 'n 9-punt skaal met tellings van -4 tot +4. Die dimensies van sosiale vaardigheid is:

- **Emosionele ekspressiwiteit (EE):** Dit verwys na 'n vaardigheid in die versending van nie-verbale boodskappe. Hierdie dimensie reflekteer die persoon se vermoë tot spontane en akkurate uitdrukking van emosies en ook die vermoë om houdings en tekens van interpersoonlike oriëntasie nie-verbaal te kan uitdruk.
- **Emosionele sensitiwiteit (ES):** Hierdie dimensie verwys na die vermoë om nie-verbale kommunikasie van andere te ontvang en dekodeer (ontleed).
- **Emosionele kontrole (EK):** Die vermoë om emosionele en nie-verbale uitdrukking te kontroleer en reguleer, word beskou as emosionele kontrole.
- **Sosiale ekspressiwiteit (SE):** Sosiale ekspressiwiteit verwys na die verbale spraakvaardigheid en die vermoë om ander persone in sosiale interaksie te betrek.
- **Sosiale sensitiwiteit (SS):** Sosiale sensitiwiteit verwys na die vermoë om verbale kommunikasie te dekodeer en verstaan en ook na die kennis van die norme betrokke by gepaste sosiale gedrag.
- **Sosiale kontrole (SK):** Sosiale kontrole is die vaardigheid van sosiale self-voorstelling. Dit verwys na taktvolle, sosiaal aanvaarbare, selfvertrouende funksionering.
- **Sosiale manipulasie (SM):** Die dimensie verwys na die bereidheid om ander persone of sosiale situasies te manipuleer om só bevredigende resultate te verkry.

4.5.5.4 Motivering vir gebruik

Die ontwikkeling van sosiale vaardigheid is een van die belangrikste ontwikkelingsopgawes van studente en juis een van die aspekte wat deur die huidige oudiopsigofonologiese verrykingsprogram gefasiliteer wil word. Die SVV beskik oor aanvaarbare betroubaarheids- en geldigheidsaanduidings, en is as geskik geag vir gebruik in die huidige ondersoek.

4.5.6 FUNDAMENTAL INTERPERSONAL RELATION BEHAVIOR (FIRO-B): Shutz (1978)

4.5.6.1 Ontwikkeling en rasionaal van die FIRO-B

Die FIRO-B is deur Shutz (1978) ontwikkel en maak deel uit van sy sewe "FIRO Awareness Scales". Die vraelys meet drie fundamentele dimensies van interpersoonlike verhoudings: insluiting, kontrole en affeksie. Insluiting meet die mate waartoe 'n individu met ander assosieer. Kontrole meet die mate waartoe 'n individu verantwoordelikheid aanvaar, besluite neem of ander persone domineer. Die affeksiedimensie reflekteer die mate waartoe 'n individu emosioneel betrokke raak by ander. Die toets gaan van die standpunt uit dat hierdie drie areas fundamenteel is aan die begrip en voorspelling van interpersoonlike gedrag. Alhoewel baie ander faktore 'n persoon se aksies sal beïnvloed, sal 'n mens weet waar hy staan met betrekking tot hierdie dimensies, indien betekenisvolle gevolgtrekkings omtrent sy gedrag gemaak kan word (vgl. Musselwhite & Schlageter, 1987 en Lifton, 1985).

4.5.6.2 Die aard, toepassing en interpretasie

Die vraelys bestaan uit 54 enkelstellings, waarop die proefpersoon antwoord deur gebruik van 'n ses-punt-Guttman-tipe skaal. 'n Voordeel van hierdie tipe antwoordstyl is hoë interne konsekwentheid.

Die ses subskale vorm 'n drie maal twee tipologie, waarmee ses teoretiese (nie empiries) diskrete kategorieë van interpersoonlike verhoudings voorgestel word. Hierdie ses skale is soos volg:

- **Skaal 1 - Uitgesproke insluiting ("expressed inclusion") (EI):** Die behoefte om ander by eie aktiwiteite in te sluit.
- **Skaal 2 - Uitgesproke kontrole ("expressed control") (EC):** Die behoefte om ander te beheer of te kontroleer en 'n groter mate van besluitneming en verantwoordelikheid in interpersoonlike gedrag.
- **Skaal 3 - Uitgesproke affek ("expressed affection") (EA):** Die behoefte om eie affek teenoor andere uit te druk of te wys.
- **Skaal 4 - Gevraagde insluiting ("wanted inclusion") (WI):** Die behoefte om by ander se aktiwiteite ingesluit te wees.
- **Skaal 5 - Gevraagde kontrole ("wanted control") (WC):** Die behoefte om deur ander beheer of gekontroleer te word.
- **Skaal 6 - Gevraagde affek - ("wanted affection") (WA):** Die behoefte dat ander hulle gevoelens of affek teenoor die self sal wys.

Die FIRO-B bevat slegs ses basiese vrae wat elk nege keer herhaal word met geringe wysiging. Daar is dus 'n totaal van 54 items. Vir elke item kan die toetsling tussen ses stellings kies wat wissel van een uiterste na 'n ander, van "altyd" tot "selde".

4.5.6.3 Betroubaarheid en geldigheid

Heelwat navorsing is al ingewin betreffende die betroubaarheid van die FIRO-B. Gilligan het in 1973 'n studie onderneem om die geldigheid van die instrument te bepaal (in Ryan, 1977). Tussen 57 en 183 Harvard-studente is betrek ten einde toets-hertoetsbetroubaarheid te bepaal. Hoewel die korrelasies ietwat laer was as dié in die handleiding, was die gemiddelde koëffisiënt 0.69 (handleiding 0.76). Vir navorsingsdoeleindes, blyk dit egter dat die totaaltellings van die ses skale die hoogste betroubaarheid teweeg gebring het. Toets- hertoetsindekse wat wissel van 0.71 tot 0.82 is deur Ryan (1977) aangetoon.

In die huidige ondersoek is die volgende Cronbach-alfa betroubaarheidsindekse verkry: Uitgesproke insluiting = 0.60; Uitgesproke kontrole = 0.67; Uitgesproke affek = 0.69; Gevraagde insluiting = 0.79; Gevraagde kontrole = 0.69 en Gevraagde affek = 0.41 wat die instrument bruikbaar maak vir hierdie ondersoek.

Die inhoudsgeldigheid van die instrument word deur Schutz (1978) beskryf as bevredigend. Hy stel dit verder dat navorsing betreffende die FIRO-B oor 'n wye verskeidenheid terreine gedoen is.

4.5.6.4 Motivering vir gebruik

Aangesien die vraelys kerndimensies van interpersoonlike verhoudinge meet en dus 'n aanduiding van die mate van interpersoonlike differensiasie kan verskaf, is hierdie vraelys by die ondersoek ingesluit. Die vraelys beskik ook oor bevredigende psigometriese eienskappe. Anders as baie persoonlikheidstoetse kan die FIRO-B relevante inligting binne 'n baie kort toetsperiode verskaf: ongeveer tien minute word benodig. Die beknoptheid van die toets verminder vermoeidheid en verminder ook die afname van motivering.

4.5.7 VRIEND/VRIENDIN EVALUERINGSVRAELYS: 'n Buite-waarnemers beoordeling van waargenome kommunikasievaardighede

Die Vriend/Vriendin Evalueringsvraelys is 'n selfopgestelde vraelys in die Instituut vir Psigoterapie en Voorligting. Die vraelys bestaan uit twaalf keuse-vrae wat telkens tydens die voor-en-natoetsing asook opvolgtoetsing deur dieselfde vriend of vriendin van die proefpersoon ingevul moes word. Die vraelys is telkens in 'n koevert geplaas sodat dit verseël kon word na voltooiing, om sodoende maksimale eerlikheid en objektiwiteit te verseker.

Die doel van die vraelys is om vanuit die omgewing, naamlik 'n goeie vriend/vriendin, 'n objektiewe meting aangaande die proefpersone te verkry (vgl. bylaag B). Afgesien van die Luistertoets was vorige ondersoeke ten opsigte van oudiopsigofonologie in die RSA beperk tot die oorwegend subjektiewe oordeel van die proefpersone op selfrapporteringsvraelyste. In die huidige ondersoek is derhalwe besluit om benewens die Luistertoets en subjektiewe bevindings deur die proefpersone ook die meer objektiewe menings van 'n ander persoon in te sluit, dus 'n buite-waarnemers beoordeling van waargenome kommunikasievaardighede.

4.5.8 LEWENSTEVREDENHEIDSKAAL / SATISFACTION WITH LIFE SCALE (SWLS): Diener, Emmons, Larson en Griffin (1985)

4.5.8.1 Ontwikkeling en rasionaal

Die Lewenstevredenheidskaal is in 1985 deur Diener, Emmons, Larson en Griffin ontwikkel om globale lewenstevredenheid te meet. Met verskeie komponente van subjektiewe welstand is die SWLS bedoel om slegs lewenstevredenheid te meet en nie verwante konstrakte soos positiewe affek nie. Die skaal meet lewenstevredenheid as 'n kognitief-beoordeelde proses en is ontwerp om persone te rig op 'n beoordeling van hul lewens in geheel en nie net domeine daarvan nie. Beoordeling vind plaas volgens die individu se eie kriteria (Diener *et al.*, 1985). Die beoordeling van psigologiese welsyn is dus gebaseer op 'n vergelyking tussen die persoon se huidige situasie en 'n standaard wat hy vir homself stel.

4.5.8.2 Aard, toepassing en interpretasie

Die SWLS is 'n selfevalueringsvraelys. Respondente moet op 'n vyf itemskaal aandui in hoe 'n mate hulle saamstem met 'n genoemde aantal stellings. Vrae word met behulp van 'n sewe-punt Likertskaal beantwoord. Die telling een is aanduidend van 'n sterk verskil, vier dui op neutraliteit en sewe is aanduidend van sterk instemming. Die toepassing van die vraelys is eenvoudig en instruksies is maklik verstaanbaar.

Die SWLS kan individueel of in groepe afgeneem word en die instruksies is baie duidelik. Die afneemtyd van die skaal wissel van twee tot vyf minute. Die totaal van die vyf response word gesommeer om die totaaltelling van die skaal te verkry. Die omvang van die skaal strek vanaf vyf (lae lewenstevredenheid) tot 35 (hoë lewenstevredenheid).

4.5.8.3 Betroubaarheid en geldigheid

Diener *et.al.* (1985) vermeld 'n toets-hertoetskorrelasiekoëffisiënt van 0.82 na verloop van twee maande en 'n alfa-koëffisiënt van 0.87. Die SWLS vertoon gunstige psigometriesse eienskappe insluitend hoë interne konsekwentheid en hoë temporele betroubaarheid. Pavot en Diener (1993) het die toets hersien en rapporteer ses ondersoeke waarin die SWLS toets-hertoetsbetroubaarheidskoëffisiënte van 0.50 tot 0.84 verkry het en alfa-koëffisiënte van 0.79 tot 0.89. In 'n Suid-Afrikaanse studie van Wissing en Du Toit (1994) is 'n Cronbach-alfa van 0.85 gevind en Van der Wateren (1997) lewer 'n telling van 0.83 vir die totale Suid-Afrikaanse groep. In die huidige ondersoek is 'n betroubaarheidskoëffisiënt van 0.83 (Cronbach-alfa) verkry wat 'n voldoende betroubaarheidstelling aandui.

4.5.8.4 Motivering vir gebruik

Die SWLS gee 'n aanduiding van die individu se mate van lewenstevredenheid en hou verband met verskeie aspekte van psigologiese welsyn (Diener *et al.*, 1985; Pavot & Diener, 1993; Wissing & Du Toit, 1994). Pavot en Diener (1993) dui aan dat die SWLS vir verskillende kultuurgroepe bruikbaar is. Die SWLS meet subjektiewe psigologiese welsyn op 'n kognitiewe vlak terwyl die AFM dit op 'n affektiewe vlak evalueer. Hierdie toets is dus as aanvullende bron vir die evaluering van psigologiese welsyn gebruik.

4.5.9 VERKORTE AFFEKTOMETER 2 / AFFECTOMETER 2 (AFM-2): Kamman en Flett (1983)

4.5.9.1 Ontwikkeling en rasionaal

Die Affektometer 2 (AFM-2) is deur Kamman en Flett (1983) ontwikkel vir die bepaling van algemene gelukkigheid of 'n gevoel van welstand en is gebaseer op die meting van die balans van positiewe en negatiewe gevoelens ten opsigte van onlangse ervarings. Die instruksies versoek die respondent om aan te dui hoe hy/sy die afgelope week gevoel het. Hierdie tydsbeperking reflekteer 'n kompromie tussen die gevoel van welstand in die mees globale betekenis daarvan, en die keuse van 'n tydperk waarin die persoon redelik akkuraat kan onthou hoe hy/sy gevoel het. Daarom is dit ook aanduidend van 'n individu se lewenskwaliteit.

4.5.9.2 Die aard, toepassing en interpretasie

Die Affektometer 2 is 'n selfrapporteringsvraelys wat uit 20-sinne-items bestaan. 'n Proefpersoon moet op 'n vyfpunt Likertskaal aandui hoe dikwels die genoemde stellings in die laaste paar weke op hom/haar van toepassing was. Die omvang van die skaal wissel van een (glad nie) tot vyf (altyd). Die vraelys kan maklik afgeneem word op groepe of individue en neem ongeveer vyf minute om te voltooi.

Nasien word per rekenaar gedoen. Die algemene psigologiese welsyn van 'n individu word gekonseptualiseer as die mate waarin positiewe emosies die negatiewe emosies oorskadu. Dit word weerspieël in die Positiewe-Negatiewe Affek-Balans (PNB) = Positiewe Affek (PA) - Negatiewe Affek (NA), waar 'n hoër telling op PA en PNB dui en dus 'n groter mate van psigologiese welsyn. By elk van die positiewe en negatiewe affek-subskale is daar 10 items. 'n Proefpersoon se oorheersende welsynsgevoel word uitgedruk deur vas te stel in watter mate positiewe gevoelens oorwegend meer is as negatiewe gevoelens.

4.5.9.3 Betroubaarheid en geldigheid

Kamman en Flett (1983) rapporteer hoë betroubaarheidsindekse met 'n Cronbach alfa-koëffisiënt van 0.95 vir die PNB en hoë geldigheidsindekse. In 'n Suid-Afrikaanse studie van Wissing en Van Eeden (1994) is goeie betroubaarheidsindekse gevind (Cronbach-alfa's) 0.86 (PA), 0.90 (NA) en 0.92 (PNB).

Van der Wateren vind die volgende betroubaarheidsindekse: 0.83 (NA), 0.81 (PA) en 0.88 (PNB). Uit die bogaande gegewens blyk dit dat die AFM-2 oor gunstige psigometriese eienskappe beskik. Dit word bevestig in die huidige ondersoek wat Cronbach alfa-koëffisiënte van 0.84 (PA), 0.82 (NA) en 0.89 (PNB) vir die totale groep lewer.

4.5.9.4 Motivering vir gebruik

Bradburn (1969) het dekades gelede aangetoon dat positiewe en negatiewe gevoelstoestande belangrike aanduiders is van 'n persoon se algemene lewensoriëntasie en psigologiese welstand. Dit is bevestig deur navorsing uit die "well-being"-benaderings (Emmons & Diener, 1985; Schlosser, 1990) en word konseptueel weerspieël in die modelle van Seeman (1989) waarna voorheen verwys is. Die feit dat psigologiese welstand moontlik gekenmerk word deur 'n balans van positiewe en negatiewe affek soos deur die affekbalans-konstruk hierbo aangedui word, en nie net deur positiewe affek alleen nie, dui op die dinamiek van psigologiese welstand. Die AFM-2 word ingesluit by hierdie navorsing om die genoemde redes en omdat dit die affektiewe dimensies van mense se psigologiese funksionering meet. Dit het ook 'n voordeel omdat dit in 'n kort tyd afgeneem kan word.

4.5.10 KOHERENSIESKAAL / SENSE OF COHERENCE SCALE (SOC): Antonovsky (1987)

4.5.10.1 Ontwikkeling en rasionaal

Die Koherensieskaal is deur Antonovsky (1987) ontwerp vir die operasionalisering van sy SOC-konstruk aangesien koherensiesin volgens hom 'n baie belangrike determinant van die psigologiese welsyn verteenwoordig. Hiermee word die toetsling se koherensiebelewing op 'n kwantitatiewe wyse geëvalueer. Volgens Antonovsky (1987) meet dit 'n individu se volgehoue gevoel van vertroue dat stimuli van 'n persoon se interne en eksterne wêreld gestruktureerd, voorspelbaar en verklaarbaar is en dat daar genoeg bronne beskikbaar is om die stimuli te hanteer. Eise word as uitdagings gesien wat die moeite werd is om te aanvaar. Die drie kernkomponente van Koherensiesin is verstaanbaarheid, hanteerbaarheid en betekenisvolheid. Verstaanbaarheid is aanduidend van die wyse waarop die individu eksterne en interne stimuli as verklaarbaar en voorspelbaar ervaar. Hanteerbaarheid is aanduidend van die mate waarin 'n individu glo dat hy oor genoegsame bronne beskik of toegang tot bronne het om situasies suksesvol te hanteer. Betekenisvolheid verwys na die mate waarin die individu voel dat die lewe sinvol is en dat energie belê moet word in die hantering van probleme en eise waarmee 'n mens gekonfronteer word.

Dit blyk uit Antonovsky (1987; 1993) sowel as Wissing en Du Toit (1994) se navorsing dat die SOC 'n positiewe korrelasie met psigologiese en fisiologiese gesondheid en 'n negatiewe korrelasie met stressimptomatologie het. Die SOC se resultate is aanduidend van 'n persoon se stresweerbaarheid en mate van psigologiese welsyn.

4.5.10.2 Die aard, toepassing en interpretasie

Die Koherensieskaal (SOC) bestaan uit 29 items en is 'n selfrapporteringsvraelys. (Daar is ook 'n 13-item vraelys beskikbaar.) Die respondente dui op 'n sewepunt Likert-skaal aan in hoe 'n mate die stellings wat gemaak word, op hulle lewens van toepassing is. Daar is elf verstaanbaarheids-, tien hanteerbaarheids-, en agt betekenisvolheidsvrae. Dertien items is negatief geformuleer. Tellings moet dus omgekeer word met die nasien van die vraelys.

Die vraelys kan individueel of in groepe of in onderhoudsformaat afgeneem word. Die instruksies is duidelik en dit neem ongeveer tien tot vyftien minute om die vraelys te voltooi. Die SOC word nagesien deur die tellings by die aangeduide items om te keer. Daarna word die gewigte van elke gemerkte respons bymekaar getel om 'n totaalstelling te verkry. Die totaalstelling kan 'n minimum van 29 en 'n maksimum van 203 wees. Gemiddelde tellings van 117–152 word gerapporteer (Antonovsky, 1987, 1993). 'n Hoë telling is aanduidend van 'n sterker koherensiesin.

Persone wat hoë tellings behaal sal waarskynlik eerder deelneem aan aktiwiteite wat fisiese en psigiese gesondheid bevorder as persone met 'n lae telling. Hulle sal ook oor meer toepaslike hulpbronne beskik wat aktief aangewend kan word eerder as om met hulpeloosheid te reageer. Stressore sal as uitdagings eerder as bedreigings aangepak word (Antonovsky, 1987; 1993)

4.5.10.3 Betroubaarheid en geldigheid

Antonovsky (1993) rapporteer dat die Cronbach alfa-koëffisiënt vir interne konsekwentheid in 26 studies met die SOC-skaal gewissel het van 0.78 tot 0.93. Toets-hertoets-betroubaarheid in agt ondersoeke dui op korrelasies van 0.56 tot 0.97.

In studies van Wissing en Van Eeden (1994) en Wissing en Du Toit (1994) in Suid-Afrika is betroubaarheidsindekse wat wissel van 0.85 tot 0.91 gevind. Van der Wateren vind 'n betroubaarheidsindeks van 0.88 vir die totale groep. In die huidige ondersoek is 'n hoë betroubaarheidskoëffisiënt van 0.92 (Cronbach-alfa) vir die totale skaal verkry.

Inhoudsgeldigheid, operasionele geldigheid en kriteriumgeldigheid van die Koherensieskaal blyk volgens Antonovsky (1993) ook gunstig te wees.

4.5.10.4 Motivering vir gebruik

Die koherensiesin-konstruk word in samehang met psigologiese welsyn in hierdie ondersoek gemeet. Antonovsky se teoretiese fundering van 'n sin vir koherensie sowel as die salutogene benadering wat dit ondersteun, werp nuwe lig op die konstruk van psigologiese welstand. Wissing en van Eeden (1994) vind deur middel van faktor-analises op verskeie welsynmeetinstrumente 'n relatief sterk algemene psigologiese welsyn-faktor, waar die SOC van Antonovsky (1987; 1993) die instrument is wat hierdie faktor die beste beskryf het. Fasette soos verstaanbaarheid, beheerbaarheid en sinvolheid, wat deur die items van die SOC-skaal verteenwoordig word, blyk aspekte van psigologiese welstand te wees wat in hierdie ondersoek by Psigologiestudente nagegaan sal word.

Antonovsky (1993) meld verder dat die SOC 'n konstruk is wat universeel geldig is vir verskillende kulture, geslagte en sosiale groepe. Dit sluit dus faktore in wat skynbaar in alle kulture die basis vorm vir die suksesvolle hantering van stressors.

4.6 DIE ONDERSOEKPROSEDURE

Na die ontleding van die literatuur oor die opkomende prominensie van die salutogene benadering wat ingestel is op voorkoming, verryking en verhoging van psigologiese welsyn en die ontleding van relevante beginsels van verrykingsprogramme en die oudiopsigofonologiese prosedure en verkenning van wyses van operasionalisering van konstrunkte, is 'n toetsbattery saamgestel. Die vraelyste is saamgebundel om afname en evaluering te vergemaklik. Deelnemers aan die projek is gewerf soos in 4.3 aangedui.

Die selfrapporterende aard van die vraelyste asook die duidelike instruksies by elkeen het die toetsprosedure vergemaklik. 'n Dekblad waarop die aard van die navorsing, doel en tema van die vraelyste, motivering tot deelname en etiese aspekte soos vertroulike hantering van inligting en anonieme, vrywillige deelname uiteengesit word, is aan elke bundel vraelyste aangeheg en ter inleiding met die deelnemers bespreek. Bogenoemde prosedure is tydens die voortoetsing uitgevoer.

Die ondersoeker het die toetsessies met die meeste deelnemers waargeneem of geïnisieer.

Om die volgorde-effek teen te werk wat voorkom by persone wanneer 'n reeks meetinstrumente opeenvolgend, en in hierdie ondersoek per drie geleenthede aangebied word, is die vraelyste vir elke toetsing in 'n ander volgorde aangebied. Ten spyte hiervan was daar persone wat toetsvermoeidheid of responsversadiging rapporteer, en die toetsbattery as te veel en te lank ervaar het. Die meeste respondente het die toetservaring as aangenaam en insiggewend ervaar en terugvoering oor hul toetsresultate versoek.

Die afneemtyd het gewissel van 120 minute tot 180 minute vir die totale battery. Stadige lesers en persone wat die vrae nadenkend benader het, het die langste geneem om die toetse te voltooi. Die totale afneemtyd van die toetse, bereken as die som van individuele meetinstrumente se tye soos deur die outeurs aangedui, is 150 minute.

4.7 STATISTIESE VERWERKING VAN DIE RESULTATE

Die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO het die statistiese analise van toetsresultate gedoen. 'n SAS/STAT:603-rekenaarprogrampakket is vir die verwerkings van data gebruik.

Beskrywende statistiek (gemiddeldes, standaardafwykings en omvang van tellings) en Cronbach-alfa betroubaarheidsindekse is bereken vir elke individuele meetinstrument, asook verskille tussen gemiddeldes binne- en tussengroepe.

Aangesien in hierdie projek gebruik gemaak is van 'n beskikbaarheidsteekproef, wat dus gereken kan word as twee verskillende populasies, word hier slegs gewerk met die gemiddeldes van die groepe. Cohen (1988) se maatstaf vir praktiese betekenisvolheid, is in die ondersoek bepaal. Hoewel daar 'n statistiese betekenisvolheid tussen groepe mag wees, beteken dit nie noodwendig dat dit 'n betekenisvolle bevinding is nie. Cohen (1988) meen dat die statistiese beduidenheid teen die kriterium van praktiese betekenisvolheid geëvalueer moet word.

Cohen (1988:25-26) dui drie kriteria aan vir sy maatstaf:

- **Klein effek:** met d-waarde van 0.2. Die waarde bied betekenisvolle evaluasie ten opsigte van nuwe navorsingsterreine waar eksperimentele kontrolering van die verskynsel nie duidelik is nie.
- **Medium effek:** met d-waarde van 0.5, aanduidend van 'n tendens tot, of matige prakties beduidende grootte verskil.
- **Groot effek:** met d-waarde van 0.8, wat aanduidend is van 'n prakties beduidende grootte verskil oftewel 'n werklike verskil tussen twee groepe wat getoets is.

Cohen (1988:27) bied die volgende formule om die d-waarde te bepaal van die gemiddeldes van groepe χ_e en χ_k , naamlik:

- χ_e as die gemiddeld van die eksperimentele groep
- χ_k as die gemiddeld van die kontrole groep
- S_{maks} as die grootste standaardafwyking van die eksperimentele- en kontrolegroep

$$d = \frac{\chi_e - \chi_k}{S_{maks}}$$

Cohen (1988) wys op die belangrikheid van die praktiese betekenisvolheid vir die gedragswetenskappe.

Met behulp van Cohen se d-statistiek (effekgroottes) is vasgestel of daar prakties beduidende grootte verskille by die eksperimentele- en kontrolegroep (afsonderlik) is tussen die gemiddelde tellings voor en na die aanbieding van die oudiopsigofonologiese verrykingsprogram, sowel as met die opvolgtoetsing, soos met alle meetinstrumente vasgestel. Die verskille binne groepe hou verband met beduidendheid van verskille tussen die voor-natoetsing en na-opvolgtoetsing vir elk van die eksperimentele- en kontrolegroep.

Verder is met behulp van Cohen se d-statistiek (effekgroottes) getoets vir moontlike praktiese beduidende grootte verskille tussen die tellings van die eksperimentele groep en kontrolegroep voor die aanbieding van die program (indien van toepassing), asook tussen die tellings van hierdie groepe na die aanbieding van die program en met die opvolgtoetsing soos verkry met alle meetinstrumente (tussengroepverskille).

4.8 NUL- EN ALTERNATIEWE HIPOTHESES

Die volgende nul- en alternatiewe hipoteses word getoets (hipoteses word samevattend vir die verskillende meetinstrumente geformuleer, maar word afsonderlik vir die metings soos met die verskillende meetinstrumente verkry, getoets):

Tussengroepe

HO1: Daar is geen beduidende verskil tussen die voortellings van die eksperimentele- en kontrolegroep, soos gemeet met die betrokke skaal (Luistertoets, POI, NEO PI-R, SVV, FIRO-B, VVE, SWLS, AFM2 en SOC) of enige subskaal van hierdie skaal, nie.

H1: Daar is 'n beduidende verskil tussen die voortellings van die eksperimentele- en kontrolegroep, soos gemeet met die betrokke skaal (Luistertoets, POI, NEO PI-R, SVV, FIRO-B, VVE, SWLS, AFM2 en SOC) of enige subskaal van hierdie skaal.

HO2: Daar is geen beduidende verskil tussen die natoetstellings van die eksperimentele- en kontrolegroep, soos gemeet met die betrokke skaal (Luistertoets, POI, NEO PI-R, SVV, FIRO-B, VVE, SWLS, AFM2 en SOC) of enige subskaal van hierdie skaal, nie.

H2: Daar is 'n beduidende verskil tussen die natoetstellings van die eksperimentele- en kontrolegroep, soos gemeet met die betrokke skaal (Luistertoets, POI, NEO PI-R, SVV, FIRO-B, VVE, SWLS, AFM2 en SOC) of enige subskaal van hierdie skaal.

HO3: Daar is geen beduidende verskil tussen die opvolgtoetstellings van die eksperimentele- en kontrolegroep, soos gemeet met die betrokke skaal (Luistertoets, POI, NEO PI-R, SVV, FIRO-B, VVE, SWLS, AFM2 en SOC) of enige subskaal van hierdie skaal, nie.

H3: Daar is 'n beduidende verskil tussen die opvolgtoetstellings van die eksperimentele en kontrolegroep, soos gemeet met die betrokke skaal (Luistertoets, POI, NEO PI-R, SVV, FIRO-B, VVE, SWLS, AFM2 en SOC) of enige subskaal van hierdie skaal.

Binnegroepe

HO4: Daar is geen beduidende verskil tussen die voor-natoetstellings van die eksperimentele groep, soos gemeet met die betrokke skaal (Luistertoets, POI, NEO PI-R, SVV, FIRO-B, VVE, SWLS, AFM2 en SOC) of subskale van die skaal, nie.

H4: Daar is 'n beduidende verskil tussen die voor-natoetstellings van die eksperimentele groep, soos gemeet met die betrokke skaal (Luistertoets, POI, NEO PI-R, SVV, FIRO-B, VVE, SWLS, AFM2 en SOC) of subskale van die skaal.

HO5: Daar is geen beduidende verskil tussen die na-opvolgtoetstellings van die eksperimentele groep, soos gemeet met die betrokke skaal (Luistertoets, POI, NEO PI-R, SVV, FIRO-B, VVE, SWLS, AFM2 en SOC) of subskale van die skaal, nie.

H5: Daar is 'n beduidende verskil tussen die na-opvolgtoetstellings van die eksperimentele groep, soos gemeet met die betrokke skaal (Luistertoets, POI, NEO PI-R, SVV, FIRO-B, VVE, SWLS, AFM2 en SOC) of subskale van die skaal.

HO6: Daar is geen beduidende verskil tussen die voor-natoetstellings van die kontrolegroep, soos gemeet met die betrokke skaal (Luistertoets, POI, NEO PI-R, SVV, FIRO-B, VVE, SWLS, AFM2 en SOC) of subskale van die skaal, nie.

H6: Daar is 'n beduidende verskil tussen die voor-natoetstellings van die kontrolegroep, soos gemeet met die betrokke skaal (Luistertoets, POI, NEO PI-R, SVV, FIRO-B, VVE, SWLS, AFM2 en SOC) of subskale van die skaal.

HO7: Daar is geen beduidende verskil tussen die na-opvolgtoetstellings van die kontrolegroep, soos gemeet met die betrokke skaal (Luistertoets, POI, NEO PI-R, SVV, FIRO-B, VVE, SWLS, AFM2 en SOC) of subskale van die skaal, nie.

H7: Daar is 'n beduidende verskil tussen die na-opvolgtoetstellings van die kontrolegroep, soos gemeet met die betrokke skaal (Luistertoets, POI, NEO PI-R, SVV, FIRO-B, VVE, SWLS, AFM2 en SOC) of subskale van die skaal.

4.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die empiriese ondersoek uiteengesit met verwysing na die ontwerp, die ondersoekgroep, die prosedure en toepassing van die oudiopsigologiese verrykingsprogram, die meetinstrumente en die statistiese verwerking van die gegewens en die spesifieke statistiese hipoteses wat getoets word.

In die volgende hoofstuk word die resultate van die empiriese ondersoek na die oudiopsigofonologiese verrykingsprogram, met spesifieke verwysing na die luistervermoëns, intrapsigiese funksionering, interpersoonlike funksionering en psigologiese welsyn volledig uiteengesit.

HOOFSTUK 5

RESULTATE EN INTERPRETASIE

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate van die oudiopsigofonologiese verrykingsprogram weergegee. Die resultate word aangebied in terme van verskille tussen en binne die eksperimentele- en kontrolegroep. (i) Die verskille tussen groepe word aangebied in terme van voortoetsing, natoetsing, en die opvolgondersoek. Die doel van die voortoetsing was om vas te stel of die proefpersone wat uit twee beskikbaarheidsteekproewe saamgestel is, wel vergelykbaar was. Die natoetsing dui op die bevindinge na afloop van die verrykingsprogram. (ii) Die verskille binne groepe hou verband met beduidendheid van verskille tussen die voor-natoetsing en na-opvolgtoetsing vir elk van die eksperimentele- en die kontrolegroep.

In die tabelle en luistergrafieke word praktiese beduidendheid uitgedruk in terme van Cohen se d-statistiek ($d \geq 0.8$).

Die bevindinge word bondig gestel en waar van toepassing met verwante resultate verbind.

Die bespreking van die resultate volg in Hoofstuk 6.

5.2 VERSKILLE TUSSEN GROEPE

5.2.1 VERSKILLE TUSSEN GROEPE TYDENS DIE VOORTOETSING

5.2.1.1 BIOGRAFIESE BESONDERHEDE

Gegewens ten opsigte van ouderdom, geslag en studiejare word in tabel 1 gevind.

Tabel 1: Geslag, ouderdom en studiejare van die proefpersone

GESLAG						OUDERDOM				STUDIEJAAR					
Totaal		Manlik		Vroulik		17jr-20jr		21jr-23jr		1e Jaar		3e Jaar		4e Jaar	
	N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Eks.	18	2	11%	16	88%	10	55%	8	44%	6	33%	11	61%	1	5%
Kon.	14	4	28%	10	71%	10	71%	4	28%	8	57%	4	28%	2	14%

Uit tabel 1 is dit duidelik dat die totale groep Psigologiestudente (N=32) wat deelgeneem het aan hierdie ondersoek bestaan uit 6 mans en 26 dames. Hier is dit ook duidelik dat die ouderdomsgroep 17 tot 20 jaar sterker verteenwoordig is as die ouer groep wat aansluit by die akademiese studiejare van die studente naamlik, 14 eerstejaarstudente, 15 derdejaar- en 3 vierdejaar studente. Daar is geen verteenwoordiging uit die tweedejaarsgroep nie.

In tabel 2 word gegewens ten opsigte van kerkverwantskap en kerkbetrokkenheid gevind.

Tabel 2: Kerkverwantskap en kerkbetrokkenheid van die proefpersone

KERKVERWANTSKAP EN -BETROKKENDHEID										
	SA Susterskerke		Geen		Betrokke		Onbetrokke		Leierskap	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Eks.	16	85%	2	11%	16	85%	2	11%	2	11%
Kon.	13	92%	1	8%	13	92%	1	8%	1	8%

Uit tabel 2 is dit duidelik dat die meeste studente aan die drie Suid-Afrikaanse Susterkerke behoort, met 85% uit die eksperimentele groep wat aktief betrokke is en 11% wat leierskapsposisies beklee. Uit die eksperimentele groep vermeld 11% dat hulle aan geen kerk behoort nie, en 8% by die kontrolegroep. Slegs 8% van die kontrole lede meld leierskap, met 92% wat aktief betrokke is.

Gegewens ten opsigte van geboorteorde en gesinsituasie word in tabel 3 gevind.

Tabel 3: Geboorteorde en gesinsituasie van die proefpersone

GEBORTEORDE									GESINSITUASIE							
	Oudste		Jongste		2e Kind		5e Kind		Intakt		Hersaam		Pa oorde		Ma oorde	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Eks	9	50%	1	5%	7	38%	1	5%	17	95%	1	5%	0	0%	0	0%
Kont	7	53%	2	8%	5	39%	0	0%	12	85%	1	5%	1	5%	1	5%

Uit tabel 3 blyk dit dat die lede van die twee groepe oorwegend oudste kinders is. Vyf-en-negentig persent van die eksperimentele lede vermeld intakte gesinne met beide ouers lewend. Die aanname kan dus gemaak word dat die eksperimentele lede oorwegend uit "goed" funksionerende gesinne afkomstig is. Uit die kontrolegroep is 'n 5% vermelding van 'n moeder en 'n vader wat oorlede is. Geen egskeidings word vermeld nie.

Gegewens ten opsigte van die proefpersone se lewensstyl word in tabel 4 gevind.

Tabel 4: Gegewens ten opsigte van die proefpersone se lewensstyl

LEWENSSTYL										
	Rook		Alkohol		Gespanne		Gesonde dieet		Gereeld oefen	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Eks.	2	11%	2	11%	5	27%	7	38%	9	50%
Kon.	1	7%	0	0%	4	28%	6	42%	6	42%

Tabel 4 verskaf 'n goeie oorsig van die studente se lewensstyl. Daar is goedgevind om hierdie tipe vrae by die biografiese vraelys in te sluit, aangesien bogenoemde gewoontes ten nouste aansluiting vind by psigologiese welsyn en die huidige ondersoek ingestel was om dit te verbeter, deur middel van klankstimulasie. Daar is gepoog om die eksperimentele groep tydens die gespreksessies bewus te maak van hul potensiaal tot verbetering van hul psigologiese welsyn deur byvoorbeeld aandag te skenk aan spanning (27% in die eksperimentele groep wat onder kroniese of erge spanning gebuk gaan), die opgee van rook (11% in die eksperimentele groep) en die belang van gesonde eetgewoontes en gereelde oefening te onderstreep. Uit die totale groep is daar 13 studente wat 'n gesonde dieet volg en 15 wat aan gereelde oefening deelneem, dus die helfte van die groep.

In tabel 5 word gegewens ten opsigte van leierskap en besondere prestasies weergegee.

Tabel 5: Leierskap en besondere prestasies van die proefpersone

LEIERSKAP									BESONDERE PRESTASIES					
	Skool		Universiteit		Koshuis		Ander		Akademie		Sport		Ander	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Eks.	11	61%	2	11%	1	5%	5	27%	7	38%	6	33%	6	33%
Kon.	10	71%	1	7%	1	7%	3	21%	4	28%	1	7%	3	21%

Uit tabel 5 blyk dit dat beide die twee groepe goeie verteenwoordiging as leiers op skool toon. Die eksperimentele groep reflekteer 11% leierskapsposisies op universiteit en 5% ten opsigte van koshuislewe, met 27% wat op ander terreine presteer. Die aanname kan gemaak word dat hierdie lede oor die algemeen oor goeie leierseienskappe beskik. Die besondere prestasies is ook goed verteenwoordig. Uit die eksperimentele groep is 38% akademiese presteerders, 33% het op sportgebied presteer en 33% op ander terreine besondere prestasies behaal. Die afleiding kan gemaak word dat hierdie studente oor die algemeen goeie presteerders is. Die kontrolegroep is ook goed verteenwoordig op bogenoemde velde (6 lede het egter nagelaat om die gedeelte by besondere prestasies in te vul).

Daar kan dus 'n aanname gemaak word dat van die Psigologiestudente wat aangemeld het vir deelname aan die projek reeds oor redelike goeie interpersoonlike vermoëns sowel as intrapsigiese bronne beskik.

In tabel 6 word gegewens ten opsigte van leerprobleme en besondere krisisse aangedui.

Tabel 6: Gegewens ten opsigte van leerprobleme en besondere krisisse

	LEERPROBLEME						BESONDERE KRISISSE					
	Perseptueel		Leesprobl.		Konsentr.		Seks. Moes.		Verliese		Ongelukke	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Eks.	3	16%	2	12%	13	72%	5	33%	3	16%	0	0%
Kon.	0	0%	1	7%	5	35%	0	0%	3	21%	3	21%

Uit tabel 6 is dit duidelik dat 16% van die eksperimentele groep perseptuele probleme ondervind of voorheen ondervind het, terwyl 12% leesprobleme vermeld en 72% konsentrasieprobleme rapporteer. Hierdie vermeldings is interessant in aggenome hul goeie prestasies. Die aanname kan gemaak word dat die eksperimentele groep sterk gemotiveerd is, maar moontlik soekend is (vergelyk die laer telling op die Koherensieskaal en die hoë telling op die POI, Openheid). By die kontrolegroep is die persentasies aansienlik laer, met ander woorde minder studente ondervind probleme op hierdie gebiede.

Uit die eksperimentele groep is daar 33% wat aan seksuele molestering blootgestel is en 16% wat verliese ervaar het. Uit die kontrolegroep is daar 21% wat verliese beleef het en 21% vermeld ongelukke.

In tabel 7 word gegewens ten opsigte van die proefpersone se kinderjare, kommunikasie in die gesin en vorige intervensies aangedui.

Tabel 7: Gegewens ten opsigte van kinderjare, kommunikasie in die gesin en vorige Intervensies

	BELEWING V. KINDERJARE				KOMM. IN GESIN				VORIGE INTERVENSIES			
	Gelukkig		Ongelukkig		Goed		Swak		Leeskursus		Psigoterapie	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Eks.	16	88%	2	11%	16	88%	2	11%	5	27%	5	27%
Kon.	13	92%	1	8%	13	92%	1	8%	6	42%	0	0%

Uit tabel 7 is dit duidelik dat beide groepe oorwegend positiewe kinderjarebelewinge en goeie gesinskommunikasie vermeld. Slegs 11% van die eksperimentele lede vermeld ongelukkige kinderjare en beskou die kommunikasie in die gesin as swak. Sewe-en-twintig persent van hierdie lede meld dat hul leeskursusse deurloop het en 27% het reeds vorige psigoterapeutiese intervensies deurloop.

5.2.1.1.1 OPSOMMEND

Ten spyte van die ooreenkomste is daar tog ook aanduidings van kwalitatiewe verskille tussen die groepe. Bogenoemde biografiese besonderhede in aggeneem, kan die aanname gemaak word dat hoewel die lede uit intakte gesinne afkomstig is en hul belewing van kinderjare oor die algemeen as gelukkig beskryf word, daar verskeie studente is wat aangemeld het vir deelname aan die verrykingsprogram, wat problematiek van een of ander aard ondervind het. Dit kan moontlik wees dat hierdie studente die geleentheid aangegryp het vir persoonlike groei en verbetering van psigologiese welsyn. Dit blyk ook dat sommige van hierdie studente vir vorige intervensies aangemeld het en moontlik uitreik vir hulp.


5.2.1.2 LUISTERVERMOËNS: DIE LUISTERTOETS

Ter toelighting van die grafieke is dit nodig om te noem dat dit volgens die standaard prosedure by die Instituut vir Psigoterapie en Voorligting opgestel is. Die X-as toon die frekwensies van 125hz tot 8 000hz. Die Y-as toon die intensiteit van die klankstimulasie in desibel. Daar word telkens twee luggeleidingskurwes (gewoonlik aangedui in blou) en twee beengeleidingskurwes (gewoonlik aangedui in rooi) van die regteroor en die linkeroor verkry, dit wil sê twee kurwes vir elke groep.

Figuur 1 bevat die gemiddelde gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (regteroor) van die groepe soos gemeet met die Luistertoets.


Figuur 2 bevat die gemiddelde gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (linkeroor) van die groepe soos gemeet met die Luistertoets.

Figuur 1: Gemiddelde gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (regteroor) van die eksperimentele- en kontrolegroep soos gemeet met die Luistertoets.



RLKG1: regteroor luggeleiding kontr.groep- 1e eval. ○ Prakties beduidende verskil
 RBGK1: regteroor beengeleiding kontr.groep- 1e eval. ● Mediumgrootte verskil
 RLGE1: regteroor luggeleiding eksp. groep- 1e eval.
 RBGE1: regteroor beengeleiding eksp. groep-1e eval.

Figuur 2: Gemiddelde gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (linkeroor) van die eksperimentele- en kontrolegroep soos gemeet met die Luistertoets.



LLGK1: linkeroor luggeleiding kontr. groep- 1e eval
 LBGK1: linkeroor beengeleiding kontr. groep-1e eval.
 LLGE1: linkeroor luggeleiding eksp. groep- 1e eval.
 LBGE1: linkeroor beengeleiding eksp. groep-1e eval.

Figure 1 en 2 toon geen prakties beduidende verskiltellings met die voortoetsing nie. H1 word dus verwerp en HO1 ondersteun. Hieruit blyk dit dat die twee groepe nie beduidend verskil nie en dus vergelykbaar is betreffende die Luistertoetse.

Die kontrolegroep toon wel 'n mediumgrootte verskil op 125hz van die linkeroor luggeleidingskurwe (fig. 2). 'n Mediumgrootte verskil ten gunste van die eksperimentele groep word verkry op 3 000hz, linkeroor luggeleiding (fig. 2)

Vervolgens word die resultate betreffende intrapsigiese funksionering bespreek en spesifiek die Persoonlike Oriëntasie Indeks en die NEO PI-R.

5.2.1.3 INTRAPSIGIESE FUNKSIONERING

Die meetinstrumente wat gebruik is ter evaluering van hierdie dimensie is die Persoonlike Oriëntasie Indeks (POI) en die NEO-PI-R.

5.2.1.3.1 DIE PERSOONLIKE ORIËNTASIE INDEKS (POI)

In tabel 8 word die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van selfaktualisering aangedui, soos gemeet met die POI.

Tabel 8: Die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van selfaktualisering, soos gemeet met die POI.

Velde van die POI	Eksp. Groep		Kontrolegroep		d
	Gem.	SA	Gem.	SA	
Tydratio	50.63	10.63	43.43	8.55	0.677*
Ondersteuningsratio	72.21	10.60	75.72	6.89	0.331
Selfaktualisering	18.58	2.69	18.78	2.83	0.070
Eksistensialiteit	14.68	3.64	17.00	2.18	0.637*
Gevoelsrefleksie	13.58	2.59	12.78	1.71	0.309
Spontaniteit	11.53	2.09	12.50	1.45	0.464
Selfagting	10.89	2.13	11.57	1.60	0.319
Selfaanvaarding	11.63	3.15	13.07	2.55	0.457
Mensbeskouing	11.63	1.57	11.57	1.50	0.038
Sinergie	5.95	1.51	5.93	1.82	0.010
Aanvaarding v. aggressie	14.68	3.40	13.50	2.34	0.347
Kap. tot intieme kontak	14.63	3.15	16.86	2.80	0.700*

d = effekgrootte: ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$

* mediumgrootte $\geq 0,5$

Uit tabel 8 blyk dit dat daar geen prakties beduidende verskille bestaan tussen die voortellings van die eksperimentele en kontrolegroep, soos gemeet met die POI nie. Op grond hiervan word H1 ten opsigte van alle subskaaftellings verwerp en word H01 aanvaar. Aangesien die groepe betreffende die voormeting as vergelykbaar beskou kan word, kan die beduidendheid van verskille tussen na- en opvolgmeting bespreek word.

Daar is wel 'n mediumgrootte verskil ten gunste van die eksperimentele groep wat betref **Tydratio**. Dit dui daarop dat die eksperimentele groep 'n tendens toon tot groter tydsbevoegdheid dit wil sê 'n tendens tot 'n meer realiteitsgeoriënteerde bewustheid in die hede, waarin ervarings uit die verlede en toekomsverwagtinge in 'n betekenisvolle kontinuïteit bestaan. Dit kan moontlik 'n aanduiding wees dat hierdie studente gereed is vir die deurwerk van ervarings, minder skuldgevoelens en spyt ervaar en oor meer realistiese toekomsverwagtinge beskik as die lede van die kontrolegroep.

Die mediumgrootte verskil ten gunste van die kontrolegroep betreffende **Eksistensialiteit**, dui op 'n tendens tot buigbaarheid in die toepassing van waardes, met ander woorde die vermoë om in ooreenstemming met die eise van die situasie, dit wil sê eksistensieel, op te tree, sonder rigiede handhawing van beginsels.

Die mediumgrootte verskil ten opsigte van **Kapasiteit tot intieme kontak**, dui op 'n sterker tendens tot die ontwikkeling van betekenisvolle, intieme verhoudinge, sonder dat verwagtinge of verpligtinge aan ander gestel word. Die bevindinge hou ook verband met die kontrolegroep se tendens tot spontane en hartlike deelname aan gesprekke soos vasgestel op die Vriend/Vriendin Evalueringsvraelys (vgl. tabel 11).

5.2.1.3.2 Die NEO PI-R

In tabel 9 word die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van persoonlikheidsdimensies aangedui, soos gemeet met die NEO PI-R.

Tabel 9: Die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van persoonlikheidsdimensies, soos gemeet met die NEO PI-R.

Skale en subskale Van die NEO-PI-R	Ekps. Groep		Kontrolegroep		d
	Gem.	SA	Gem.	SA	
Neurotisme:					
1. Angstigheid	16.79	2.15	15.93	2.67	0.322
2. Woede-Vyandigheid	15.53	2.48	15.43	2.47	0.040
3. Depressie	13.36	4.43	11.93	3.87	0.322
4. Selfbewustheid	15.47	2.20	15.86	2.88	0.135
5. Impulsiwiteit	15.32	3.22	14.57	3.57	0.210
6. Kwesbaarheid	21.05	2.48	22.07	2.09	0.419
Ekstraversie:					
1. Warmte	14.58	2.32	15.64	2.41	0.440
2. Geselligheid	15.21	3.28	15.93	2.76	0.220
3. Assertiwiteit	17.05	2.15	16.00	2.08	0.488
4. Aktiwiteit	15.37	2.54	15.43	2.71	0.022
5. Soeke na opwindning	13.79	3.90	15.50	4.60	0.372
6. Positiewe emosies	17.21	2.84	17.43	2.65	0.077
Openheid:					
1. Fantasie	17.21	3.39	17.64	1.86	0.127
2. Estetika	16.58	2.32	16.50	3.03	0.026
3. Gevoelens	17.26	2.35	15.36	2.37	0.802**
4. Aksies	22.37	1.95	22.86	3.06	0.160
5. Idees	16.53	3.15	17.07	2.43	0.171
6. Waardes	20.11	1.76	18.86	2.38	0.525*
Inskiklikheid:					
1. Vertroue	17.68	2.43	16.86	1.61	0.337
2. Openhartigheid	17.32	4.05	16.79	2.86	0.131
3. Altruïsme	16.37	1.54	16.50	2.68	0.048
4. Toegeeflikheid	17.95	3.73	18.50	3.57	0.147
5. Beskeidenheid	17.16	2.54	16.86	2.35	0.118
6. Sagsinnigheid	17.00	2.71	18.07	3.05	0.351
Konsensieusheid:					
1. Bevoegdheid	16.89	2.54	16.79	2.42	0.039
2. Ordelikheid	19.32	2.43	19.64	2.21	0.132
3. Pligsgetrouheid	15.95	2.59	16.93	2.79	0.351
4. Prestasiegerigheid	16.89	2.92	17.00	2.89	0.038
5. Selfdisipline	17.47	3.06	18.57	2.57	0.359
6. Oorwoëndheid	18.53	3.19	18.86	2.85	0.103
NEO Neurotisme	97.42	10.20	95.79	10.50	0.155
NEO Ekstraversie	93.21	9.14	95.93	10.89	0.250
NEO Openheid	110.05	6.83	101.29	9.47	0.925**
NEO Inskiklikheid	103.47	9.50	103.57	8.55	0.011
NEO Konsensieusheid	105.05	7.98	107.79	11.34	0.242

d = effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$ * mediumgrootte $\geq 0,5$

Uit die resultate blyk een prakties beduidende verskil met 'n groot effek naamlik **Openheid**. Dit dui op 'n groter openhartigheidspeil by die eksperimentele groep as by die kontrolegroep.

Binne hierdie skaal (een van die vyf hoofskale soos aangedui in tabel 9), is daar 'n verdere prakties beduidende verskil ten opsigte van die subskaal **Gevoelens**, en 'n mediumgrootte verskil ten opsigte van **Waardes**, beide ten gunste van die eksperimentele groep. Op grond hiervan word H1 ten opsigte van die totale skaal Openheid en die subskaal Gevoelens ondersteun, maar ten opsigte van al die ander velde word HO1 aanvaar. Hieruit blyk verder dat die groepe nie op hierdie twee velde vergelykbaar was nie.

Die **Openheidskaal** behoort gelees te word as Openheid-tot-ervaring. Die eksperimentele groep is dus beduidend meer oop vir ervarings wat plaasvind in hul innerlike en uiterlike wêreld, en ervaar positiewe en negatiewe emosies makliker as die kontrolegroep.

Die prakties beduidende verskil ten opsigte van **Gevoelens** toon gevolglik dat die eksperimentele groep reeds vóór die aanvang van die verrykingsprogram 'n groter openheid ten opsigte van hul eie innerlike ervarings en emosies het en hoë waardes op hierdie emosies plaas. Hulle ervaar dus 'n dieper differensiasie van emosies as die kontrolegroep en ervaar ook hul positiewe en negatiewe emosies meer intens as die lede van die kontrolegroep. Die aanname kan gemaak word dat die persone wat aangemeld het vir die program beduidend meer oop is vir beleving. Hulle erken hul eie emosies en problematiek: vergelyk hier byvoorbeeld die biografiese besonderhede (tabel 6) wat aandui dat daar 5 studente is wat verliese ervaar het en seksuele molestering ter sprake is.

Die mediumgrootte verskil ten opsigte van die subskaal **Waardes**, toon dat die eksperimentele groep 'n groter tendens toon ten opsigte van die herevaluering van sosiale, politieke en religieuse waardes. Die aanname kan gemaak word dat hierdie studente reeds voor die aanvang van die program gereed was tot verandering van sekere waardes en idees.

5.2.1.4 INTERPERSOONLIKE FUNKSIONERING

Vervolgens word die resultate betreffende interpersoonlike funksionering bespreek en by name die Sosiale Vaardigheidsvraelys, Die Firo-B en die Vriend/Vriendin Evalueringsvraelys.

5.2.1.4.1 SOSIALE VAARDIGHEIDSVRAELYS (SVV)

In tabel 10 word die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van interpersoonlike funksionering aangedui, soos gemeet met die SVV.

Tabel 10: Die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van interpersoonlike funksionering, soos gemeet met SVV.

Veld van die SVV	Eksp. Groep		Kontrolegroep		d
	Gem.	SA	Gem.	SA	
Emosionele Ekspressiwiteit	72.53	5.75	70.77	6.27	0.280
Emosionele Sensitiwiteit	107.47	6.75	104.79	9.26	0.289
Emosionele Kontrole	76.05	5.45	77.36	5.03	0.240
Sosiale Ekspressiwiteit	93.84	7.87	92.57	6.87	0.161
Sosiale Sensitiwiteit	100.74	8.92	92.71	7.09	0.900**
Sosiale Kontrole	66.84	6.12	63.93	6.53	0.445
Sosiale Manipulasie	80.21	5.50	83.71	4.97	0.636*
Totaaltelling	597.68	24.52	585.85	22.70	0.463

d = effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$

* mediumgrootte $\geq 0,5$

Uit tabel 10 blyk dit dat daar 'n prakties beduidende verskil bestaan tussen die twee groepe in die veld **Sosiale Sensitiwiteit**, ten gunste van die eksperimentele groep. Dit dui daarop dat die eksperimentele lede reeds vóór die aanbieding van die program meer sensitief was ten opsigte van sosiale aspekte naamlik, die vermoë om verbale kommunikasie te dekodeer en te verstaan en ook meer sensitief is ten opsigte van die kennis van die norme by gepaste sosiale gedrag. Die prakties beduidende verskil tussen die eksperimentele- en kontrolegroep mag ook verband hou met die groter openheid onder die eksperimentele groep (NEO PI-R) en die feit dat 'n redelike persentasie van die groep reeds psigoterapie ontvang het (vgl. tabel 7).

Hieruit blyk egter dat die twee groepe op hierdie veld nie vergelykbaar was nie. HO1 word dus verwerp ten opsigte van die subskaal **Sosiale Sensitiwiteit** en ten opsigte van die ander subskale en totaaltelling van die SVV in hierdie gevalle ondersteun.

Daar kan aanvaar word dat die eksperimentele- en kontrolegroep voor die aanbieding van die program vergelykbaar was ten opsigte van die aspekte wat met die Sosiale Vaardigheidsvraelys gemeet word, met uitsluiting van die Sosiale Sensitiwiteitskaal.

Die mediumgrootte verskil ten gunste van die kontrolegroep by die subskaal **Sosiale Manipulasie** dui daarop dat die kontrolegroep tydens die voortoetsing 'n groter tendens toon om andere of sosiale situasies te manipuleer om so bevredigende resultate te verkry.

5.2.1.4.2 FIRO-B

In tabel 11 word die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van interpersoonlike funksionering aangedui, soos gemeet met die FIRO-B.

Tabel 11: Die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van interpersoonlike funksionering, soos gemeet met FIRO-B.

Velde van die FIRO-B	Eksp. Groep		Kontrolegroep		d
	Gem.	SA	Gem.	SA	
Uitgesproke Insluiting	6.47	3.67	6.43	4.22	0.009
Uitgesproke Kontrole	10.94	4.80	11.83	5.19	0.075
Uitgesproke Affek	4.00	5.47	2.86	4.22	0.208
Gevraagde Insluiting	0.11	0.47	0.46	1.66	0.210
Gevraagde Kontrole	17.37	4.26	15.29	7.12	0.292
Gevraagde Affek	0.58	2.09	0.14	0.53	0.210

d = effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$ * mediumgrootte $\geq 0,5$

Uit tabel 11 is dit duidelik dat daar geen prakties beduidende verskille tussen die voortellings van die eksperimentele- en kontrolegroep soos gemeet met die FIRO-B of enige subskaal van hierdie skaal, nie. HO1 word dus aanvaar en H1 verwerp. Daar kan dus aanvaar word dat die twee groepe op hierdie metingskaal as vergelykbaar beskou kan word.

Vanweë die feit dat daar geen prakties beduidende- of mediumgrootte verskille op hierdie skaal verkry is nie, word verdere bespreking van die subskale nie regverdig nie.

5.2.1.4.3 VRIEND/VRIENDIN EVALUERINGSVRAELYS (VVE)

In tabel 12 word die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van buite-waarnemers beoordeling van die waargenome kommunikasievaardighede aangedui, soos gemeet met die VVE.

Tabel 12: Die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van buite-waarnemers beoordeling van die waargenome kommunikasievaardighede, soos gemeet met die VVE.

Stellings	Eksp. Groep		Kontrolegroep		d
	Gem.	SA	Gem.	SA	
Goeie luisteraar	3.94	0.96	4.29	0.83	0.364
Uitdruk van gevoelens	3.71	0.92	4.14	1.03	0.417
Eerlike respondering	3.71	1.10	4.14	0.95	0.390
Kortaf / Ongeduldig	4.29	0.66	4.23	0.93	0.043
Emosionele nabyheid	2.18	0.88	2.50	1.22	0.262
Hantering van stres	4.12	1.45	3.42	1.88	0.372
Deelname in gespreksit.	3.44	0.89	3.93	0.92	0.532*
Hantering van konflik	3.73	1.22	4.25	1.49	0.348
Kreatiewe denke	2.18	0.53	2.36	0.63	0.285
Aktiwiteit in portuurgrp.	2.88	0.70	3.07	0.83	0.228
Geselsers / Luisteraar	2.24	0.66	2.07	0.47	0.257

d = effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$ * mediumgrootte $\geq 0,5$

Uit tabel 12 blyk dit dat daar geen prakties beduidende verskil tussen die voortellings van die eksperimentele- en kontrolegroep, soos gemeet met die VVE of enige subskaal van hierdie skaal, is nie. Op grond hiervan word HO1 aanvaar vir alle aspekte van hierdie skaal. Aangesien hier nie beduidende verskiltellings verkry is nie, kan aangeneem word dat die groepe dieselfde is en dus vergelykbaar is.

Die mediumgrootte verskil ten gunste van die kontrolegroep ten opsigte van, **Deelname in gespreksituasie**, dui daarop dat die beste vriende/vriendinne van die kontrolegroep hierdie persone waarneem as geneig om meer spontaan en hartlik deel te neem aan gesprekke en selfs as uitbundig beskryf kan word as die waarnemings ten opsigte van die eksperimentele groep.

Vervolgens word die resultate van psigologiese welsyn bespreek en by name die Lewenstevredenheidskaal / Satisfaction with Life Scale (SWLS), die Affektometer 2 / Affectometer 2 (AFM-2) en die Koherensieskaal / Sence of Coherence (SOC).

5.2.1.5 PSIGOLOGIESE WELSYN

In tabel 13 word die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van psigologiese welsyn aangedui, soos gemeet met die SWLS, AFM-2 en SOC.

Tabel 13: Die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van psigologiese welsyn, soos gemeet met die SWLS, AFM-2 en SOC.

Toetse en Subskale	Eksp. Groep		Kontrolegroep		d
	Gem.	SA	Gem.	SA	
SWLS: Lewenstevredenheid	23.68	6.25	26.64	3.84	0.474
AFM2: PA	34.79	6.78	36.29	5.41	0.221
NA	22.21	5.64	19.57	4.96	0.468
PNB	12.58	11.87	16.71	9.55	0.348
SOC: Koherensiesin	130.89	21.05	146.43	19.51	0.738*

d= effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$ * mediumgrootte $\geq 0,5$

Uit tabel 13 blyk dit dat daar geen prakties beduidende verskille op enige van die skale is nie en kan aangeneem word dat die groepe as dieselfde beskou kan word en dus vergelykbaar is. HO1 word aanvaar en H1 verwerp ten opsigte van alle aspekte van die drie skale.

Die kontrolegroep toon 'n mediumgrootte verskil op die Koherensieskaal. Dit impliseer dat hierdie groep 'n groter mate van deurdringende, blywende en dinamiese gevoel van sekerheid en samehang ervaar. Oor die algemeen toon die kontrolegroep hoër gemiddelde tellings as die eksperimentele groep. Die aanname kan gemaak word dat die eksperimentele groep meer bewus is van hul problematiek en tekortkominge.


5.2.2 VERSKILLE TUSSEN GROEPE TYDENS DIE NATOETSING

5.2.2.1 LUISTERVERMOËNS: DIE LUISTERTOETS


Figuur 3 bevat die gemiddelde gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (regteroor) van die groepe soos gemeet met die Luistertoets.

Figuur 4 bevat die gemiddelde gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (linkeroor) van die groepe soos gemeet met die Luistertoets.

Figuur 3: Gemiddelde gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (regteroor) van die eksperimentele- en kontrole groep soos gemeet met die Luistertoets.



Figuur 4: Gemiddelde gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (linkeroor) van die eksperimentele- en kontlegroep soos gemeet met die Luistertoets.



Uit figure 3 en 4 blyk dat dit daar geen prakties beduidende verskille tussen die twee groepe verkry is ten opsigte van luggeleiding of beengeleiding, betreffende die regter- en die linkeroor nie. H2 word dus verwerp en HO2 ondersteun.

Daar is wel 5 medium grootte verskille ten gunste van die eksperimentele groep wat betref die regteroor, luggeleiding (figuur 3) op die volgende frekwensies: 1 500hz, 2 00hz, 3 000hz, 4 000hz en 6 000hz.

Daar is ook 5 medium grootte verskille ten gunste van die eksperimentele groep wat betref die linkeroor, luggeleiding en beengeleiding (fig. 4) op die volgende frekwensies naamlik, linkeroor luggeleiding: 500hz, 3 000hz, 6 000hz en 8 000hz; vir linkeroor beengeleiding op 750 hz.

Die afleiding is dat die eksperimentele groep na afloop van die luisterverrykingsprogram 'n neiging tot verbeterde luistergedrag toon, veral ten opsigte van die regteroor en ten opsigte van die hoë frekwensiegebied

5.2.2.2 INTRAPSIGIESE FUNKSIONERING

5.2.2.2.1 DIE PERSOONLIKE ORIËNTASIE INDEKS (POI)

In tabel 14 word die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van selfaktualisering aangedui, soos gemeet met die POI.

Tabel 14: Die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van selfaktualisering, soos gemeet met die POI.

Velde van die POI	Eksp. Groep		Kontrolegroep		d
	Gem.	SA	Gem.	SA	
Tydratio	46.53	14.55	45.93	45.93	0.041
Ondersteuningsratio	76.41	15.46	76.36	76.36	0.003
Selfaktualisering	18.88	3.10	18.57	18.57	0.080
Eksistensialiteit	16.65	5.51	17.64	17.64	0.197
Gevoelsrefleksie	14.29	3.31	12.64	2.72	0.498
Spontaniteit	11.94	2.72	11.36	3.13	0.185
Selfagting	11.00	2.42	11.78	2.36	0.322
Selfaanvaarding	12.35	3.97	12.86	3.57	0.128
Mensbeskouing	12.00	1.70	11.86	2.32	0.060
Sinergie	6.88	1.36	6.50	1.02	0.279
Aanvaarding v. aggressie	15.71	4.06	13.64	3.34	0.509*
Kapasiteit tot intieme kontak	14.63	3.15	16.43	3.90	0.462

d = effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$ * mediumgrootte $\geq 0,5$

Uit tabel 14 is dit duidelik dat daar geen prakties beduidende verskille tussen die twee groepe na voltooiing van die program is nie. Op grond hiervan word H02 ten opsigte van alle subskale aanvaar en word H2 verwerp.

Daar is wel 'n mediumgrootte verskil ten gunste van die eksperimentele groep wat betref **Aanvaarding van aggressie**. Dit dui op 'n tendens tot groter aanvaardig van eie natuurlike aggressie, met ander woorde, minder ontkenning, verdringing en verdediging ten opsigte van die aggressie wat ervaar word. In samehang met die veld **Emosionele Sensitiwiteit** op die SVV, dui dit daarop dat die eksperimentele groep geneig is meer positief te staan teenoor die negatiewe aspekte in die self, dat hul meer emosioneel sensitief blyk te wees en minder begaan oor die goedkeuring van ander.

5.2.2.2.2 DIE NEO-PI-R

In tabel 15 word die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van persoonlikheidsdimensies aangedui, soos gemeet met die NEO PI-R.

Tabel 15: Die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van persoonlikheidsdimensies, soos gemeet deur die NEO-PI-R.

Skaal en subskale Van die NEO-PI-R	Eksp. Groep		Kontrolegroep		d
	Gem.	SA	Gem.	SA	
Neurotisisme:					
1. Angstigheid	16.59	2.66	16.43	1.28	0.060
2. Woede-Vyandigheid	15.71	2.66	15.14	2.54	0.214
3. Depressie	12.12	4.18	10.50	3.08	0.388
4. Selfbewustheid	14.76	2.82	15.57	2.65	0.287
5. Impulsiwiteit	15.12	2.20	15.29	2.05	0.077
6. Kwesbaarheid	21.35	2.00	21.79	2.99	0.147
Ekstraversie:					
1. Warmte	15.71	1.96	15.93	2.02	0.109
2. Geselligheid	14.94	2.90	15.64	2.82	0.241
3. Assertiwiteit	16.29	3.53	15.93	1.49	0.102
4. Aktiwiteit	15.29	2.11	15.29	3.22	0.000
5. Soeke na opwinding	14.24	4.25	15.14	4.33	0.208
6. Positiewe emosies	18.41	2.43	17.29	1.90	0.461
Openheid:					
1. Fantasie	17.53	4.03	16.03	2.84	0.221
2. Estetika	16.18	2.79	16.14	2.41	0.014
3. Gevoelens	16.65	2.60	15.07	1.98	0.608*
4. Aksies	22.53	2.74	22.64	3.71	0.029
5. Idees	17.47	2.72	18.36	3.36	0.264
6. Waardes	19.94	2.97	19.64	3.39	0.088
Inskiklikheid:					
1. Vertroue	17.47	1.87	17.21	2.21	0.123
2. Openhartigheid	17.29	3.65	16.07	2.34	0.071
3. Altruïsme	16.18	1.94	16.43	2.03	0.123
4. Toegeeflikheid	18.59	3.89	19.21	2.15	0.159
5. Beskeidenheid	18.00	2.09	17.07	2.87	0.324
6. Sagsinnigheid	18.41	3.69	17.07	3.22	0.363
Konsensieusheid:					
1. Bevoegdheid	16.94	3.11	16.21	1.72	0.235
2. Ordelikheid	19.00	3.28	19.21	2.64	0.064
3. Pligsgetrouheid	16.94	2.46	16.64	2.95	0.102
4. Prestasiegerigtheid	17.12	2.98	16.86	2.66	0.087
5. Selfdisipline	18.53	2.62	18.43	2.44	0.038
6. Oorwoëndheid	18.35	1.90	18.71	2.70	0.133
NEO Neurotisisme	95.65	10.95	94.71	6.69	0.086
NEO Ekstraversie	94.88	9.78	95.21	10.77	0.030
NEO Openheid	110.29	10.27	101.43	10.84	0.817**
NEO Inskiklikheid	105.94	10.87	103.07	7.94	0.264
NEO Konsensieusheid	106.88	9.95	106.07	7.91	0.081

d = effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$

* mediumgrootte $\geq 0,5$

Uit tabel 15 blyk dit dat die prakties beduidende verskil op die totale skaal **Openheid** word gehandhaaf ten gunste van die eksperimentele groep. Op grond van die bevindinge word H02 ten opsigte van die totale skaal Openheid ondersteun, maar ten opsigte van alle ander subskale en totale skale word H2 aanvaar.

Hierdie skaal toon vanaf die voormeting geen verandering nie. Die aanname kan gemaak word dat hierdie studente steeds beduidend meer ontvanklik is vir ervaringe wat plaasvind in hul innerlike en uiterlike wêreld. Soos in die biografiese besonderhede vermeld, het hierdie studente met sekere problematiek aangemeld en is hulle as soekend beskryf, dus kan hierdie dimensie 'n aanduiding wees van innerlike prosesse wat in wording is na die aanbieding van die program.

Die subskaal **Gevoelens** toon 'n mediumgrootte verskil ten gunste van die eksperimentele groep waar hierdie skaal 'n prakties beduidende grootte met die voorttoetsing behaal het. Die aanname kan gemaak word dat hierdie studente na die aanbieding van die program geneig is om minder soekend te wees.

5.2.2.3 INTERPERSOONLIKE FUNKSIONERING

5.2.2.3.1 DIE SOSIALE VAARDIGHEIDSVRAELYS (SVV)

In tabel 16 word die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van interpersoonlike funksionering aangedui, soos gemeet met die SVV.

Tabel 16: Die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van interpersoonlike funksionering, soos gemeet met die SVV.

Velde van die SVV	Eksp. Groep		Kontrolegroep		d
	Gem.	SA	Gem.	SA	
Emosionele Ekspressiwiteit	73.00	6.58	72.07	4.63	0.141
Emosionele Sensitiwiteit	10.47	8.21	103.29	9.04	0.573*
Emosionele Kontrole	7.00	7.79	75.86	4.20	0.146
Sosiale Ekspressiwiteit	9.76	8.60	92.93	5.84	0.212
Sosiale Sensitiwiteit	95.82	10.66	92.14	5.29	0.345
Sosiale Kontrole	63.94	10.52	64.07	8.49	0.012
Sosiale Manipulasie	80.82	7.65	83.93	5.50	0.406
Totaaltelling	593.82	40.75	584.29	16.17	0.233

d = effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$ * mediumgrootte $\geq 0,5$

Uit tabel 16 blyk dit dat daar by die eksperimentele- en kontrolegroep op geen veld 'n prakties beduidende verskil bestaan tussen die natoetstellings nie. HO2 word dus aanvaar ten opsigte van alle metings soos verkry met die Sosiale Vaardigheidsvraelys.

Daar is wel 'n mediumgrootte verskil ten gunste van die eksperimentele groep wat betref **Emosionele Sensitiwiteit**. Hierdie bevinding dui op 'n tendens tot vergrote sensitiwiteit ten opsigte van die ontvangs en dekodering van nie-verbale kommunikasie van ander. Hierdie dimensie vind aansluiting by Aanvaarding van aggressie, subskaal van die POI. Die aanname kan gemaak word dat hierdie lede nou meer positief is teenoor die negatiewe aspekte in die self. Die groep se fokus/ telling verskuif van Sosiale Sensitiwiteit, soos voor die aanbieding van die program, na Emosionele Sensitiwiteit. Die lede is dus meer bewus van die self en minder begaan oor die goedkeuring van ander.

5.2.2.3.2 FIRO-B

Vanweë die feit dat daar geen prakties beduidende- of mediumgrootte verskille tussen die natoetstellings van die eksperimentele- en kontrolegroep, soos gemeet met die FIRO-B is nie, sal die gemiddelde verskiltellings nie in tabelvorm aangebied word nie. HO2 word dus aanvaar en H2 verwerp. Geen verdere bespreking op hierdie skaal word egter regverdig nie.

5.2.2.3.3 DIE VRIEND/VRIENDIN EVALUERINGSVRAELYS (VVE)

In tabel 17 word die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van buite-waarnemers beoordeling van die waargenome kommunikasievaardighede aangedui, soos gemeet met die Vriend/Vriendin Evalueringsvraelys (VVE).

Tabel 17: Die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van buite-waarnemers beoordeling van die waargenome kommunikasievaardighede, soos gemeet met die Vriend/Vriendin Evalueringsvraelys (VVE).

Stellings	Eksperimentele Groep		Kontrolegroep		d
	Gem.	SA	Gem.	SA	
Goeie luisteraar	3.88	0.86	3.71	0.91	0.186
Uitdruk van gevoelens	2.94	0.90	3.71	0.99	0.777*
Eerlike respondering	3.59	1.00	3.50	1.09	0.082
Kortaf / Ongeduldig	3.88	0.93	4.07	1.21	0.157
Emosionele nabyheid	2.25	0.86	2.71	1.39	0.330
Hantering van stres	3.88	1.78	3.71	1.68	0.095
Deelname in gespreksit.	3.38	0.89	3.26	0.73	0.134
Hantering van konflik	3.82	1.42	4.14	1.56	0.205
Kreatiewe denke	2.41	0.51	2.43	0.65	0.030
Aktiwiteite in portuurgrp.	3.00	0.73	3.08	0.79	0.101
Geselsers / Luisteraar	1.94	0.56	1.83	0.56	0.196

d = effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$ * mediumgrootte $\geq 0,5$

Uit tabel 17 blyk dit dat daar geen prakties beduidende verskil is tussen die natoetstellings van die eksperimentele- en kontrolegroep, soos gemeet met die Vriend/Vriendin Evalueringsvraelys of enige subskaal daarvan nie. HO2 word dus aanvaar en H2 verwerp ten opsigte van alle dimensies op hierdie skaal.

Die mediumgrootte verskil van ten gunste van die kontrolegroep op die dimensie **Uitdrukking van gevoelens**, weerspieël 'n tendens by die kontrolegroep om hul gevoelens makliker in woorde uit te druk as die eksperimentele groep, aldus die waarnemings van die groepe se beste vriende/vriendinne.

5.2.2.4 PSIGOLOGIESE WELSYN

In tabel 18 word die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van psigologiese welsyn aangedui, soos gemeet met die Satisfaction with Life Scale (SWLS), die Affectometer 2 (AFM-2) en die Sence of Coherence Scale (SOC).

Tabel 18: Die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van psigologiese welsyn, soos gemeet met die SWLS, AFM-2 en SOC.

Toetse en Subskale	Eksp. Groep		Kontrolegroep		d
	Gem.	SA	Gem.	SA	
SWL: Lewenstevredenheid	26.53	5.98	25.43	4.42	0.184
AFM2: PA	38.41	7.06	35.28	5.98	0.443
NA	18.53	6.12	19.57	5.02	0.170
PNB	19.88	11.55	15.71	9.05	0.361
SOC: Koherensiesin	140.12	25.96	143.14	18.89	0.116

d= effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$ * mediumgrootte $\geq 0,5$

Uit tabel 18 blyk dit dat daar geen prakties beduidende verskil is tussen die natoetstellings van die eksperimentele groep en die kontrolegroep, soos gemeet met die SWLS, AFM2 en SOC, nie. Op grond hiervan word HO2 aanvaar en H2 verwerp ten opsigte van die drie skale ter sprake. Hier is ook geen medium grootte verskille tussen die groepe verkry nie.


5.2.3 VERSKILLE TUSSEN GROEPE TYDENS DIE OPVOLGTOETSING

5.2.3.1 LUISTERVERMOËNS: DIE LUISTERTOETS


Figuur 5 bevat die gemiddelde gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (regteroor) soos gemeet met die Luistertoets.

Figuur 6 bevat die gemiddelde gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (linkeroor) soos gemeet met die Luistertoets.

Figuur 5: Gemiddelde gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (regteroor) soos gemeet met die Luistertoets.



Figuur 6: Gemiddelde gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (linkeroor) soos gemeet met die Luistertoets.



Uit figuur 5 blyk dit dat daar drie prakties beduidende verskille ten gunste van die eksperimentele groep is naamlik, die regteroor luggeleiding op 3 000hz en vir die regteroor beengeleiding op 500hz en 750hz. Uit figuur 6 blyk dit dat daar vyf prakties beduidende verskille ten gunste van die eksperimentele groep is naamlik, vir die linkeroor luggeleiding op 250hz en vir die linkeroor beengeleiding op 125hz, 1 000hz, 2 000hz en 3 000hz. Op grond van bogenoemde resultate word HO3 verwerp en H3 ondersteun.

Die afleiding word gemaak dat die eksperimentele groep se luistervaardighede prakties beduidend beter is as die van die kontrolegroep en dit bevestig dat die verbeteringe wel tydens die luisterprogram ingetree het, en tydens die opvolgtoetsing verder gekonsolideer is.

5.2.3.2 INTRAPSIGIESE FUNKSIONERING

5.2.3.2.1 DIE PERSOONLIKE ORIËNTASIE INDEKS (POI)

In tabel 19 word die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van selfaktualisering aangedui, soos gemeet met die POI.

Tabel 19: Die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van selfaktualisering, soos gemeet met die POI.

Velde van die POI	Eksp. Groep		Kontrolegroep		d
	Gem	SA	Gem	SA	
Tydratio	45.56	12.48	46.40	12.22	0.067
Ondersteuningsratio	77.19	13.19	77.50	11.89	0.023
Selfaktualisering	18.81	2.95	19.00	2.58	0.064
Eksistensialiteit	16.44	4.41	16.80	4.73	0.076
Gevoelsrefleksie	14.75	2.98	13.60	2.63	0.385
Spontaniteit	11.63	2.66	12.30	2.21	0.251
Selfagting	11.69	2.09	11.90	1.29	0.100
Selfaanvaarding	12.81	3.56	12.10	4.82	0.147
Mensbeskouing	11.25	2.02	12.50	2.59	0.482
Sinergie	6.50	1.37	6.20	1.67	0.220
Aanvaarding v. aggressie	15.44	4.05	13.40	3.41	0.503*
Kap. tot intieme kontak	16.75	4.07	15.80	4.44	0.214

d = effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$

* mediumgrootte $\geq 0,5$

Tabel 19 toon dat daar geen prakties beduidende verskille in gemiddelde opvolgtoetstelling tussen die eksperimentele- en kontrolegroep is nie. Op grond hiervan word H03 ten opsigte van alle subskale verwerp en word H3 aanvaar. Die mediumgrootte verskil ten opsigte van die veld **Aanvaarding van aggressie** is by die eksperimentele groep gehandhaaf.

5.2.3.2.2 DIE NEO PI-R

In tabel 20 word die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van persoonlikheidsdimensies aangedui, soos gemeet met die NEO PI-R.

Tabel 20: Die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van persoonlikheidsdimensies, soos gemeet met die NEO PI-R.

Skale en subskale Van die NEO-PI-R	Ekps. Groep		Kontrolegroep		d
	Gem.	SA	Gem.	SA	
Neurotisme:					
1. Angstigheid	16.50	2.07	17.00	1.76	0.242
2. Woede-Vyandigheid	15.50	2.68	15.90	2.60	0.149
3. Depressie	12.31	5.31	12.30	2.50	0.000
4. Selfbewustheid	14.19	3.08	14.70	2.91	0.165
5. Impulsiwiteit	15.56	2.80	16.10	3.14	0.172
6. Kwesbaarheid	21.81	3.19	21.60	3.86	0.054
Ekstraversie:					
1. Warmte	14.69	1.96	15.30	2.54	0.240
2. Geselligheid	15.31	2.89	15.60	3.47	0.084
3. Assertiwiteit	18.00	2.19	16.50	1.18	0.685*
4. Aktiwiteit	16.06	2.82	14.70	2.91	0.467
5. Soeke na opwinding	13.63	4.96	16.10	3.14	0.498
6. Positiewe emosies	17.69	2.70	17.50	2.80	0.068
Openheid:					
1. Fantasie	17.25	3.66	16.60	2.07	0.178
2. Estetika	15.56	2.19	16.60	2.17	0.475
3. Gevoelens	17.38	3.50	15.60	2.59	0.509*
4. Aksies	22.13	3.38	21.40	3.95	0.185
5. Idees	17.69	3.18	19.20	2.66	0.475
6. Waardes	20.44	2.73	19.70	4.22	0.175
Inskiklikheid:					
1. Vertroue	17.38	2.78	16.80	2.94	0.197
2. Openhartigheid	17.82	3.31	16.40	3.24	0.429
3. Altruïsme	16.50	2.37	16.40	2.27	0.042
4. Toegeeflikheid	18.88	3.56	19.90	2.38	0.287
5. Beskeidenheid	18.31	2.70	16.80	1.87	0.559*
6. Sagsinnigheid	18.31	3.81	16.20	3.79	0.553*
Konsensieusheid:					
1. Bevoegdheid	17.50	2.80	16.20	2.30	0.464
2. Oordelikeid	19.75	2.70	20.20	2.78	0.162
3. Pligsgetroetheid	17.38	3.20	17.50	2.72	0.038
4. Prestasiegerigtheid	17.44	3.54	17.00	2.05	0.138
5. Selfdisipline	18.31	2.80	19.80	3.46	0.431
6. Oorwoëndheid	19.31	3.44	18.60	3.24	0.206
NEO Neurotisme	95.87	10.43	97.60	9.23	0.166
NEO Ekstraversie	95.38	7.31	94.60	8.97	0.087
NEO Openheid	110.44	11.28	102.40	10.65	0.713*
NEO Inskiklikheid	107.19	11.97	102.50	10.84	0.392
NEO Konsensieusheid	109.69	9.17	109.30	13.33	0.092

d = effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$

* mediumgrootte $\geq 0,5$

Tabel 20 toon geen prakties beduidende verskil tussen opvolgtellings van die eksperimentele groep en die kontrole groep nie. HO3 word dus aanvaar en H3 word verwerp ten opsigte van alle subskale en totale skaaltellings.

Onder die skaal Ekstraversie naamlik, Assertiwiteit word 'n mediumgrootte verskil gerapporteer ten gunste van die eksperimentele groep. Hierdie groep toon derhalwe 'n tendens tot meer kragdadige, dominante en sosiaal-oorheersende gedrag en om groepe waarin hulle betrokke is te lei. Dit dui ook daarop dat die eksperimentele lede nou meer assertief optree in sosiale kontak. Hierdie skaal bevat 'n sterk interpersoonlike komponent. Onder die subskaal Inskiklikheid, word medium effekgroottes op die volgende twee subskale ten gunste van die eksperimentele groep aangetoon naamlik, Beskeidenheid en Sagsinnigheid. Die eksperimentele groep toon dus 'n tendens tot groter nederigheid en teruggetrokkenheid sonder dat hulle selfvertroue en selfagting kortkom. Hierdie dimensie toon verder dat die eksperimentele groep toenemend neig om simpatiek jeens ander te wees en derhalwe deur die behoeftes van ander geraak te word. Hierdie tendens toon ook 'n verband met die eksperimentele groep se groter aanvaarding van hul aggresseie op die POI (vgl. tabel 19).

Die totale skaal **Openheid** toon hier 'n medium grootte verskil. Hier is dus sprake van 'n standhoudendheidseffek ten gunste van die eksperimentele groep wat betref hierdie skaal. Die subskaal **Gevoelens** toon ook 'n standhoudende effek ten gunste van die eksperimentele groep.

5.2.3.3 INTERPERSOONLIKE FUNKSIONERING

5.2.3.3.1 DIE SOSIALE VAARDIGHEIDSVRAELYS (SVV)

In tabel 21 word die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van interpersoonlike funksionering aangedui, soos gemeet met die SVV.

Tabel 21: Die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van interpersoonlike funksionering, soos gemeet met die SVV.

Velde van die SVV	Eksp. Groep		Kontrolegroep		d
	Gem.	SA	Gem.	SA	
Emosionele Ekspressiwiteit	73.75	5.12	70.80	4.80	0.576*
Emosionele Sensitiwiteit	108.75	7.48	102.70	9.56	0.632*
Emosionele Kontrole	74.25	6.18	76.10	4.16	0.299
Sosiale Ekspressiwiteit	94.88	7.94	93.50	8.09	0.170
Sosiale Sensitiwiteit	98.00	10.24	96.40	4.55	0.156
Sosiale Kontrole	65.13	7.69	64.30	5.87	0.107
Sosiale Manipulasie	81.38	3.96	81.50	5.87	0.020
Totaaltelling	596.12	23.00	585.30	26.80	0.403

d = effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$ * mediumgrootte $\geq 0,5$

Uit tabel 21 blyk dit dat daar by die eksperimentele- en die kontrolegroep op geen veld 'n prakties beduidende verskille bestaan tussen die opvolgtoetstellings nie. HO3 word dus aanvaar ten opsigte van alle metings soos verkry met die Sosiale vaardigheidsvraelys.

Mediumgrootte verskille op die velde **Emosionele Ekspressiwiteit** en **Emosionele Sensitiwiteit** word verkry ten gunste van die eksperimentele groep. Hierdie groep toon derhalwe 'n tendens tot 'n verskuiwing weg vanaf 'n aanvanklike groot sosiale sensitiwiteit na 'n groter emosionele ekspressiwiteit wat 'n aanduiding kan wees dat die studente minder begaan is oor die terugvoer en kommentaar van ander. Dit reflekteer 'n tendens tot meer spontane en akkurate uitdrukking van emosies, asook 'n tendens tot beter ontvangs en dekodering van nie-verbale kommunikasie van ander. Hierdie verskille dui aan dat die eksperimentele lede met verloop van tyd, na die deurloop van die program, geneig is om meer ekspressief ten opsigte van emosionele aspekte te wees en meer na "buite-lewend" is, dus meer vertrouend te funksioneer. Die aanname kan dus gemaak word dat hierdie lede se sosiale vaardighede 'n tendens tot verbetering toon.

5.2.3.3.2 FIRO-B

Vanweë die feit dat daar geen prakties beduidende- of mediumgrootte verskille tussen die opvolgtoetstellings van die eksperimentele- en kontrolegroep, soos gemeet met die FIRO-B is nie, sal die gemiddelde verskiltellings nie in tabelvorm aangebied word nie. HO3 word aanvaar en H3 verwerp. Geen verdere bespreking word egter regverdig nie.

5.2.3.3.3 DIE VRIEND/VRIENDIN EVALUERINGSVRAELYS (VVE)

In tabel 22 word die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van buite-waarnemers beoordeling van die waargenome kommunikasievaardighede aangedui, soos gemeet met die VVE.

Tabel 22: Die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van buite-beoordeling van die waargenome kommunikasievaardighede, soos gemeet met die VVE.

Stellings	Eksp. Groep		Kontrolegroep		d
	Gem.	SA	Gem.	SA	
Goeie luisteraar	4.06	0.85	3.10	1.29	0.744*
Uitdruk van gevoelens	3.81	0.83	3.30	0.95	0.536*
Eerlike respondering	4.00	0.63	3.20	1.32	0.606*
Kortaf / Ongeduldig	4.00	0.82	3.40	1.17	0.512*
Emosionele nabyheid	2.31	0.87	3.30	1.25	0.792*
Hantering van stres	3.79	1.58	3.20	1.93	0.305
Deelname in gespreksit.	3.69	0.87	3.40	0.70	0.333
Hantering van konflik	4.73	1.28	4.20	1.55	0.341
Kreatiewe denke	2.50	0.51	2.50	0.71	0.000
Aktiwiteite in portuurgrp.	3.27	0.80	3.11	0.93	0.172
Geselsers / Luisteraar	1.79	0.43	2.00	0.50	0.420

d = effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$ * mediumgrootte $\geq 0,5$

Uit tabel 22 blyk dit dat daar geen beduidende verskil is tussen die opvolgtoetstellings van die eksperimentele groep en die kontrolegroep, soos gemeet met die Vriend/Vriendin Evalueringsvraelys of enige subskaal van hierdie skaal, nie. Op grond hiervan word HO3 aanvaar en H3 verwerp ten opsigte van alle aspekte van hierdie skaal.

Die mediumgrootte verskil ten gunste van die eksperimentele groep betreffende die subskaal **Goeie luisteraar**, dui daarop dat hierdie lede waargeneem word as meer geneig tot werklike luistergedrag en dat hulle derhalwe minder besig is met hul eie gevoelens en gedagtes aldus die waarneming van hul beste vriende/vriendinne. Dit vind aansluiting by die Sosiale Sensitiwiteitskaal van die SVV (vgl. tabel 21), wat ook 'n verbeterde vermoë toon om verbale kommunikasie te dekodeer.

Die mediumgrootte verskil ten opsigte van **Uitdruk van gevoelens**, ten gunste van die eksperimentele groep, dui voorts aan dat die groep volgens hul beste vriende/vriendinne sterker neig om hul gevoelens in woorde uit te druk. Hierdie faset vind ook aansluiting by die SVV, Emosionele ekspressiwiteit.

Die mediumgrootte verskil ten opsigte van **Eerlike respondering**, ten gunste van die eksperimentele groep, dui daarop dat die groep al meer neig om vrae eerlik te beantwoord.

Die mediumgrootte verskil ten opsigte van **Kortaf/Ongeduldig**, ten gunste van die eksperimentele groep, dui voorts aan dat hierdie groep sterker geneig is tot 'n geduldige reaksie op hul vriende.

Die mediumgrootte verskil ten gunste van die kontrolegroep op die subskaal **Emosionele nabyheid**, dui daarop dat die lede van die kontrolegroep al meer geneig is om hul vriende/vriendinne emosioneel naby toe te laat, met ander woorde, hulle neig sterker om hoogs persoonlike gevoelens met hul vriende te deel.

5.2.3.4 PSIGOLOGIESE WELSYN

In tabel 23 word die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van psigologiese welsyn aangedui, soos gemeet met die Satisfaction with Life Scale (SWLS), die Affectometer 2 (AFM-2) en die Sense of Coherence Scale (SOC).

Tabel 23: Die beduidendheid van verskille tussen die groepe ten opsigte van psigologiese welsyn, soos gemeet met die SWLS, AFM-2 en SOC.

Toetse en Subskale	Eksp. Groep		Kontrolegroep		d
	Gem.	SA	Gem.	SA	
SWL: Lewenstevredenheid	25.13	5.57	26.10	3.03	0.174
AFM2: PA NA PNB	37.13	6.57	36.40	5.52	0.111
	19.94	6.38	19.90	3.75	0.006
	17.19	12.06	16.50	8.36	0.057
SOC: Koherensiesin	131.81	25.00	140.40	15.07	0.343

d = effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$ * mediumgrootte $\geq 0,5$

Uit tabel 23 blyk dit dat daar geen prakties beduidende verskil is tussen die opvolgtellings van die eksperimentele- en die kontrolegroep, soos gemeet met die SWLS, AFM2 en SOC, nie. Op grond hiervan word HO3 aanvaar en H3 verwerp ten opsigte van die drie skale.


5.3 VERSKILLE BINNE GROEPE

5.3.1 LUISTERVERMOËNS: DIE LUISTERTOETS


Figuur 7 bevat die gemiddelde gehoorskerptewaardes tussen die voor-natoetstellings vir lug- en beengeleiding (regteroor) van die eksperimentele groep soos gemeet met die Luistertoets.

Figuur 8 bevat die gemiddelde gehoorskerptewaardes tussen die voor-natoetstellings vir lug- en beengeleiding (linkeroor) van die eksperimentele groep soos gemeet met die Luistertoets.

Figuur 7: Gemiddelde voor-na-gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (regteroor) van die eksperimentele groep soos gemeet met die Luistertoets.



Figuur 8: Gemiddelde voor-na-gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (linkeroor) van die eksperimentele groep soos gemeet met die Luistertoets.



Uit figuur 7 (voor- natoetsing) blyk dit dat daar prakties beduidende verskille is naamlik, die regteroor luggeleiding op frekwensies 1 500hz en 6 000hz asook vir die regteroor beengeleiding op 1 000hz en 2 000hz.

Uit figuur 8 (voor- natoetsing) blyk dit dat daar prakties beduidende verskille is naamlik, vir die linkeroor luggeleiding op frekwensies 125 hz, 6 000hz en 8 000hz asook vir die linkeroor beengeleiding op 750hz en 2 000hz. Op grond hiervan word H4 verwerp en HO4 ondersteun.


Die volgende mediumgrootte voor-na-verskille word verkry vir die regteroor luggeleiding (fig. 7) naamlik op frekwensies 125hz, 750hz, 2 000hz, 3 000hz, 4 000hz en 8 000hz asook vir die linkeroor luggeleiding (fig. 8) op 1 500hz, 2 000hz en 4 000hz.

Uit die resultate word afgelei dat die eksperimentele groep na afloop van die program beduidende verbetering ten opsigte van luistervaardighede ondergaan het. Verrassend genoeg in die regter en linkeroor.


Figuur 9 bevat die gemiddelde gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (regteroor) van die eksperimentele groep, na-opvolgtoetstellings, soos gemeet met die Luistertoets.

Figuur 10 bevat die gemiddelde gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (linkeroor) van die eksperimentele groep, na-opvolgtoetstellings, soos gemeet met die Luistertoets.

Figuur 9: Gemiddelde na-opvolg-gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (regteroor) van die eksperimentele groep, soos gemeet met die Luistertoets.



Figuur 10: Gemiddelde na-opvolg-gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (linkeroor) van die eksperimentele groep, soos gemeet met die Luistertoets.




Uit figuur 9 blyk dit dat daar een prakties beduidende verskil is ten opsigte van die regteroor beengeleiding op 1 500hz. Op grond hiervan word H5 ondersteun en H05 verwerp.


Uit figuur 9 blyk dit dat daar twee mediumgrootte verskille is vir die regteroor luggeleiding op frekwensies 1 000hz en 1 500hz asook drie medium grootte verskille vir die regteroor beengeleiding op frekwensies 250hz, 1 000hz en 3 000hz.

Figure 11 en 12 bevat die gemiddelde voor-na-gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (regteroor en linkeroor) van die kontrolegroep, soos gemeet met die Luistertoets.

Figuur 11: Gemiddelde voor-na-gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (regteroor) van die kontrolegroep soos gemeet met die Luistertoets.



Figuur 12: Gemiddelde voor-na-gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (linkeroor) van die kontrolegroep soos gemeet met die Luistertoets.




Uit figuur 11 blyk dit dat daar een prakties beduidende verskil is vir die regteroor beengeleiding op frekwensie 1 500hz. Op grond hiervan word HO6 verwerp en H6 ondersteun.

Mediumgrootte verskille word verkry vir die regteroor luggeleiding op frekwensies 1 000hz en 1 500hz asook vir die regteroor beengeleiding op frekwensies 500hz, 1 000hz en 2 000hz. Die afleiding word gemaak dat die prakties beduidende gehoorskerpte toename in die beengeleidingskurwe van die kontrolegroep, op 1 500hz, 'n minder gunstige betekenis suggereer en verband hou met somatiesse gevoelighede in die groep.

Figuur 13 bevat die gemiddelde na-opvolg-gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (regteroor) van die kontrolegroep, soos gemeet met die Luistertoets.


Figuur 14 bevat die gemiddelde na-opvolg-gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (linkeroor) van die kontrolegroep, soos gemeet met die Luistertoets.

Figuur 13: Gemiddelde na-opvolg-gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (regteroor) van die kontrolegroep, soos gemeet met die Luistertoets.



RLGK 2: regteroor luggeleiding kontr. groep – 2e eval. ○ Prakties beduidende grootte
 RLGK 3: regteroor luggeleiding kontr. groep – 3e eval. ● Mediumgrootte
 RBGK 2: regteroor beengeleiding kontr. groep – 2e eval.
 RBGK 3: regteroor beengeleiding kontr. groep – 3e eval.

Figuur 14: Gemiddelde na-opvolg-gehoorskerptewaardes vir lug- en beengeleiding (linkeroor) van die kontrolegroep, soos gemeet met die Luistertoets.



LLGK 2: linkeroor luggeleiding kontr. groep – 2e eval.
 LLGK 3: linkeroor luggeleiding kontr. groep – 3e eval.
 LBGK 2: linkeroor beengeleiding kontr. groep – 2e eval.
 LBGK 3: linkeroor beengeleiding kontr. groep – 3e eval.

Uit figuur 13 blyk dit dat daar vyf prakties beduidende verskille is betreffende die regteroor beengeleiding op 125hz, 750hz, 1 000hz, 1 500hz en 2 000hz. Uit figuur 14 blyk dit dat daar een prakties beduidende verskil is vir die linkeroor luggeleiding op 8 000hz. Op grond hiervan word H7 verwerp en HO7 ondersteun.

Mediumgrootte verskille word verkry vir die regteroor luggeleiding op frekwensie 6 000hz asook vir die linkeroor luggeleiding en beengeleiding op frekwensie 500hz.

'n Mediumgrootte verskil word verkry by die linkeroor luggeleiding en beengeleiding op frekwensie 500hz.

5.3.2 INTRAPSIGIESE FUNKSIONERING

5.3.2.1 DIE PERSOONLIKE ORIËNTASIE INDEKS (POI)

In tabel 24 word die beduidendheid van verskille binne groepe ten opsigte van selfaktualisering aangedui, soos gemeet met die POI.

Tabel 24: Die beduidendheid van verskille binne groepe ten opsigte van selfaktualisering, soos gemeet met die POI.

Velde van die POI	Eksp. Groep		Kontrolegroep	
	Voor/Na	Na/ Opvolg	Voor/Na	Na/Opvolg
	d	d	d	d
Tydratio	0.250	0.174	0.218	0.000
Ondersteuningsratio	0.262	0.159	0.058	0.447
Selfaktualisering	0.119	0.026	0.051	0.234
Eksistensialiteit	0.301	0.067	0.220	0.316
Gevoelsrefleksie	0.137	0.166	0.055	0.504*
Spontaniteit	0.089	0.022	0.440	0.594*
Selfagting	0.027	0.377	0.080	0.128
Selfaanvaarding	0.119	0.194	0.074	0.107
Mensbeskouing	0.243	0.430	0.122	0.760*
Sinergie	0.555*	0.354	0.320	0.283
Aanvaarding v. aggressie	0.190	0.108	0.053	0.169
Kap. tot intieme kontak	0.162	0.187	0.149	0.225

d = effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$

* mediumgrootte $\geq 0,5$

Uit tabel 24 blyk dit dat daar geen prakties beduidende verskil tussen die voor-natoetsing asook die na-opvolgtoetsing van die eksperimentele- en kontrolegroep is nie. Op grond hiervan word HO4, HO5, HO6 en HO7 ten opsigte van alle subskale aanvaar en H4, H5, H6 en H7 verwerp.

Daar is egter 'n mediumgrootte verskil ten opsigte van **Sinergie** by die eksperimentele groep tydens die voor-natoetsing. Dit dui op 'n verbeterde tendens tot die sien van betekenisvolle verbande tussen teenoorgesteldes in die lewe. Die persone ervaar dus nie dat werk, speel, selfsug en selfloosheid teenoorgesteldes hoef te wees nie. Dit dui dus op 'n matige sterker vermoë om te onderskei tussen aspekte wat teenoorgesteldes van mekaar is en om die verskille te transendeer. Hierdie faset is egter nie standhoudend met die opvolgtoetsing nie (na-opvolgtoetsing).

Die kontrolegroep toon mediumgrootte verskille by die na-opvolgtoetstellings op die subskaal **Gevoelsrefleksie, Spontaneïteit en Mensbeskouing**. Dit dui daarop dat die kontrolegroepslede 'n tendens toon tot groter sensitiwiteit van hul eie behoeftes en gevoelens, maar tog oor die vermoë beskik om spontaan in gedrag daaraan uiting te gee. Die verbetering op die subskaal **Mensbeskouing** dui op 'n tendens tot matig verbeterde vermoëns waarin 'n konstruktiewe mensbeskouing gehuldig word, dat die mens as goed ervaar word en teenoorgesteldes versoen kan word. Die aanname kan dus gemaak word dat die kontrole lede op sekere dimensies groei toon hoewel hulle nie aan die verrykingsprogram deelgeneem het nie.

Uit laasgenoemde resultate blyk dit dat die verrykingsprogram min impak gehad het op die deelnemers se vlak van selfaktualisering. Hoewel nie prakties beduidend nie, toon die tussengroepvergelykings ten opsigte van verskeie skale by die eksperimentele groep verhoging in die tellings na die aanbieding van die program, en reflekteer 'n relatiewe standhoudende effek by die opvolgtoetstellings wat nie die geval was by die kontrolegroep is nie.

5.3.2.2 DIE NEO PI-R

In tabel 25 word die beduidendheid van verskille binne groepe ten opsigte van persoonlikheidsdimensies aangedui, soos gemeet met die NEO PI-R.

Tabel 25: Beduidendheid van verskille binne groepe ten opsigte van persoonlikheidsdimensies, soos gemeet met die NEO PI-R.

Skale en subskale Van die NEO-PI-R	Eksp. Groep		Kontrolegroep	
	Voor/Na	Na/Opvolg	Voor/Na	Na/Opvolg
	d	d	d	d
Neurotisisme:				
1. Angstigheid	0.024	0.111	0.210	0.049
2. Woede-Vyandigheid	0.102	0.098	0.107	0.270
3. Depressie	0.281	0.000	0.374	0.621*
4. Selfbewustheid	0.325	0.157	0.124	0.363
5. Impulsiwiteit	0.237	0.101	0.282	0.858**
6. Kwesbaarheid	0.226	0.121	0.141	0.120
Ekstraversie:				
1. Warmte	0.366	0.427	0.142	0.047
2. Geselligheid	0.117	0.044	0.112	0.181
3. Assertiwiteit	0.195	0.336	0.029	0.360
4. Aktiwiteit	0.164	0.495	0.070	0.286
5. Soeke na opwindning	0.022	0.233	0.120	0.463
6. Positiewe emosies	0.380	0.355	0.056	0.209
Openheid:				
1. Fantasie	0.298	0.166	0.431	0.000
2. Estetika	0.248	0.195	0.145	0.218
3. Gevoelens	0.189	0.265	0.199	0.089
4. Aksies	0.099	0.277	0.066	0.427
5. Idees	0.496	0.056	0.516*	0.066
6. Waardes	0.103	0.299	0.239	0.209
Inskiklikheid:				
1. Vertroue	0.048	0.000	0.127	0.180
2. Openhartigheid	0.048	0.104	0.207	0.139
3. Altruïsme	0.097	0.098	0.028	0.045
4. Toegeeflikheid	0.019	0.102	0.213	0.270
5. Beskeidenheid	0.201	0.209	0.105	0.253
6. Sagsinnigheid	0.481	0.299	0.393	0.444
Konsensieusheid:				
1. Bevoegdheid	0.028	0.385	0.263	0.243
2. Ordelikheid	0.226	0.366	0.220	0.540*
3. Pligsgetrouheid	0.422	0.302	0.142	0.232
4. Prestasiegeërigtheid	0.174	0.107	0.086	0.243
5. Selfdisipline	0.496	0.139	0.080	0.416
6. Oorwoëndheid	0.071	0.396	0.056	0.069
NEO Neurotisisme	0.149	0.028	0.149	0.751
NEO Ekstraversie	0.048	0.047	0.102	0.178
NEO Openheid	0.081	0.026	0.032	0.000
NEO Inskiklikheid	0.151	0.026	0.080	0.105
NEO Konsensieusheid	0.415	0.156	0.237	0.443

d = effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$

* mediumgrootte $\geq 0,5$

Soos deur tabel 25 aangedui, is daar slegs een prakties beduidende verskil en wel op die skaal **Neurotisme** naamlik, **Impulsiwiteit**. Hierdie telling word vermeld by die na-opvolgtoetsing en is ten gunste van die kontrolegroep. Hierdie faset meet die onvermoë om begeertes en behoeftes te beheer. Ten spyte van latere berou van sekere gedrag, het die individue 'n lae weerstand teen hierdie begeertes. Op grond hiervan word HO7 verwerp en H7 aanvaar ten opsigte van die subskaal Impulsiwiteit. HO4, HO5 en HO6 word aanvaar waar H4, H5, H6 en H7 verwerp word ten opsigte van alle ander subskale en totale skaaltellings.

Die mediumgrootte verskil op die subskaal **Idees** onder **Openheid** betreffende die voor-natoetsing in die guns van die kontrolegroep, dui op 'n matige toename in ontvanklikheid en die oorweging van onkonvensionele idees vir hul eie sake. Dit verwys na 'n aktiewe strewe van intellektuele belang vir die genot daarvan. Die subskaal **Depressie** onder **Neurotisme**, toon 'n medium grootte verskil ten gunste van die kontrolegroep betreffende die na-opvolgtoetsing. Hierdie faset verwys na die neiging om depressiewe affek te ervaar. Hierdie lede neig tot neerslagtigheid, word gou ontmoedig en ervaar gevoelens van skuld, hopeloosheid, hartseer en eensaamheid. Betreffende die subskaal **Ordelikheid** onder **Konsensieusheid** dui op 'n tendens van verhoogde behoefte aan netheid, sindelikheid en georganiseerdheid. Hierdie faset kan verband hou met die naderende eksamen en hoër akademiese werkslading in die tweede semester.

Uit die resultate word afgelei dat die verrykingsprogram derhalwe geen aanduibare verbetering ten opsigte van persoonlikheidsdimensies, soos gemeet op die NEO PI-R in die eksperimentele groep, gehad het nie. Hoewel nie prakties betekenisvol nie, lyk dit tog of daar ten opsigte van verskeie skale by die eksperimentele groep verhoging in die tellings was na die aanbieding van die program en dat hierdie veranderings redelik standhoudend gehandhaaf word by die opvolgtoetstellings. Aan die anderkant is dit opvallend dat die kontrolegroep ten opsigte van twee subskale van die een hoofskaal, Neurotisme, 'n tendens tot agteruitgang oftewel verhoogde negatiewe affek ervaar naamlik, ten opsigte van impulsiwiteit en depressie.

5.3.3 INTERPERSOONLIKE FUNKSIONERING

5.3.3.1 DIE SOSIALE VAARDIGHEIDSVRAELYS (SVV)

In tabel 26 word die beduidendheid van verskille binne groepe ten opsigte van interpersoonlike funksionering aangedui, soos gemeet met die SVV.

Tabel 26: Die beduidendheid van verskille binne groepe ten opsigte van interpersoonlike funksionering, soos gemeet met die SVV.

Veld van die SVV	Eksp. Groep		Kontrolegroep	
	Voor/Na	Na/Opvolg	Voor/Na	Na/Opvolg
	d	d	d	d
Emosionele Ekspressiwiteit	0.029	0.311	0.207	0.127
Emosionele Sensitiwiteit	0.108	0.160	0.183	0.153
Emosionele Kontrole	0.215	0.349	0.255	0.013
Sosiale Ekspressiwiteit	0.077	0.070	0.061	0.055
Sosiale Sensitiwiteit	0.376	0.251	0.073	0.563*
Sosiale Kontrole	0.389	0.124	0.016	0.078
Sosiale Manipulasie	0.111	0.070	0.042	0.524*
Totaaltelling	0.075	0.091	0.066	0.016

d = effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$

* mediumgrootte $\geq 0,5$

Uit tabel 26 blyk dit dat daar by die eksperimentele- en kontrolegroep op geen veld 'n prakties beduidende verskil bestaan tussen die voor-natoetstellings asook die na-opvolgtoetstellings nie. HO4, HO5, HO6 en HO7 word dus aanvaar ten opsigte van alle metings soos verkry met die Sosiale Vaardigheidsvraelys.

Dit blyk uit hierdie tabel dat daar 'n mediumgrootte verskil ten gunste van die kontrolegroep bestaan by die na-opvolgtoetstelling en wel op die veld **Sosiale Manipulasie** wat gehandhaaf is vanaf die voortoetsing. Dit dui op die kontrolegroep se progressiewe tendens tot manipulering van ander of sosiale situasies om so bevredigende resultate te verkry en 'n verlaging van hierdie tendens by die eksperimentele groep.

Die mediumgrootte verskil ten gunste van die kontrolegroep by die na-opvolgtoetstelling ten opsigte van **Sosiale Sensitiwiteit** verwys na 'n tendens tot verbeterde dekodering en begrip van verbale kommunikasie, asook 'n tendens tot verhoogde kennis van die norme by gepaste sosiale gedrag.

Uit bogenoemde resultate blyk dit dat die verrykingsprogram in soverre as dit sosiale vaardighede betref, min aanduibare effek gehad het. Hoewel nie prakties beduidend nie, blyk dit tog uit inspeksie van tabelle dat die gemiddelde verskiltoetstellings van die eksperimentele groep verhoog het en selfs 'n standhoudende effek toon met die opvolgtoetsing. Daar is met ander woorde geen agteruitgang in die sosiale vaardighede van die eksperimentele groep nie, terwyl dieselfde nie van die kontrolegroep gesê kan word nie.

5.3.3.2 FIRO-B

Vanweë die feit dat daar geen prakties beduidende- of mediumgrootte verskille is betreffende die binne groepe nie, sal die gemiddelde verskiltellings nie in tabelvorm aangebied word nie. Geen verdere bespreking word regverdig nie. Die volgende hipoteses geld ten opsigte van hierdie meetinstrument:

Daar is geen prakties beduidende verskil tussen die voor-natoetstellings van die eksperimentele groep nie. HO4 word aanvaar en H4 verwerp.

Daar is geen prakties beduidende verskil tussen die na-opvolgtoetstellings van die eksperimentele groep nie. HO5 word aanvaar en H5 verwerp.

Daar is geen prakties beduidende verskil tussen die voor-natoetstellings van die kontrolegroep nie. HO6 word aanvaar en H5 verwerp.

Daar is geen prakties beduidende verskil tussen die na-opvolgtoetstellings van die kontrolegroep nie. HO7 word aanvaar en H7 verwerp.

Uit die resultate blyk dit dat die verrykingsprogram in soverre as wat deur die FIRO-B gemeet word, geen effek gehad het nie. In retrospek kan die aanname gemaak word dat hierdie metingskaal moontlik nie die sosiale dimensies meet soos in hierdie ondersoek van toepassing is nie, en kon moontlik deur 'n ander metingskaal vervang word.

5.3.3.3 DIE VRIEND/VRIENDIN EVALUERINGSVRAELYS (VVE)

In tabel 27 word die beduidendheid van verskille binne groepe ten opsigte van buite-waarnemers beoordeling van die waargenome kommunikasievaardighede, soos gemeet met die VVE, aangedui.

Tabel 27: Die beduidendheid van verskille binne groepe ten opsigte van buite-beoordeling van die waargenome kommunikasievaardighede, soos gemeet met die VVE.

Stellings	Eksp. Groep		Kontrolegroep	
	Voor/Na	Na/Opvolg	Voor/Na	Na/Opvolg
	d	d	d	d
Goeie luisteraar	0.056	0.357	0.756	0.494
Uitdruk van gevoelens	0.733*	0.830**	0.319	0.414
Eerlike respondering	0.366	0.370	0.503	0.212
Kortaf / Ongeduldig	0.311	0.126	0.050	0.621*
Emosionele nabyheid	0.055	0.313	0.267	0.218
Hantering van stres	0.277	0.101	0.318	0.264
Deelname in gespreksit.	0.052	0.718*	0.503*	0.316
Hantering van konflik	0.074	0.585*	0.000	0.114
Kreatiewe denke	0.250	0.112	0.098	0.316
Aktiwiteite in portuurgrp.	0.208	0.385	0.162	0.354
Geselsers / Luisteraar	0.286	0.000	0.332	0.195

d = effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$ * mediumgrootte $\geq 0,5$

Uit tabel 27 blyk dit dat daar een prakties beduidende verskil tussen die na-opvolgtoetstellings van die eksperimentele groep is naamlik op die skaal **Uitdruk van gevoelens**. Dit dui aan dat die waargenome tendens tot makliker uitdrukking van gevoelens na afloop van die program, tydens die opvolgtoetsing, soveel sterker vasgelê is dat die eksperimentele groep as prakties beduidend gemakliker/vaardiger ten opsigte van die uitdrukking van gevoelens waargeneem word. Op grond van hierdie prakties beduidende verskil word HO4 verwerp en H4 aanvaar.

Hier is dus sprake van 'n standhoudendheidseffek van ervaarde verryking. Op grond van hierdie aspek word HO5 verwerp en H5 aanvaar ten opsigte van die skale soos gemeet met die VVE.

Die mediumgrootte verskil tussen die na-opvolgtoetstellings van die eksperimentele groep betreffende die skaal **Deelname in gespreksituasies**, dui op 'n tendens tot meer spontane, hartlike en selfs uitbundige deelname aan gespreksituasies en uiting van wat in hul gemoedere aangaan. Die aanname kan gemaak word dat die studente wel op hierdie aspek gegroei het na die deelname aan die program, aangesien oudiopsigofonologie die verbetering van kommunikasie ten doel het.

Die mediumgrootte verskil tussen die na-opvolgtoetstellings van die eksperimentele groep betreffende die skaal Hantering van konflik, dui op 'n tendens dat hierdie studente meer geneig is om konflik te hanteer waar dit in die verlede vermy is. Dit vind moontlik aansluiting by die skaal Aanvaarding van aggressie op die POI. Die studente is meer geneig om woede en aggressie in die self as natuurlik te aanvaar en dus vind hulle dit ook makliker om konflik te hanteer.

Die mediumgrootte verskil betreffende die subskaal **Deelname in gespreksituasies** by die voor-natoetsing, dui op 'n tendens dat die kontrole lede beskou word as spontane deelnemers aan gespreksituasies. Die mediumgrootte verskil betreffende die subskaal **Kortaf/Ongeduldig** by die na-opvolgtoetsing dui op 'n tendens dat die kontrole lede selde of ooit as ongeduldig of kortaf beskou word.

Uit die bogenoemde resultate blyk dit dat die program uit die oogpunt van die buitewaarnemers 'n groeiende positiewe effek op die eksperimentele groep gehad het. Die positiewe tendense by die kontrolegroep word gesien as aanduidings van 'n onafwendbare groeiproses veral by die sterk eerstejaarskomponent van die kontrolegroep.

5.3.4 PSIGOLOGIESE WELSYN

In tabel 28 word die beduidendheid van verskille binne groepe ten opsigte van psigologiese welsyn aangedui, soos gemeet met die SWLS, AFM-2 en SOC.

Tabel 28: Die beduidendheid van verskille binne groepe ten opsigte van psigologiese welsyn, soos gemeet met die SWLS, AFM-2 en SOC.

Toetse en Subskale	Eksp. Groep		Kontrolegroep	
	Voor/Na	Na/Opvolg	Voor/Na	Na/Opvolg
	d	d	d	D
SWL: Lewenstevredenheid	0.500*	0.157	0.221	0.194
AFM2: PA	0.425	0.170	0.425	0.170
NA	0.395	0.094	0.395	0.094
PNB	0.455	0.160	0.455	0.160
SOC: Koherensiesin	0.389	0.457	0.220	0.133

d = effekgrootte ** prakties beduidende grootte $\geq 0,8$ * mediumgrootte $\geq 0,5$

Uit tabel 28 blyk dit dat daar geen prakties beduidende verskille is tussen die voor- en na-toetstellings van die eksperimentele- en kontrolegroep, soos gemeet met die drie skale, nie. Op grond hiervan word HO4 en HO6 aanvaar, H4 en H6 word dus verwerp ten opsigte van die betrokke skale. Daar is geen beduidende verskil tussen die na-opvolgtoetstellings van die eksperimentele- en kontrolegroep, soos gemeet met die drie skale, nie. Op grond hiervan word HO5 en HO7 aanvaar, H5 en H7 word dus verwerp.

Die mediumgrootte verskil op die Lewenstevredenheidskaal verkry op die voor- en na-toetstellings, dui aan dat die eksperimentele groep na afloop van die program 'n matige toename in lewenstevredenheid ervaar. Hulle neig dus sterker na 'n meer volgehoue gevoel van vertroue dat stimuli van 'n persoon se interne en eksterne wêreld gestruktureerd, voorspelbaar en verklaarbaar is en dat daar genoeg bronne beskikbaar is om die stimuli te hanteer. In aansluiting by Antonovsky (1987) word aanvaar dat hulle ook sterker neig om eise as uitdagings te sien wat die moeite werd is om te aanvaar.

Die gemiddeldes op die SWLS en die SOC is laer as dié wat in ander Suid-Afrikaanse ondersoeke op studentepopulasies gerapporteer word (Wissing & Du Toit, 1994; Wissing & Van Eeden, 1994). Die gemiddeldes vergelyk wel goed met dié van ander studentepopulasies, soos deur Pavot en Diener (1993) gerapporteer.

Uit inspeksie van die tabelle is dit duidelik dat die eksperimentele groep ten opsigte van die **Koherensieskaal** 'n toename in die totaaltellings toon waar die kontrolegroep 'n geringe afname toon. Ten opsigte van die **Affektometer** toon die eksperimentele groep 'n toename in Positiewe affek, 'n afname in Negatiewe affek en 'n toename in Positiewe/Negatiewe affekbalans, wat nie die geval by die kontrolegroep is nie. Die kontrolegroep se tellings bly deurgaans relatief dieselfde. By die **Lewenstevredendheidskaal** toon die eksperimentele groep 'n toename in die totaalstelling met die natoetsing en 'n standhoudende effek met die opvolgtoetsing. Die kontrolegroep se totaalstelling bly deurgaans dieselfde. Die aanname kan dus gemaak word dat die verrykingsprogram in terme van die aspekte wat deur hierdie skale gemeet word, positiewe effekte gehad het, hoewel nie prakties beduidend nie.

5.4 DIE NA-OPVOLGVRAELYS

Die Na-Opvolgvraelys is 'n selfopgestelde 6-item navraag, waarmee 'n finale terugvoer van die eksperimentele groep ingewin is. Vier maande na die voltooiing van die opvolgtoetsing, dus 'n gemiddelde verloop van sewe maande na afloop van die program, is 'n verdere opvolgvraelys op die eksperimentele lede toegepas ter beoordeling van die luisterprogram (vgl. bylaag D). Met die opvolgtoetsing het 83% (N=16) studente van die totale eksperimentele groep gerespondeer. Uit hierdie groep is 80% (N=14) van die lede bereik ter voltooiing van die Na-Opvolgvraelys. Twee en veertig persent het die vraelys telefonies beantwoord en die orige 58% het die vraelys persoonlik voltooi. Uit hierdie groep vermeld 35,7% dat die luisterprogram 'n sterk positiewe effek gehad het wat steeds voortduur, 28,6% meld 'n positiewe effek, 21,4% meld dat hulle slegs van 'n baie beperkte positiewe effek bewus is en 14,3% meld dat hulle op daardie tydstip nie van enige positiewe effek bewus is nie.

Uit die 80% (N=14) van die groep wat 'n positiewe of baie positiewe effek vermeld, skryf 50% hulle verryking toe aan al die potensiele effekte in die program toe, naamlik:

- Ek is meer spontaan, vrolik en tevrede met myself
- Ek is meer betrokke by my omgewing, en ander
- Ek gesels meer dikwels en deel meer van myself met goeie maats
- My gedrag is anders: ek is meer aktief, vinniger, dink en beoordeel sake beter
- Ek is meer gemotiveerd en betrokke by my studies

'n Verdere 27,4% wat 'n positiewe effek rapporteer, sonder die tweede effek uit naamlik, dat hulle meer betrokke is by hul omgewing en ander. Sewe persent sonder die derde effek uit, naamlik: "Ek gesels meer dikwels en deel meer van myself met goeie maats". Laastens vermeld een van die respondente (7,1%) dat sy wel positiewe effekte ervaar het wat sy dan ook toeskryf aan al die bogenoemde effekte, maar is volgens haar nie standhoudend nie aangesien sy die effekte nie op hierdie tydstip meer ervaar nie. Sy meld egter ook dat sy tans persoonlike sowel as liefdesprobleme ondervind.

Een van die proefpersone wat meld dat sy geen positiewe effekte ervaar nie, skryf dit toe aan die feit dat sy maar nog net dieselfde is as voor die luisterprogram, en geen veranderinge agterkom nie. Tog lewer sy die volgende kommentaar: "Ek weet nie of ek regtig positief verander het nie, omdat ek van nature 'n spontane persoon is, maar ek dink op die langer duur het dit tog my persoonlikheid sterker en gemakliker gemaak". Nog 'n proefpersoon wat nie bewus is van enige positiewe effek nie lewer die volgende kommentaar: "Dalk sal die effekte eers met herhaling van die luisterprogram bevestig word. Ek is wel meer oop, aanvaar die lewe makliker en skop nie so vas teen die prikkels nie".

Volgens 21,4% word die musiek uitgesonder as die herinneringe wat die beste uitstaan. Die volgende kommentaar word hiermee gelewer: "Ek dink die tyd met myself teen die agtergrond van musiek het my baie verryk. Dis amper of dit my gehelp het om myself te help". Verdere kommentaar: "Die musiek het 'n groot indruk op my gemaak omdat dit my menswees so maklik kon beïnvloed. Ek het geleer om meer op myself staat te maak as om van ander afhanklik te wees, my lokus van kontrole het verskuif van ekstern na intern. Ek probeer ook meer uitvind van hoe ander dink en voel, om hulle beter te verstaan. Ek probeer dus weier kyk as net vanuit my eie beperkte spektrum".

'n Verdere 14,3% beweer dat die nuwe ontdekkings in hul persoonlikheid en menseverhoudings die sterkste uitstaan. Vergelyk die volgende kommentaar van 'n proefpersoon wat voor die aanvang van die program baie gereserveerd en skugter voorgekom het: "Ek het geleer dat ek vriendeliker en openhartiger kan wees. Dit is ongelooflik – ander is nou ook baie meer spontaan teenoor my".

Uit die totale groep beskou 21,4% hul optrede wat verander het as die herinnering wat die sterkste uitstaan. Die volgende kommentaar omvat een van die proefpersone se beleving: "Ek kan nou meer spontaan optree en makliker gesels. Ek is meer oop teenoor ander en myself. Ek is nie meer so geslote nie en praat makliker oor myself". Nog 'n lid meld dat sy nie so gou kwaad word nie, dat sy 'n saak eers deurdink en dan die konflik hanteer.

Uit die totale groep sonder 28,6% die gesprekke met hul begeleier uit. Die volgende kommentaar spreek vanself: "Die gespreksessies het bygedra tot insig en rigting in my probleme. Dit was regtig vir my baie ontspannend en dit was lekker om met iemand wat verstaan te kon gesels".

Uit die geledere meld 14,3% dat al die gegewe aspekte in hul herinneringe uitstaan naamlik:

- Die musiek
- Gesprekke met my begeleier
- Nuwe ontdekkinge in my persoonlikheid en menseverhoudinge
- My optrede wat verander het

Al die respondente meld dat hulle kans sien om nog 'n verdere 30 halfuursessies te luister.

5.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die resultate van die empiriese ondersoek weergegee deur die beduidendheid van verskille tussen die voor-, na- en opvolgtoetstellings van die eksperimentele groep en die kontrolegroep asook die gemiddelde verskiltellings van die binnegroep te gee en te interpreteer. Die resultate van die Na-Opvolgvraelys is ten slotte weergegee.

In die volgende hoofstuk sal die resultate van die oudiopsigofonologiese verrykingsprogram bespreek word.

HOOFSTUK 6

BESPREKING VAN RESULTATE

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate van die ondersoek bespreek. Eerstens word die vergelykbaarheid van die groepe vóór die aanvang van die projek uitgeklaar daarna word enkele insidente by die deelnemers tydens die verloop van die klankstimulasieproses kortliks bespreek ten einde 'n kwalitatiewe konteks te voorsien vir die volgende afdeling naamlik, die bespreking van die natoetsresultate. Hierna word die opvolgresultate en resultate van die Na-Opvolgvraelys bespreek. Weens die beperking van resultate tot oorwegend verrykingstendense, voortspruitend uit die benutting van 'n salutogene paradigma en gepaardgaande beskikbaarheidsteelproewe, word verrykingstendense vir die doel van die bespreking, as betekenisvol beskou en bespreek.

Die resultate van die eksperimentele en kontrolegroep word telkens afsonderlik bespreek.

6.2 VERGELYKBAARHEID VAN DIE GROEPE VOOR DIE AANBIEDING VAN DIE OUDIOPSIGOFONOLOGIESE PROGRAM

6.2.1. Die Eksperimentele groep

Uit die vergelyking van die eksperimentele- en kontrolegroep ten opsigte van die verskillende meetinstrumente (vgl. hoofstuk 5) kan afgelei word dat die groepe wel kwantitatief vergelykbaar was voor die aanbieding van die projek. Hierdie aanname word bevestig deur die feit dat daar tydens die voortoetsing min prakties beduidende verskille op die verskillende skale gevind is. Prakties beduidende verskille is trouens slegs op twee skale ten gunste van die eksperimentele groep verkry:

1. Ten opsigte van die persoonlikheidsbeoordeling volgens die NEO PI-R, lewer die Openheidskaal, een van die vyf hoofvelde van die skaal, 'n prakties beduidende verskil ten gunste van die eksperimentele groep (vgl. tabel 9). Die gemiddelde telling op die skaal

word volgens die handleiding as hoog aangedui. Dit tipeer die eksperimentele groep as prakties beduidend meer ontvanklik vir ervarings wat in hul uiterlike en innerlike wêreld plaasvind. Die afleiding dat hierdie deelnemers 'n groter openheid ten opsigte van ervarings sal vertoon, word bevestig deur 'n tweede prakties beduidende verskil, op die Gevoelenssubskaal van die **NEO PI-R** (vgl. tabel 9). Dit is 'n aanduiding dat die eksperimentele groep reeds voor die aanvang van die projek 'n groter openheid ten opsigte van hul innerlike ervarings en emosies ervaar en 'n hoër premie op hierdie emosies plaas. Die individue ervaar 'n dieper en groter differensiasie van emosies as die kontrolegroep, dus word beide positiewe en negatiewe emosies meer intens beleef.

2. Die laasgenoemde prakties beduidende persoonlikheidstrek van openheid en in besonder openheid ten opsigte van eie gevoelens vind aansluiting by 'n tweede prakties beduidende verskil, naamlik op die Sosiale Sensitiwiteitskaal van die **Sosiale Vaardigheidsvraelys** (vgl. tabel 10). Dit is 'n aanduiding dat hierdie groep reeds voor die aanbieding van die projek meer sensitief was ten opsigte van sosiale aspekte, naamlik die vermoë om verbale kommunikasie te dekodeer en te verstaan.

Wat die **Luistertoets** aanbetref, is daar 'n mediumgrootte verskil ten gunste van die eksperimentele groep verkry op 3 000hz, van die linkeroor luggeleidingskurwe (vgl. figuur 2). Die frekwensies 1 000hz – 3 000hz verteenwoordig die sone van die spraak, die "logika van die ego", die "geëgotiseerde ek" en van die kommunikasie met ander en suggereer 'n neiging tot 'n beter ontwikkelde luistervaardigheid (Tomatis, 1973:15). Hierdie aspek vind aansluiting by die eksperimentele groep se prakties beduidende groter sosiale sensitiwiteit.

Die mediumgrootte verskil ten gunste van die eksperimentele groep (vgl. tabel 8) op die subskaal Tydsbevoegdheid van die **Persoonlike Oriëntasie Indeks**, dui verder aan dat die groep sterker neig tot 'n realiteitsgeoriënteerde besef van die huidige moment, waarin ervarings uit die verlede en toekomsverwagtinge in 'n betekenisvolle kontinuïteit bestaan. Dit kan moontlik 'n aanduiding wees dat hierdie studente meer gereed is vir die deurwerk van ervarings, minder skuldgevoelens en spyt ervaar en oor meer realistiese toekomsverwagtinge beskik.

Die mediumgrootte verskil op die subskaal Waardes van die **NEO PI-R** (vgl. tabel 9) suggereer 'n neiging tot die herevaluering van sosiale, politieke en religieuse waardes. Die

aanname kan gemaak word dat hierdie studente reeds voor die aanvang van die projek gereed was vir 'n herevaluering van sekere waardes en idees.

Wat die psigologiese welsyn skale betref is daar geen praktiese beduidende verskille tussen die eksperimentele- en kontrolegroep nie. Die gemiddelde tellings van die eksperimentele groep op die **Lewenstevredenheidskaal** en die **Koherensieskaal** (vgl. tabel 13) is laer as dié wat in ander Suid-Afrikaanse ondersoeke op studentepopulasies gerapporteer word en wat van psigologies gesonde deelnemers verwag kan word (Wissing & Du Toit, 1994; Wissing en Van Eeden, 1994). Die aanname kan gemaak word dat die eksperimentele groep meer bewus is van hul problematiek en tekortkominge en daarom nie 'n hoë mate van Koherensiesin of Lewenstevredenheid ervaar nie. Verder ervaar die eksperimentele groep bykans twee maal meer negatiewe lewenservaringe as die Amerikaanse normgroep (Wissing & Van Eeden, 1994). Die hoeveelheid positiewe lewensgebeure wat hierdie groep ervaar, is wel min of meer dieselfde as dié wat deur die Amerikaanse normgroep gerapporteer is. Op grond hiervan word afgelei dat hierdie groep waarskynlik kan baat vind by die projek en dat daar 'n bydra gelewer kan word tot die vermindering van negatiewe konsekwensies en bevordering van psigologiese welsyn.

Van der Wateren (1997) vind dat al die skale en subskale van die psigologiese welsyn vraelyste naamlik, die **Koherensieskaal**, **Lewenstevredenheidskaal**, die **Positiewe Affek (PA)** en **Positief-Negatiewe-Affek-Balans-Skaal (PNB)**-subskale van die **Affektometer** 'n betekenisvolle verband toon met **Religie**. Die **Negatiewe Affek-subskale (NA)** van die **AFM** het 'n betekenisvolle negatiewe korrelasie met **Religie**. Mense vir wie **Religie** 'n belangrike waarde is, rapporteer oor die algemeen 'n hoër mate van psigologiese welsyn as dié vir wie **Religie** nie 'n belangrike waarde is nie. Hulle ervaar ook minder **Negatiewe Affek-gevoelens**. Volgens die **Biografiese gegewens** (vgl. tabel 2) vermeld 11% van die eksperimentele groep geen kerverwantskap en 11% van die groep geen betrokkenheid by die kerk nie. Die huidige onderzoeker is van mening dat hierdie aspek moontlike implikasies kan inhou met betrekking tot die uitslae van hierdie psigologiese welsyn skale, soos dan ook weerspieël word in die resultate, veral gegewe die feit dat die eksperimentele groep as klein beskou kan word ($n = 18$).

Wat die voortoetsresultate van die psigometrieske skale betref kan die aanname gemaak word dat die groepe homogeen, en dus vergelykbaar is. Kwalitatief sou mens egter verskeie verskille tussen die twee groepe kon aandui. Volgens die biografiese vraelys is dit duidelik dat

daar meer ernstige emosionele letsels by die eksperimentele groep teenwoordig is. Uit tabel 6 blyk dit dat 22% van hierdie lede aan seksuele molestering blootgestel is.

Uit die literatuur word aangedui dat hierdie soort psigologiese trauma blywend kan wees indien daar nie indringend aandag geskenk word aan die problematiek wat hiermee gepaard gaan nie. Ook vermeld 16% die verlies van belangrike persone in hul lewens (vgl. tabel 6), elf persent meld ongelukke en ongelukkige belewinge tydens hul kinderjare. Hierdie aspek kan moontlik verband hou met die feit dat die eksperimentele groep hul vrywillig aangemeld het vir deelname aan die projek, omdat hulle moontlike verwagtinge van 'n terapeutiese proses gekoester het. Genoemde aanduiding van die algemene belewing van nood en gepaardgaande motivering om iets konstruktiefs daaromtrent te onderneem word in die biografiese besonderhede ondersteun deur die feit dat 22% van die eksperimentele lede reeds vorige professionele intervensies ondergaan het (vgl. tabel 7). Die afleiding kan gemaak word dat hierdie intervensies wel van waarde was aangesien hierdie lede nie meerangs ervaar as die kontrolegroep nie (NEO PI-R), ten spyte van die relatiewe graad van erns van bogenoemde trauma's. Volgens die NEO PI-R is dit egter duidelik dat hierdie lede nog soekend is, soos aangedui op die Openheidskaal (vgl. tabel 9). Laasgenoemde tendens hang moontlik ook saam met die 11% lede wat geen kerklike verbintenis aandui nie (vgl. tabel 2).

6.2.2 Die Kontrolegroep

Wat betref die **Luistertoets** is daar 'n mediumgrootte verskil in die guns van die kontrolegroep op die linker luggeleidingskurwe op 125hz (vgl. figuur 2). Die frekwensies 125hz – 1 000hz word in verband gebring met liggaamlike elemente en veral visseraliteit van die individu, sy ego en sy onbewuste. Dit is die sogenaamde visserale response en korrespondeer met die waarneming van die laer klanke. Dit is die sogenaamde "geëgotiseerde soma" (Tomatis, 1973:15). Die frekwensie 125hz verteenwoordig ook seksualiteit. Die kontrolegroep vertoon derhalwe 'n matig sterker ingesteldheid op hul organiese bestaan, insluitend 'n moontlike tendens tot selfpreokkupasie. Dié aspek vind ook aansluiting by die kontrolegroep se tendens tot Sosiale manipulasie (vgl. die Sosiale Vaardigheidsvraelys, tabel 10).

Verder behaal die kontrolegroep 'n mediumgrootte verskil ten opsigte van Kapasiteit tot intieme kontak op die **Persoonlike Oriëntasie Indeks** (vgl. tabel 8) wat aandui dat hulle sterker neig na die ontwikkeling van betekenisvolle intieme verhoudinge met ander. Hierdie aspek vind ook aansluiting by die subskaal Deelname in gespreksituasies van die **Vriend/Vriendin Evalueringsvraelys** (vgl. tabel 12) waaar 'n mediumgrootte verskil aandui dat die kontrolegroep meer geneig is om spontaan en hartlik deel te neem aan gesprekke en selfs as uitbundig beskryf kan word.

Die mediumgrootte verskil op Eksistensialiteit van die **Persoonlike Oriëntasie Indeks** (vgl. tabel 8), dui op 'n tendens tot buigbaarheid in die toepassing van waardes, met ander woorde die vermoë om in ooreenstemming met die eise van die situasie, dit wil sê eksistensieel, op te tree, sonder rigiede handhawing van beginsels.

Laastens is dit interessant dat die kontrolegroep volgens die **Koherensieskaal** (vgl. tabel 13) geneig is tot 'n sterker koherensiesin en derhalwe 'n groter gevoel van innerlike sekerheid ervaar.

6.2.3 Die betekenis van die voortoetsbevindinge in die lig van laat adolessensie / vroeë volwassenheid

Wanneer die resultate in die konteks van laat adolessensie en vroeë volwassenheid geplaas word, is dit nodig om die ontwikkelingstake in ag te neem wat ook beskou word as groeidimensies vir die fasilitering van studenteontwikkeling. Deur die bevindinge dus met die ontwikkelingstydperk waarin die proefpersone tans verkeer in verband te bring, kan die volle betekenis daarvan aangetoon word.

Vir die doel van hierdie ondersoek word daar uit die ontwikkelingstake van die adolessent en vroeë volwassene vier groeidimensies geabstraheer waarin die ontwikkeling van die student gefasiliteer kan word:

Die eerste dimensie is dié van ego-identiteit: Erikson (1980) beskou die primêre ontwikkelingstaak van hierdie ouderdomsgroep as die ontwikkeling van 'n eie volwasse identiteit. Die student moet in hierdie tydperk groei na 'n volwasse geïntegreerde selfkonsep wat uit interne oortuiging opgebou word. Chickering (1981) sluit aspekte soos die aanvaarding van die liggaam, die hantering van emosies en selfaanvaarding by hierdie aspek in. In dié opsig vertoon die eksperimentele lede groter openheid ten opsigte van hul innerlike ervarings en emosies as die kontrolegroep en plaas 'n hoë premie op hierdie emosies. Hulle ervaar 'n diep en groot differensiasie van emosies, beide positief en negatief en is meer oop vir ervarings wat plaasvind in hul innerlike en uiterlike wêreld. Gazda (1984) wys daarop dat die jongmens moet aanpas by 'n nuwe liggaamsbeeld en noem dat daar uitlaatkleppe gevind moet word vir die seksuele dryfkragte wat na vore kom. As gevolg van hierdie ontwikkelinge mag daar ook veranderings intree ten opsigte van eetgewoontes, oefenprogramme, ontspannings- en seksuele aktiwiteite asook moontlike dwelmmisbruik.

In tabel 4 meld 9,3% van die totale groep dat hulle rook en 6,2% gebruik van alkohol. Sewe en twintig persent (N=7) van die dames in die eksperimentele groep meld seksuele molestering en spreek hul kommer uit tydens die begeleidende gespreksessies dat hierdie traumatiese gebeure steeds as problematies ervaar word en negatiewe konsekwensies inhou vir heteroseksuele verhoudinge, hul liggaamsbeeld en ander fasette van hul funksionering. Die afleiding word gemaak dat veral die proses van ego-identiteitsvorming by die eksperimentele groep gekompliseer is as gevolg van hul blootstelling aan meer negatiewe gebeure en seksuele molestering.

Die tweede dimensie is die ontwikkeling van interpersoonlike verhoudinge: 'n Baie belangrike nuwe ontwikkelingstaak tree nou na vore naamlik, die aanleer van kommunikasievaardighede. Hierdie kommunikasievaardighede sal aan die jongmens beter bedingingsmag bied, nie alleen om sy eie individualiteit, behoeftes en ervarings bekend te maak nie, maar ook om die gemeenskap beter te "hoor", om sodoende ander se individualiteit te leer aanvaar om betrokke te raak in meer sensitiewe en betekenisvolle sosiale verhoudinge. Die hantering van konfliktsituasies en kommunikasie speel 'n deurslaggewende rol in die sluit van interpersoonlike verhoudinge (Gazda, 1984; Gerdes *et al.*, 1988). Die kontrolegroep is geneig tot uitbundigheid met goeie deelname aan gespreksituasies en 'n mate van kapasiteit tot intieme kontak. Daar is egter tendense tot sosiale manipulasie ten einde die gewenste resultate te verseker. Hierdie lede is ook in 'n groter mate ingestel op hul organiese bestaan wat moontlik 'n mate van selfpreokkupasie tot gevolg het.

Die eksperimentele groep daarenteen neig na 'n groter sensitiviteit ten opsigte van sosiale aspekte, die vermoë om verbale kommunikasie te dekodeer en te verstaan. Hulle beskik ook oor 'n matig beter ontwikkelde luistervaardigheid as die kontrolegroep.

'n Derde dimensie is dié van intellektuele ontwikkeling en die gereedmaking vir die beroepslewe: As gevolg van die normatiewe invloed van die universiteitsomgewing op studente, is dit algemeen dat die student vrae sal hê oor sy intellektuele vermoëns (Kitchener, 1982). Die universiteitsomgewing, die samelewing en die ouers stel eise aan die student om 'n loopbaankeuse te maak. Om die regte beroepskeuse te maak plaas heelwat druk op die student. In die moderne tyd is daar 'n veel groter verskeidenheid beroepe om uit te kies. Ekonomiese druk maak dit noodsaaklik dat studente nie akademiese probleme ervaar nie en hulle studies in die voorgeskrewe tyd voltooi. Die regte studiehouding en effektiewe studiemetode word baie belangrik (Gerdes *et al.*, 1981). Die keuse van die regte beroep is in die studentelewe een van die belangrikste ontwikkelingstake. Die fasette van loopbaanontwikkeling wat in hierdie lewensfase die belangrikste rol speel is behoeftes, lewensrolle, waardes, beroepsbelangstelling en eienskappe soos persoonlikheid, intelligensie, studiehoudings, selfkonsep en interpersoonlike verhoudings (Kitchener, 1982; Langley, 1988). Een van die eerstejaarmanstudente in die eksperimentele groep meld byvoorbeeld dat hy van studierigting wil verander aangesien hy slegs studeer omdat sy vader van hom verwag om in sy voetspore te volg. Een besondere konsekwensie van bogenoemde dimensie is dat die samestelling van die proefgroep moontlik 'n remmende effek op die resultate kon hê as gevolg van die gebrek aan homogeniteit. Ter illustrasie word die samestelling van die totale groep gestel naamlik, 39% eerstejaarstudente, 42% derdejaarstudente en 11% vierdejaarstudente.

Die vierde dimensie is die ontwikkeling van outonomie: Die verwerwing van emosionele outonomie is 'n natuurlike ontwikkeling in die "opgroei-proses". Wanneer 'n sterker, meer komplekse identiteit ontwikkel het, kom meer gevoelens van outonomie na vore en dit lei daartoe dat die persoon meer uitdagings trotseer (Stevens-Long & Cobb, 1983). Die ontwikkeling van 'n eie stel waardes waarvolgens gedrag gerig en keuses oorweeg kan word, is van die belangrikste komponente van hierdie lewensfase. Die student moet 'n sosiale ideologie opbou om so 'n verantwoordelike lid van die gemeenskap te kan wees. Volgens Gerdes en Van Ede (1981) is een van die belangrikste ontwikkelingstake van hierdie fase die van 'n eie waardesisteem. Uit die voortoetsing kan die aanname gemaak word dat die eksperimentele lede reeds voor die aanvang van die program gereed was tot verandering en herevaluering van sekere sosiale, politieke en religieuse waardes.

'n Belangrike faset van die laat adolessente jare wat gedurende vroeë volwassenheid verdere beslag kry, is die oriëntasie tov die godsdiens (Gerdes & Van Ede, 1981). Hier kan verwys word na die 23% van die totale groep wat meld dat hulle oor geen kerkverwantskap beskik nie, wat 'n aanduiding is dat hierdie lede nog soekend is op hierdie gebied.

Die huidige ondersoeker se beleving van die individuele toetsing was deurgaans dat die proefpersone se bereidheid tot samewerking 'n uitvloeisel was van 'n verwagting dat selfs die deurloop van die toetservaring en gepaardgaande gespreksontmoeting, moontlik 'n bydrae tot 'n terapeutiese proses kon lewer, vandaar hul oorwegend puik samewerking.

6.3 KWALITATIEWE GEBEURE TYDENS DIE PROJEK

Die unieke opset van die oudiopsigofonologiese proses is dat 30 ure saam met die proefpersone gespandeer word en dat daar daaglikse kontak is tydens die duur van die klankstimulasieproses. Die lede is ewekansig verdeel tussen die projekteier en die navorser vir die hantering van die begeleidende gespreksituasies. Die huidige navorser het gebruik gemaak van die Boomtoets (Koch, 1952) as 'n metode om die proefpersone beter te leer ken. Die projekteier het hom weer op die Luistertoets toegespits as middel in dié verband.

6.3.1 Die Boomtoets

Hierdie projektiewe tekentegniek hou besondere voordele in, veral omdat dit ruimte bied waarin die meer onbewuste aspekte gemanifesteer kan word. In terme van praktiese oorweginge staan die Boomtoets bo die ander erkende projektiewe tegnieke byvoorbeeld die Rorschach en TAT uit, omdat dit eenvoudig is om af te neem, veel korter neem en boonop 'n gemaklike inleidingstaak tot die toetsprogram sou wees. Wesenlik berus hierdie toets op die rasionaal van projeksie. Die aanname is vervolgens dat hierdie toets by wyse van projeksie belangrike aspekte van 'n persoon se "self" behoort te ontlok. Bolander (1977) verklaar dat die Boomtekening belangrike inligting verskaf rakende aspekte soos 'n persoon se ontwikkelingsituasie, waarin vroeë kondisionering, onbewuste prosesse en bepaalde dinamieke van die persoonlikheid weerspieël word. Die lewensbeeld oftewel "gestalt" van die tekenaar se in-die-wêreld-wees wat op dié wyse verkry word, word vertolk aan die hand van verskillende simboliese betekenisse wat aan verskillende aspekte van die tekening gekoppel word, byvoorbeeld instinklike, seksualiteit en onbewuste aspekte word verbind aan die

wortelstelsel van die boom, die stam word met die persoon se emosionele lewe in verband gebring, en die takstruktuur in verband met kognitiewe en intellektuele prosesse. 'n Laaste rasionaal is dat die vertolking van 'n tekening nie slegs volgens rasionele, logiese gronde plaasvind nie, dog ook 'n intuitiewe, "verstehende" benadering waarin aanvoeling met analitiese denke gekombineer word, insluit (sien byvoorbeeld Buck & Hammer, 1969; Koch, 1952).

In aansluiting by bogenoemde bespreking het die huidige onderzoeker dit goed geag om hierdie aspekte van die eksperimentele groep te verifieer op grond van die tendense verkry uit die Boomtoetse. Met die aanvang van die projek, naamlik die eerste en tweede luistersessies, is die proefpersone versoek om elk 'n boom te teken. Die resultate en afleidings van hierdie "toets" vereis sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe vertolking en die oorkoepelende tendense kan soos volg verklaar word:

Die tekeninge vertoon oor die algemeen 'n sterk tendens of inklinasie na links. In terme van die teoretiese veronderstelling van die toets impliseer die resultate dat die sfeer van die verlede, die moederprinsiep en –affek, moontlik 'n prominente posisie in die belewingswêreld van die groep beklee (vgl. proefpersoon 1, bylaag C). Verdere implikasies hiervan is 'n té groot gebondenheid aan die verlede, moontlik ten koste van 'n gebalanseerde ontvanklikheid vir die toekoms (soos deur die regterkant van die tekening gesimboliseer), die manlike, en die sfeer van verhoudinge met mense. Hierdie aspek sluit direk by die biografiese besonderhede aan, sowel as die POI waar die eksperimentele groep se Kapasiteit tot intieme kontak laer vertoon as die van die kontrolegroep.

Verder toon 25% van die proefpersone se tekeninge 'n voorkoms van gebroke- en naasliggende lyne (vgl. proefpersone 2 en 3, bylaag D). 'n Afleiding in terme van die teoretiese konnotasies, is dat die proefpersone senuweeagtig is (vgl. tabel 4 waar 27% spanning vermeld) en moontlik ook probleme met selfuitdrukking ervaar, soos ook blyk uit die Vriend/Vriendin Evalueringsvraelys: Deelname aan gespreksituasie met 'n mediumgrootte verskil ten gunste van die kontrolegroep. Dit dui daarop dat die eksperimentele groep minder geneig is om spontaan deel te neem aan gesprekke en nie as uitbundig beskou kan word nie. Ook hierdie resultate bevestig en konkretiseer die dilemma waarin die lede tydens die aanvang van die luisterprogram verkeer.

Die voorkoms van merke, gate en gebroke takke van 40% van die proefpersone dui op traumatiese gebeure soos siekte, sterftes van belangrike figure of ander skokervaringe (vgl. proefpersone 4 en 5, bylaag C). Hierdie aspekte mag verband hou met die biografiese besonderhede (vgl. tabel 4) waar vermeld word dat 16% verliese van belangrike persone ervaar het. Elf persent vermeld ongelukke, 22% meld seksuele molestering en 11% meld ongelukkige belewinge van hul kindjare (vgl. proefpersone 5 en 6, bylaag C). Hier suggereer die afgekapte takke gevoelens van trauma. Die dooie-/wintertakke kan moontlik 'n projeksie wees van die traumatiese ervaring wat dalk gepaard kan gaan met 'n gevoel van verlies aan satisfaksie / lewenstevredenheid. Sewe-en-twintig persent teken wolktipe bome (vgl. proefpersone 7 en 8, bylaag C) wat aktiewe fantasie, lae energievlakke en moontlike kinderlike vermyding van realiteit suggereer. Dit is interessant om te vermeld dat sommige van hierdie dames las het van 'n spastiese kolon en baie huisvas is.

Aan die einde van die luistersessies is die proefpersone weer versoek om 'n Boomtekening te maak. In terme van enkele relevante aspekte, kan die positiewe veranderinge in die tweede boomtekening (natoetsing) met die volgende waarnemings saamgevat word:

- Groter balans: Veral 'n afname in geneigdheid na links, wat 'n afname in 'n oorbetrokkenheid by die moederpool of die verlede impliseer.
- 'n Afname in gevoelswerdediging: 'n Afname in skaduering op die stam.
- Groter openheid: Ooptakeindpunte, groter openheid in die takstruktuur, as aanduiding van sterker moontlikhede tot energie-uitruiling tussen die individu en die omgewing.
- Moontlike aanduidings van sterker behoeftes aan kontak: Blare waar voorheen slegs takke geteken is.
- Sterker intellektuele differensiasie: Groter differensiasie van takke waar voorheen slegs 'n diffuse takstruktuur geteken is.
- Aanduidings van gemakliker psigologiese vloei: Byvoorbeeld vloeiender lyne en minder hoekige takke.
- Doeltreffender benutting van omgewing.

6.3.2 Individuele begeleidende gespreksessies

Aan elke proefpersoon is minstens een keer per week 'n individuele onderhoud toegestaan. Dit is sover moontlik deur die loop van die dag onderneem, hoewel sommige gesprekke dikwels saans tydens die luistersessies ingepas is. Die individuele onderhoude is in ooreenstemming met die volgende faktore gevoer:

- Die beginsels van korttermyn klein-groep intervensies vir universiteitstudente, veral met betrekking tot 'n mate van direkte leiding (Oppenheimer, 1984).
- Die sentrale aanname van OPF, naamlik die identifikasie van blokkades wat werklike menswees inhibeer (die integrasie tussen uiterlike persoonlikheid en innerlike wesensbelewinge beperk of versteur) en die voorkoming daarvan (vgl. Tomatis, 1980:17).
- Relevante aspekte van die psigologie van studentwees (vgl. Gerdes en Van Ede, 1981)

6.3.3 Kwalitatiewe terugvoer van die eksperimentele groep

Met verloop van die luistersessies en gespreksontmoetings het die eksperimentele lede verskeie veranderinge in hul gedrag vermeld. Hierdie veranderinge word in drie dele opgesom en aangebied, naamlik luistervermoëns, intrapsigiese- en interpersoonlike funksionering:

Luistervermoëns:

Twee studente wat by die Alabama studentegeselskap van die PU vir CHO betrokke is, meld dat hulle hul sang anders beleef, asof die sang nou "binne" is met ander woorde dat dit gevoel en nie net gehoor word nie. Die stem word ook anders waargeneem. Een dame meld dat sy nou haar stem ken en dit voel, dat dit 'n warm gevoel is en dat haar stem nou baie duidelik is. Hierdie studente meld dat hul stemme nie meer as "vreemd" ervaar word tydens sang nie, asof hulle nou gewoond raak daaraan. Hulle meld ook dat sang en spraak nou meer as 'n eenheid ervaar word. Hier het dus integrasie plaasgevind.

Die meerderheid studente meld dat klanke en musiek in die algemeen hul makliker irriteer aangesien hulle gewoond geraak het aan die suiwer klanke van die oudiopsigofonologie.

Hulle is ook meer bewus van die klanke vanuit die omgewing, dat die hoë klanke energiegelend is en die lae klanke neig om mens meer te stem. Dit kan 'n aanduiding wees dat hulle regterore die hoër frekwensies beter waarneem en dat die studente nou hulself herlaai deur musiek. Hierdie aspekte vind ook bevestiging in die natoetsing op die Luistertoets wat medium grootte verskille ten gunste van die eksperimentele groep toon betreffende regteroor luggeleiding op die frekwensies 1 500hz tot 6 000hz.

Ongeveer 60% van die groep meld dat hulle meer aandagtig luister, asof 'n groter begrip daarmee gepaard gaan. Ses studente meld dat hul kommunikasie met hul ouers verbeter het bloot deur die feit dat hulle vir die eerste keer in 'n lang periode werklik weer na hul ouers luister. Die studente is ook meer bewus van hul stemme wat met die korrekte liggaamshouding duideliker spraak tot gevolg het dat hulle hul spraak ook beter kan kontroleer. Ouditiewe selfkondisionering is dus moontlik gemaak waardeur die gehoor verryk word vanaf 'n passiewe akkomodasie aan klank (hoor) tot 'n aktiewe deelname daaraan (luister). Daar is egter twee proefpersone wat vermeld dat spraak as problematies ervaar word, dat hul stemme vreemd klink, asof dit vir die eerste keer werklik aangehoor word en ongemak veroorsaak.

Intrapysiese funksionering:

Op grond van die terugvoer vanaf die studente kan die aanname gemaak word dat daar 'n sin vir individualiteit ontwikkel en 'n nuwe identiteit vanuit die sosiale omgewing verkry word. Sommige studente meld dat hulle skielik gedwonge voel om keuses te maak en besluite te neem. Hierdie keuses lei tot 'n meer duidelike selfdefinisie. Daar word dus in diepte na hulself gekyk en subpersoonlikhede word ontdek wat weer lei tot erkenning, bewuswording en integrasie. Hierdie ontwikkeling lei ook tot 'n groter mate van onafhanklikheid. Veral die eerstejaarstudente meld dat hulle hulself nou as uniek waarneem, anders as hul ouers se siening, met 'n eie waardesisteem, norme en houdings. Hier word verwys na die molestingsproblematiek wat vyf van die dames vir 'n lang tydperk met hulself moes saamdra en wat gelei het tot negatiewe konsekwensies op verskeie fasette van hul funksionering. By navrae blyk dit dat slegs een van die dames die traumatiese ondervindinge met 'n terapeut bespreek het.

Een dame se skuldgevoelens kom sterk na vore in die volgende stelling: "Ek het van baie kleins af gewonder of Liewe Jesus my sal vergewe. As Hy my nie vergewe nie, hoe kan ek

myself vergewe ?” Dieselfde dame meld dat sy soms geweldige weerstand ervaar om saans op te daag vir die luistersessies, dat dit haar omkrap en emosioneel stem. Sy meld verder dat sy veral tydens die tweede week van die luistersessies intense aggressie teenoor haar ma ervaar het: “Sy moes my beskerm het, ek was maar net ‘n klein dogtertjie”. ‘n Interessante verskynsel op die luisterkurwes van hierdie dames is dat die hede (regterkurwe) en verlede (linkerkurwe) nie in harmonie is nie en die integrasie van die buite- en binnewêreld gevolglik ontbreek.

Al die gemolesteerde dames ervaar sterk kontrolebehoefte, emosionele labiliteit en somatisering van angs in die vorm van ‘n spastiese kolon. Met verloop van die luisterprogram en begeleidende gespreksessies meld hierdie dames dat hulle verlig voel oor die feit dat hulle oor die traumatiese ervarings kon praat, en tydens die luistersessies (twee en ‘n halfuur se isolasie in ‘n geslote ruimte) letterlik tot stilstand gedwing is om aandag te gee aan die problematiek wat hiermee gepaard gaan en hul lewens tot dusver oorheers het. Een dame meld dat sy nou meer selfgeldend is, dat sy nie net wil gee nie maar ook aan die ontvangkant wil staan. “Die musiek wys die diepte en tekortkominge van vriendskappe uit. Alles is so duidelik. Ek kommunikeer selfs beter met vreemde mense”. Hierdie groei vind aansluiting by die Persoonlike Oriëntasie Indeks (POI) wat ‘n mediumgrootte verskil ten gunste van die eksperimentele groep toon op die subskaal Aanvaarding van aggressie, wat daarop dui dat die lede nou meer positief is teenoor die negatiewe aspekte in die self. Die groep se fokus verskuif van Sosiale sensitiwiteit, soos voor die aanbieding van die program, na Emosionele sensitiwiteit, soos gemeet deur die Sosiale Vaardigheidsvraelys. Die lede is dus meer bewus van die self en minder begaan oor ander.

Negentig persent van die studente meld ook dat hulle opnuut bewus raak van vroeë lewensgebeure. Tydens die Aktiewe fase het sommige studente met tye intense spanninge ervaar en baie emosioneel geraak. In enkele gevalle het die proefpersone, namate hulle meer van hul werklike gevoelens bewus begin word het, intens geworstel met verhoudingsprobleme, byvoorbeeld ouer-kind-verhoudinge. Sommige verklaar dat dit vir hulle ‘n reis deur die verlede is met die terugkeer van verskeie herinneringe. Veral die dames het moeite gedoen om hul moeders uit te vra oor hul geboorte en ontwikkelingsfases asof hulle ‘n behoefte het om hulself beter te leer ken.

In ongeveer 30% is hier gebruik gemaak van collagewerk wat tydens die gespreksessies bespreek is. Dit lewer ‘n bydrae tot verhoogde insig oor die lewensverloop van die student.

Die belewing van die liggaamsbeeld het hieruit voortgespruit en die feit dat die persoon moet vrede maak met die liggaam waarmee hy/sy moet saamleef. Een van die mansstudente meld dat hy weer tot die besef kom dat hy nie doen wat hy werklik wil doen nie en slegs studeer omdat sy vader dit van hom verwag. Hy ervaar opstand aangesien hy die kursus nie geniet nie en derhalwe probleme ondervind in sekere van die vakke.

Later in die sessies is daar aanduidings van 'n groter emosionele onafhanklikheid, 'n vryheid van oormatige behoefte aan aanvaarding, nabyheid en emosionele ondersteuning van die ouers.

Sommige studente rapporteer interessante drome wat 'n aanduiding is van die onderbewuste prosesse wat aan die werk is met betrekking tot sekere persoonlikheidsfasette.

Van die studente meld 'n groter mate van impulsiwiteit. Dit dui op kontrole en beheer wat effe afgebreek is. Hulle doen "simpel" goed soos om hardop te skree in die koshuisgange en doen dinge spontaan sonder om daarvoor te tob. In aansluiting by hierdie aspek is hulle ook meer geneig om hulself toe te laat om dinge direk te sê of te doen. Hulle praat nie meer met ompaaie nie, maar eerliker en meer reguit as waaraan hulle gewoond is. Hulle neem ook makliker besluite sonder om vriende of ouers daarvoor te raadpleeg. Dit is 'n aanduiding dat daar 'n verandering of verskerping van kritiese denke plaasgevind het.

Ongeveer 40% ervaar 'n groter bewustheid van die Skepper en derhalwe 'n spirituele verdieping. Die groter openheid om te ervaar en te leer lei ook tot 'n verdieping in gebed. 'n Verhouding tussen die self en die kosmos word ontwikkel wat lei tot beter begrip en insig. Die afleiding dat dat die program selfs op die proefpersone se religieuse sensitiwiteit 'n impak gehad het, is ook versoenbaar met die aannames van OPF. Die uitgangspunt is immers dat die hoëfrekwensiestimulasie (klanke bo 8 000hz) die sogenaamde "geestelike sfeer" van menswees stimuleer (Tomatis, 1973:16).

Die meeste deelnemers, by beraming 80%, rapporteer hoër energievlakke, dat hulle meer spraaksaam is, "lekker werk", beter studeer en beter konsentreer. Die hipotese kan egter gestel word dat hierdie studente as gevolg van die neurologiese stimulerings effek van OPF, kognitief helderder en doeltreffer funksioneer.

In teenstelling met hierdie studente is daar ander wat weer meer slaap en moeg voel. Dit is 'n tipiese uitwerking van die musiek wat aangebied word waar die Gregoriaanse gesange daarop

gemik is om ontspanning mee te bring en Mozart se vioolkonserte wat weer energievlakke verhoog.

Hoewel die gefiltreerde klanke energie verhoog, lei dit by vier studente tot angstigheid en hulle beleef 'n gevoel van weerstand om vir verdere sessies op te daag. Die konfrontasie met die self en gebeure uit die verlede word dus baie intens ervaar. Die toename in angstigheid mag verband hou met die toenemende ontsluitingsreaksie oftewel "oopgaan"-ervaring wat onder invloed van die hoë frekwensie-stimulering ingetree het, op 'n tydstip dat die groter openheid op sensoriese en emosionele vlak nog nie volkome geïntegreer is nie en tot verhoogde angs aanleiding gee. 'n Tweede moontlikheid hou verband met 'n waarneming van Rothenburg (1972). Hierdie skrywer merk op dat 'n terapeutiese proses groter vryheid vir 'n kliënt meebring – wat weer angs stimuleer, omdat die keersy van vryheid juis angs is.

Die gefiltreerde klanke het dikwels 'n abreaksie tot gevolg. Die afsondering in 'n geslote ruimte vir twee en 'n halfuur kan tot 'n katarsis lei aangesien die persoon nie langer kan weghardloop van die self en sy/haar emosionele pyn nie, die begrensing en mure verkrummel. Een van die dames van die eerste luistergroep het byvoorbeeld so 'n katarsis ervaar na aanleiding van 'n traumatiese ervaring wat sy twee jaar tevore beleef het. Hierdie uitbarsting het tot gevolg gehad dat sy ongeveer halfpad deur die program gehospitaliseer moes word, haar studies en ook die program moes staak. Op daardie stadium rapporteer sy dat die traumatiese ervaring vir haar weer intens werklik geword het.

Ongeveer die helfte van die studente meld dat hul meer bewus is van hul liggame, die inname van kos en vloeistowwe, dat hulle 'n behoefte daaraan het om hul liggame te voed met gesonde kos, dus 'n behoefte om na liggaam en gees om te sien. Een dame meld dat dit voel of haar gestel verbeter het. Uiterlik is hierdie vermelding bevestig deur haar blink oë en vleklose gelaat. Hierdie aspekte vind aansluiting by die natoetsing ten opsigte van psigologiese welsyn wat 'n bestendige toename by hierdie groep toon. Die koherensiesin verbeter aansienlik in vergelyking met die voortoetsing, 'n hoër lewenstevredenheid word verkry en die Positiewe affek en Positiewe/Negatiewe affekbalans is nou hoër as dié van die kontrolegroep met die Negatiewe affek wat by laasgenoemde hoër vertoon.

Interpersoonlike funksionering:

Sommige studente kry terugvoer uit die omgewing dat hulle "anders" is. Party praat meer waar ander meld dat hulle meer direk en assertief in hul optrede is as voorheen. Ander meld dat hulle geïrriteerd raak met vriende wat nie verbaal vinnig genoeg tot 'n punt kom nie. Sommige stel nou duideliker grense, veral in vriendskapverhoudinge. Vier lede meld dat hulle meer in hulself gekeer is en nie soos voorheen aan al wat 'n aksie is deelneem nie. Hierdie veranderinge word as vreemd ervaar en vriendskappe moet herdefinieer word. Enkele proefpersone ervaar hierdie veranderinge as negatief aangesien vriendskappe oënskynlik benadeel word. Een van die dames som dit as volg op: "Net een persoon uit die vriendekring deurloop hierdie proses, dus is dit net hierdie persoon wat in 'n kort tydperk op verskeie vlakke groei ervaar. Vriendskappe bereik 'n nuwe dimensie vir die persoon wat aan die projek deelgeneem het, maar die vriende verstaan nie die skielike veranderinge nie. Dit is nou vir my belangrik om oop te wees, om die goed op die tafel te gooi en daaroor te praat waar ek voorheen dinge sommer net aanvaar het en saam met die stroom gegaan het, is dit nou nodig om my standpunt te stel. Die ergste is dat ek dieselfde van my vriende verwag en dit veroorsaak konflik". Die proefpersone is deurentyd deur die onderzoeker en projekteier ondersteun deur hulle aan te moedig om die oudiopsigofonologiese proses aan hul vriende te verduidelik. Hierdie proefpersone groei psigologies en die proses is onomkeerbaar en vriende op 'n laer vlak van psigologiese groei kan derhalwe agtergelaat word. Hierdie persone is dus interpersoonlik meer sensitief en verwag dieselfde van ander. Dit vind ook aansluiting by die Sosiale Vaardigheidsvraelys wat 'n medium grootte verskil ten gunste van die eksperimentele groep op die subskaal Emosionele Sensitiwiteit toon, wat 'n aanduiding is van 'n verbeterde vermoë om nie-verbale kommunikasie van ander te ontvang en te dekodeer. Aanduidings van verbeterde luistergedrag is dus waargeneem.

By beraming meld 33% proefpersone dat hulle voorheen nie maklik kontak gemaak het nie en hulself veral van vreemde mense sou onttrek. Nou is hulle meer oop en kommunikeer met groter vrymoedigheid en selfvertroue. Van hierdie lede spreek ook 'n groter behoefte aan kommunikasie uit en meld dat hul kommunikasie met hul ouers en vriende verbeter het. Hulle rapporteer dat ouers hulle nou beter verstaan en dat hulle 'n behoefte het om met ouers oor dinge uit die verlede te praat, dat hul klasdeelname verhoog het en dat hulle positiewe terugvoer van studente en dosente ontvang.

Opsommend kan gesê word dat hierdie studente meer sensitief, empaties en konsidererend is. Daar word groter klem geplaas op die egtheid van die self en ander, wat ook gepaard gaan met opregtheid en eerlikheid. Wedersydse respek en aanvaarding verkry 'n nuwe betekenis en ook is daar 'n groter mate van vryheid in hul verhoudings.

Hoewel daar nie veel prakties beduidende veranderinge na die aanbieding van die projek op die psigometriesse battery verkry is nie, kan die aanname kwalitatief gemaak word dat hierdie projek suksesvol was op grond van die veranderinge wat die proefpersone op verskeie vlakke ervaar het en steeds ervaar (soos blyk uit terugvoer van die studente en ook die Na-Opvolgvraelys).

Die talle aanduidings van psigiese groei op die boomtekeninge en kwalitatiewe rapportering korreleer in baie opsigte met die resultate van die ander meetinstrumente. Dit is egter nie korrek om af te lei dat die proefpersone na afloop van die program as persone "afgerond" en "probleemvry" is nie. Probleemareas kom steeds in talle opsigte tot uiting. Enkele hiervan is byvoorbeeld verhoudingsprobleme, liggaamsbeeldprobleme, spanningsprobleme en probleme met die onmiddellike of ruimer leefwêreld. Moontlik juis as gevolg hiervan het 22% proefpersone versoek om na afloop van die luistersessies met verlengde gespreksessies voort te gaan. Die ontwikkeling kan egter as blyk van persoonlikheidsverruiming gesien word, aanduidend van 'n gunstige uitkoms van die luisterprogram.

6.4 BESPREKING VAN DIE NA-TOETSRESULTATE

6.4.1 Die Eksperimentele groep

Wat die **Luistertoets** betref is daar wel medium grootte verskille ten gunste van die eksperimentele groep wat betref die regteroor, luggeleiding (vgl. fig. 3) op die volgende frekwensies: 1 500hz, 2 000hz, 3 000hz, 4 000hz en 6 000hz. Dit weerspieël 'n tendens tot verbetering van luistergedrag en suggereer dus 'n verbetering in interpersoonlike kommunikasie.

Die sone bokant 3 000hz word beskou as die sone van die gees/spiritualiteit in die ware sin van die woord, "daardie vibrasie van die wese opsoek na homself". Dit is ook die resonansie na die moeder, en terwyl die linkeroor neig op soek te wees na die Skeppende Moeder, daar open die regteroor hom op die geestelike, op soek na sy Skepper (soos dit hier die geval is). Dit is ook die sone van die "gevoel, die emosie en intuïsie" (Tomatis, 1973:15-16). Soos reeds onder 6.3.3 aangedui weerspieël hierdie tendens tot verbeterde hoër frekwensie-waarneming derhalwe ook 'n sterker spirituele bewussyn by die eksperimentele groep.

Daar is ook mediumgrootte verskille ten gunste van die eksperimentele groep wat betref die linkeroor, luggeleiding en beengeleiding (vgl. fig. 4) op die volgende frekwensies: 500hz, 3 000hz, 6 000hz en 8 000hz vir linkeroor luggeleiding en 750hz vir linkeroor beengeleiding 750hz.

Wanneer grafiek 1 en 2 met grafiek 3 en 4 vergelyk word, blyk dit dat die gehoorkurwes aansienlik gestyg het betreffende die hoër frekwensies. Die eksperimentele groep se luistervermoëns toon 'n verbetering veral ten opsigte van die frekwensies 1 500hz en bo. Daar is ook 'n aanduiding dat die eksperimentele groep 'n regteroor dominansie toon. Die regteroor staan in verband met die "aktiewe dinamiek, die opening na die toekoms, die nastreef van die sonbeeld, die ontdekking van die vader, die intuïsie van die Skepper" (Tomatis, 1973:15-16). OPF-stimulering het ten doel om 'n sterker regter ouditiwe dominansie te vestig aangesien klankstimulasie dan direk na die taalarea in die linkerhemisfeer gestuur word, sonder die ompad in die geval van 'n linker ouditiwe dominansie.

Beide die kurwes van die eksperimentele groep is merkbaar gladder, dus is die sig-sag patrone van die voortoetsing uitgestryk. Die afleiding kan gemaak word dat die tendens tot spanning soos aangedui deur die aanvanklike patroon plek gemaak het vir 'n groter balans wat die luistervaardighede van die lede positief behoort te bevorder. Die na-toets verhogings op die kurwes korrespondeer met die ideale oudiometriese kurwe, naamlik die "musikale oor" wat dui op verhoogde reseptiwiteit vir ouditiwe stimuli, veral op die hoër frekwensies vir been- en luggeleiding (Tomatis, 1983). Verhoging in hoër frekwensie persepsie is 'n aanduiding van 'n verhoogde gewilligheid om te luister. Dit vind aansluiting by Aanvaarding van aggressie subskaal van die **Persoonlike Oriëntasie Indeks** (vgl. tabel 14) en die Emosionele Sensitiwiteit en Emosionele Ekspressiwiteit subskale van die **Sosiale Vaardigheidsvraelys** (vgl. tabel 16) ,

Op die subskaal Aanvaarding van aggressie van die **Persoonlike Oriëntasie Indeks** (vgl. tabel 14) verkry die eksperimentele groep 'n mediumgrootte verskil wat dui op matig verbeterde vermoë om eie natuurlike aggressie te aanvaar. In samehang met die veld Emosionele Sensitiwiteit op die **Sosiale Vaardigheidsvraelys** (vgl. tabel 16), wat ook 'n mediumgrootte verskil toon, dui dit op 'n tendens dat die studente na afloop van die projek meer positief staan teenoor die negatiewe aspekte in die self, dat hulle meer emosioneel sensitief blyk te wees en minder begaan oor die goedkeuring van ander. Dit impliseer dat die proefpersone in hul funksionering minder op ander gerig is en meer op hul eie innerlike prosesse, insluitende oortuiging en waardes, steun. Op beide skale het die proefpersone verandering in 'n positiewe rigting ondergaan.

Dit is dus duidelik dat die proefpersone minder verdedigend en ontkennend ten opsigte van hul natuurlike aggressiewe tendense is, maar terselfdertyd ook meer geneë is tot emosioneel-warm interpersoonlike kontak. Uit hul reaksies tydens die verrykingsprogram het dit ook duidelik geword dat die proefpersone geleidelik meer van hul eie innerlike belewing begin ontsluit het.

Hierdie aspek vind ook ondersteuning in die resultate op die **Affektometer- 2**, wat meer positiewe as negatiewe gevoelservaringe reflekteer (vgl. tabel 18). Ten opsigte van die subskaal Sinergie op die **Persoonlike Oriëntasie Indeks** (vgl. tabel 14), toon die resultate 'n mediumgrootte binnegroep-toename vir die eksperimentele groep. Hierdie lede neig dus na afloop van die projek tot 'n verbeterde vermoë om dichotomieë te transendeer en dus 'n ruimer werklikheidsbeskouing te handhaaf. Uit bostaande resultate kan dus afgelei word dat die bevindinge ten opsigte van emosionele volwassenheid 'n aanduiding van die effektiwiteit van die verrykingsprogram is.

Op die Openheidskaal van die **NEO PI-R** (vgl. tabel 15) handhaaf die eksperimentele groep hulle prakties beduidende verskil. Hierdie lede se openheid-tot-ervaring word steeds sterk ervaaar na die aanbieding van die verrykingsprogram, hulle is steeds prakties beduidend meer oop vir ervarings wat plaasvind in hul innerlike en uiterlike wêreld, en ervaar positiewe en negatiewe emosies. Die aanname kan gemaak word dat hierdie lede deur hul openheid-tot-ervaring baat gevind het by die verrykingsprogram, dat die verkreeë insig en perspektief ruimte laat vir verdere persoonlikheidsverruiming. Hierdie aspek vind direk aansluiting by die feit dat 22% proefpersone verlengde gespreksessies versoek het.

Die mediumgrootte verskil die **NEO PI-R** op die subskaal Gevoelens, (vgl. tabel 15) dui op 'n tendens tot openheid ten opsigte van hul innerlike ervarings en emosies en hoë waardes op hierdie emosies plaas.

Soos blyk uit die binnegroepontleding van die **Vriend/Vriendin Evalueringskaal** (vgl. tabel 17), verkry die eksperimentele groep 'n mediumgrootte verskil op die dimensie Uitdruk van gevoelens, wat daarop dui dat dit vriende se ervaring na die afloop van die program is, dat die proefpersone selde of ooit sukkel om hul ware gevoelens in woorde uit te druk. Dit is betekenisvol dat hierdie groeitendense op medium vlak na afloop van die projek ook deur 'n objektiewe waarnemer naamlik die goeie vriend/vriendin bevestig word. Dit vind aansluiting by die kwalitatiewe bespreking waar sommige van die studente rapporteer dat dit vir hulle belangrik is om eerlik en opreg te wees en dat hulle nou meer direk kan sê wat in hul gemoedere omgaan.

Wat psigologiese welsyn betref is daar 'n bestendige toename by die eksperimentele groep, met die kontrolegroep wat min of meer dieselfde bly of geringe laer tellings verkry. Uit die binnegroepontleding van die eksperimentele groep op die **Koherensieskaal** behaal hierdie groep 'n mediumgrootte verskil na die aanbieding van die program (vgl. tabel 18). Daar kan aangeneem word dat hierdie lede se kwaliteit van lewe in terme van die persone se eie kriteria in 'n mate verbeter het. Die groep se gemiddelde toetstelling verbeter van 130,89 na 140,12. Hoewel nie prakties beduidend nie, dui dit op 'n matig verhoogde belewing van 'n deurlopende, blywende en dinamiese gevoel van vertroue, dat: (i) die stimuli wat uit hul interne en eksterne omgewing voortspruit gestruktureerd, voorspelbaar en verklaarbaar is; (ii) die bronne beskikbaar is om die eise wat hierdie stimuli stel, te hanteer; (iii) hierdie eise uitdagings is wat die moeite werd is om op ag te slaan. Wanneer 'n individu dit wat om hom gebeur verstaan, dink dat hy/sy beheer daaroor het (of bronne het wat help beheer) en die gebeure as betekenisvol ervaar, sal die persoon 'n hoër vlak van koherensiesin ervaar (Antonovsky, 1987, 1993).

Hoewel nie betekenisvol nie, toon die eksperimentele groep 'n verbetering in gemiddelde toetstellings betreffende **Positiewe Affek (PA)** en **Positiewe/Negatiewe Affekbalans (PNB)** op die **Affektometer 2** (vgl. tabel 18). Die meer positiewe as negatiewe gevoelservarings sal dus dui op hoër vlakke van psigologiese welsyn.

Uit bogenoemde bespreking van dié resultate blyk dit dat daar nie veel prakties beduidende verskille na die aanbieding van die projek verkry is nie. Dit dui moontlik daarop dat die 60 luistersessies nie genoegsaam was om 'n maksimale effek te verkry nie, aangesien dit nie die volle spektrum van die oudiopsigofonologiese program insluit nie. Verder moet in gedagte gehou word dat die proefpersone vir die grootste gedeelte van die program hul studies aktief tydens die luistersessies voortgesit het en dus nie die volle tydperk van 30 uur slegs met die program gemoeid was nie. Dit mag ook wees dat die volle impak van die program nog nie tydens hertoetsing openlik tot uiting gekom het nie, vandaar die relatief beperkte kwantitatiewe beeld van verandering. Ook mag die resultate dalk meer veelseggend gewees het, indien 'n meetinstrument spesifiek vir die proses van OPF opgestel en gestandaardiseer sou kon word. Die meetinstrumente is dalk nie so geskik vir die spesifieke veranderinge wat met die klankstimulasie verwag kan word nie. Daar is wel aanduidings van gunstige verwikkelinge wat 'n aanduiding is dat hierdie studente in 'n proses van verandering is en moontlik deur opvolg- luistersessies verder ontwikkel kon word.

6.4.2 Die Kontrolegroep

By die binnegroepontleding van die **NEO PI-R** behaal die kontrolegroep 'n mediumgrootte verskil op die subskaal **Idees** (vgl. tabel 25). Hierdie faset verwys na die vermoë tot ontvanklikheid en die oorweging van onkonvensionele idees vir hul eie sake. Dit verwys na die aktiewe strewe van intellektuele belang vir die genot daarvan. Dit kan gevolglik 'n tendens tot akademiese groei deur die verloop van die jaar aandui.

Die mediumgrootte verskil op die dimensie, **Uitdrukking van gevoelens**, (vgl. tabel 17) op die **Vriend/Vriendin Evalueringskaal**, dui op 'n tendens tot gemakliker uitdrukking van gevoelens. Dit vind ook aansluiting by die dimensie, **Deelname in gespreksituasie**, by die binnegroepontleding (vgl. tabel 27), wat dui op 'n tendens tot spontane deelname aan gesprekke en selfs uitbundigheid. Hierdie aspek vind aansluiting by die binnegroepontleding waar die kontrolegroep mediumgrootte verskille verkry op die **Persoonlike Oriëntasie Indeks** betreffende die subskale **Gevoelsrefleksie** en **Spontaneïteit** (vgl. tabel 24). Sterker gevoelsrefleksie dui op 'n groter sensitiwiteit vir eie gevoelens en belewinge, terwyl 'n toename in spontaneïteit impliseer dat die kontrolegroep in ruimer mate hulself begin word, dit wil sê hul ware self begin openbaar. Hulle word met ander woorde meer kongruent. Die

mediumgrootte verskille by die kontrolegroep ten opsigte van luggeleiding op die **Luistertoets**, mag dan ook 'n aanduiding van hulle psigologiese ryping wees.

Hierdie groeidimensies kan in verband gebring word met die student se ontwikkelingstake (soos bespreek onder 6.2.3) waar aanvaar word dat die student, en veral die eerstejaar op verskeie vlakke natuurlike groei toon.

6.5 BESPREKING VAN DIE OPVOLGTOETSRESULTATE

6.5.1 Die eksperimentele groep

Die standhoudendheidseffek van ervaarde verryking is bepaal deur die uitvoer van 'n opvolgtoetsing na 'n gemiddelde verloop van drie maande. Teen die agtergrond van die leemtes in vorige oudiopsigofonologiese ondersoeke en ook die resultate verkry met beangste proefpersone, waar 'n opvolgtoetsing gedoen is (vgl. Du Plessis, 1982) sou 'n opvolgtoetsing in hierdie ondersoek dus 'n unieke geleentheid tot meer betekenisvolle evaluering van die verrykingsprogram bied, wat beswaarlik onbenut gelaat kon word. Uit die totale eksperimentele groep het 83% (n=16) deelgeneem aan die opvolgtoetsing in die tweede semester.

Wat die **Luistertoets** betref bly die verbetering behoue wat die luisterkurwes betref, en selfs verdere mediumgrootte verskille word verkry met die opvolgtoetsing. Uit figuur 5 en 6 blyk dit dat die verbeterde tellings verkry by die natoetsing gehandhaaf word by die eksperimentele groep. Daar is ook 'n skuif van ouditiwe lateraliteit ten opsigte van die regteroor. Die styging kom voor in die rigting soos deur Tomatis (1983) voorspel word, naamlik 'n verbeterde vermoë om hoër frekwensies in die klankspektrum te selekteer, wat 'n aanduiding is van 'n verhoogde ontvanklikheid teenoor kommunikasie. Hierdie aspek vind direk aansluiting by die **Vriend/Vriendin Evalueringsvraelys** waar aangedui word dat die eksperimentele lede beter luisteraars is, eerlik respondeer, minder ongeduldig is en hul gevoelens makliker in woorde kan uitdruk (vgl. tabel 22).

Die mediumgrootte verskil ten opsigte van die veld Aanvaarding van aggressie op die **POI**, word vanaf die natoetsing gehandhaaf (vgl. tabel 19). Hierdie ervaarde verryking is standhoudend en die studente is minder geneig tot die gebruik van ontkenning, verdringing en

verdediging ten opsigte van die aggressie wat ervaar word. Wanneer hierdie resultate in konteks geplaas word, naamlik dat 'n kwart van die eksperimentele lede met seksuele molestering belas is, kan die aanname gemaak word dat hierdie lede vordering toon in die verwerking van hul traumatiese ervarings. Een dame meld die volgende: "My selfervaring is beter. Ek het geleer om ook eise te stel, selfs 'n mate van selfsug steek soms kop uit, asof ek nou my behoeftes eerste mag stel. Die selfstraf wat ek vanaf my Laerskool dae toegepas het, is minder prominent. Dalk is ek besig om myself te vergewe, veral nou dat ek besef dat ek net 'n slagoffer was en nie die oortreder nie. My liggaamsbeeld is soms beter. Ek besef mens moet vrede maak met die liggaam waarbinne jy vasgevang is. Dit hang baie af van die manier waarna jy na jouself kyk".

Die eksperimentele groep behaal 'n mediumgrootte verskil op die NEO PI-R betreffende die subskaal Assertiwiteit (vgl. tabel 20), wat aandui dat hierdie studente met verloop van drie maande na afloop van die projek, geneig is tot meer kragdadigheid en selfhandhawing en neig om die groepe te lei waarin hulle betrokke is. Dit vind direk aansluiting by die **Vriend/Vriendin Evalueringsvraelys** betreffende die subskale Uitdruk van gevoelens en Eerlike respondering waar ook mediumgrootte verskille met die opvolgtoetsing gerapporteer word (vgl. tabel 22). Hierdie faset vind ook ondersteuning op die NEO PI-R betreffende die subskaal Bescheidenheid, wat aandui dat die lede neig om meer nederig te wees, en terselfdertyd nie selfvertroue en selfsteem kortkom nie (vgl. tabel 20). Die afleiding kan dus gemaak word dat hierdie dimensies geïnternaliseer is by die studente en moontlik as standhoudend beskou kan word.

Die mediumgrootte verskille betreffende Gevoelens en die totale skaal Openheid op die NEO PI-R (vgl. tabel 20) word gehandhaaf. Soos aangedui het die eksperimentele lede reeds van die begin af 'n prakties beduidende groter openheid ten opsigte van hul eie innerlike ervarings en emosies. Hierdie situasie word steeds gehandhaaf tydens die opvolgondersoek. Die proefpersone neig steeds om ontvanklik te wees vir ervarings wat plaasvind in hul innerlike en uiterlike wêreld, en ervaar beide positiewe en negatiewe emosies wat ondersteun word deur die resultate van die **Affektometer 2** (vgl. tabel 23).

Die mediumgrootte verskil op die NEO PI-R betreffende die skaal Sagsinnigheid (vgl. tabel 20), verwys na houdings van kommer en simpatie vir ander en die tendens om akkommoderend te wees ten opsigte van ander. Hierdie lede geniet die teenwoordigheid van ander.

Dit vind ook aansluiting by die **Vriend/Vriendin Evalueringsvraelys** en spesifiek die subskaal Goeie luisteraars, wat ook met die opvolgtoetsing 'n medium grootte verskil verkry, wat aandui dat die lede nou meer geneig is om werklik te luister en minder besig is met hul eie gevoelens en gedagtes (vgl. tabel 22: verskille tussen groepe en tabel 27: verskille binne groepe).

Wat psigologiese welsyn betref is die geringe mate van ervaarde verryking op die **Lewenstevredendheidskaal, die Affektometer 2 en Koherensiesin** (vgl. tabel 23: verskille tussen groepe en tabel 28: verskille binne groepe) by die eksperimentele groep nie standhoudend na drie maande nie. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die oudiopsigofonologiese verrykkingsprogram wat nie kragtig genoeg was vir blywende effekte nie. Uit die resultate van die binnegroepsontleding blyk dit dat die gemiddelde toetstellings van die kontrolegroep ook in 'n mate 'n verlaging toon. Die resultate moet weer eens binne konteks vertolk word. Die tydstip wanneer die opvolgtoetsing plaasgevind het, was 'n akademiese druk tydperk waartydens etlike toetse geskryf moes word en die naderende eksamen kon 'n remmende effek op funksionering tot gevolg hê.

6.5.2 Die kontrolegroep

Uit die totale kontrolegroep (n=14) het 70% die opvolgtoetsing voltooi.

Uit die binnegroepontleding behaal die kontrolegroep 'n mediumgrootte verskil op die **Persoonlike Oriëntasie Indeks** betreffende die subskaal Gevoelsrefleksie (vgl. tabel 24), wat dui op 'n tendens tot groter sensitiwiteit vir eie behoeftes en gevoelens. Hierdie aspek kan moontlik verband hou met die naderende eksamens en toenemende werkslading, in aggenome dat 58% van die kontrole lede eerstejaarstudente is wat hul eerste universiteitseksamen nader. Die mediumgrootte verskil op die subskaal Spontaneïteit van die **Persoonlike Oriëntasie Indeks** (vgl. tabel 19) vind aansluiting by die **Vriend/Vriendin Evalueringsvraelys** (vgl. tabel 21) betreffende die feit dat hierdie studente oor die vermoë beskik om gevoelens in spontane aksies uit te druk en gemaklik aan gespreksituasies deelneem. Hierdie dimensie word deurlopend gehandhaaf. Die mediumgrootte verskil betreffende Mensbeskouing op die **Persoonlike Oriëntasie Indeks** (vgl. tabel 19) dui op 'n tendens tot die huldiging van 'n konstruktiewe mensbeskouing en die versoenbaarheid van teenoorgesteldes.

Uit die binnegroeptontleding blyk dit dat die kontrolegroep 'n prakties beduidende effek verkry op die **NEO PI-R** betreffende die subskaal Impulsiwiteit (vgl. tabel 25), wat op 'n verminderde vermoë dui om begeertes en behoeftes te beheer. Ten spyte van latere berou oor sekere gedrag, is die gedrag met ander woorde meer impulsief. Hierdie aspek vind ondersteuning op die subskaal Sosiale Manipulasie soos verkry op die **Sosiale Vaardigheidsvraelys** (vgl. tabel 21), met 'n mediumgrootte verskil op die voortoetsing en ook by die binnegroeptontleding van die na-opvolgtoetsing verkry is (vgl. tabel 26). Hierdie tendens dui op manipulering van ander of sosiale situasies om so bevredigende resultate te verkry.

Vergelyk ook die styging in die beengeleidingskurwes op die **Luistertoets** by die kontrolegroep (vgl. figure 5 en 6). Hierdie kurwe gee die verinniglike response weer. Die aanname kan gemaak word dat hierdie kurwes 'n konflik-houding suggereer, die uiteenlopendheid van sosiale en uiterlike gedrag teenoor diepere en innerlike reaksies. Dit dui daarop dat die persone van buite op 'n ander wyse hoor as wat hulle hul innerlike lewe waarneem (Tomatis, 1973). Dit dui ook die moeilik-onderdrukbare impulse aan, byvoorbeeld die anomalieë in die karakter.

Uit die binnegroeptontleding verkry die kontrolegroep 'n mediumgrootte verskil op die **NEO PI-R** betreffende die subskaal Depressie (vgl. tabel 25), wat verwys na 'n neiging om depressiewe affek te ervaar. Hoër tellings op hierdie faset verwys na 'n geneigdheid om meer ontmoedig te wees en gevoelens van skuld, hopeloosheid, hartseer en eensaamheid te ervaar. Hierdie aspek word ondersteun deur die skale wat psigologiese welsyn meet naamlik, **Lewenstevredenheid, die Affektometer 2 en die Koherensiesinskaal** wat laer gemiddelde verskiltellings toon as met die voor-natoetsing (vgl. tabel 28). Die mediumgrootte verskil op die **NEO PI-R** betreffende Ordelikheid (vgl. tabel 20) vind hierby aansluiting want dit toon 'n neiging na netheid, sindelikheid en organisasie. Met die toetsreeks, naderende eindeksamen en verhoogde werkslading kan dit aanduidend wees dat hierdie studente gepreokkupeerd raak met die akademiese las en dat die neiging tot impulsiwiteit (soos bo genoem) dit vir hulle bemoeilik om daadwerklik 'n poging aan te wend om hierdie situasie te verlig.

Die mediumgrootte verskil op die **Sosiale Vaardigheidsvraelys** betreffende Sosiale Sensitiwiteit (binnegroeptontleding) dui op 'n tendens om verbale kommunikasie te dekodeer en te verstaan (vgl. tabel 26).

6.6 BESPREKING VAN DIE NA-OPVOLGVRAELYS

Die resultate van die Na-Opvolgvraelys kan beskou word as kwantitatiewe en kwalitatiewe bevestiging dat die proefpersone oorwegend betekenisvol baat gevind het by die verrykingsprogram. Die afleiding word gemaak dat die positiewe terugvoer agt maande na afloop van die projek, aanduidend is van 'n proses wat 'n besondere impak gehad het, in weerwil van die relatief beperkte omvang van prakties-beduidende verskille verkry in die statistiese analise. Die terugvoer dui ook aan dat die multimodale aard van die program, naamlik die klankstimulasie met behulp van musiek, die aard van die "afsondering" gedurende die luistersessies en die individuele gesprekke met 'n begeleier, alles meegewerk het om die impak van die totale situasie te verhoog.

6.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die resultate van die ondersoek bespreek. Die vergelykbaarheid van die groepe voor die aanvang van die program is eerstens weergegee, waarna enkele insidente by die deelnemers tydens die verloop van die klankstimulasieproses bespreek is ten einde 'n kwalitatiewe konteks te voorsien vir die bespreking van die natoetsresultate. Die bespreking van die opvolgresultate en resultate van die Na-Opvolgvraelys sluit hierdie hoofstuk af.

In die volgende hoofstuk sal die samevattende bevindinge en gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings gedoen word.

HOOFSTUK 7

SAMEVATTENDE BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die belangrikste bevindinge samevattend weergegee, daarna word enkele gevolgtrekkings gemaak, leemtes in die studie aangedui en laastens aanbevelings vir verdere ondersoeke gemaak.

7.2 SAMEVATTENDE BEVINDINGE

- 1) *Die eerste doelstelling van die empiriese ondersoek was om luistervermoëns by die eksperimentele groep te verbeter.*

Uit 'n intensiewe ondersoek van die grafieke blyk dit dat die luisterkurwes van die eksperimentele groep aansienlik verbeter het na die aanbieding van die program en selfs 'n verdere verbetering toon na 'n verloop van drie maande. Uit die resultate en bespreking blyk daar genoegsame prakties beduidende verskille ten gunste van die eksperimentele groep te wees ter verwesenliking van die doelstelling. Die basiese hipotese word dus aanvaar dat die deelnemers se luistervermoëns beduidende verbetering sal toon onder die invloed van die program.

- 2) *Die tweede doelstelling van die empiriese ondersoek was om intrapsigiese funksionering by die eksperimentele groep te verbeter.*

Uit die resultate blyk dit dat die proefpersone, hoewel nie prakties beduidend nie, wel tendense tot intrapsigiese verbetering toon. Uit die resultate, kwalitatiewe bespreking en op grond van die Na-Opvolgvraelys is daar 'n tendens tot verbeterde intrapsigiese funksionering aangetoon, wat aandui dat dié doeltstelling gedeeltelik bereik is en word die basiese hipotese aanvaar.

- 3) *Die derde doelstelling van die empiriese ondersoek was om interpersoonlike funksionering by die eksperimentele groep te verbeter.*

Uit die resultate, kwalitatiewe bespreking en op grond van die Na-Opvolgvraelys word verskeie tendense tot verbeterde interpersoonlike funksionering getoon hoewel nie prakties beduidende verskille na die aanbieding van die projek verkry is nie. Op grond van die genoemde tendense tot verbetering kan die doelstelling ondersteun en die basiese hipotese aanvaar word.

- 4) *Die vierde doelstelling van die empiriese ondersoek was om psigologiese welsyn by die eksperimentele groep te verbeter.*

Die gemiddelde mate van psigologiese welsyn by die eksperimentele groep was tydens die voortoetsing laer as die wat by verskeie ander Suid-Afrikaanse studentegroepe gevind is (Wissing, 1996; Wissing en Van Eeden, 1994). Wat die kontrolegroep betref kan die aanname gemaak word dat hierdie groep se huidige vlak van psigologiese welsyn beter is as die van die eksperimentele groep wat vir die projek aangemeld het.

Met die natoetsing het hierdie gemiddelde telling by die eksperimentele groep aansienlik verhoog (hoewel nie prakties betekenisvol nie), en stem ooreen met dié wat by ander Suid-Afrikaanse studentegroepe gevind is, en met dié wat vir Amerikaanse en Kanadese studentegroepe gerapporteer word, en is selfs hoër as wat vir groepe in Oos-Blokklande gerapporteer is (Wissing, 1996). Die afleiding kan dus gemaak word dat die projek wel 'n matige bydrae gelewer het tot verbetering van psigologiese welsyn by hierdie lede, dat, ten spyte van die hoë mate van negatiewe lewensgebeure wat die huidige eksperimentele groep ervaar, hulle huidige vlak van psigologiese welsyn as "normaal" beskou kan word. Met die opvolgtoetsing is daar egter wel 'n terugval in hierdie gemiddelde toetstellings. Die ervarede verryking is dus nie standhoudend na drie maande nie. Die doelstelling en basiese hipotese word egter verwerp aangesien die deelnemers se psigologiese welsyn nie prakties beduidend onder invloed van die program verbeter het nie.

- 5) *Die vyfde doelstelling van die empiriese ondersoek was om vas te stel of die ervaaarde verryking standhoudend sal wees na drie maande.*

Die eksperimentele groep handhaaf 'n medium effekgrootte op die subskaal Aanvaarding van Aggressie op die **Persoonlike Oriëntasie Indeks** (vgl. tabelle 14 en 19) wat dui op 'n standhoudende vermoë om eie natuurlike aggressie te aanvaar, met minder ontkenning, verdringing en verdediging ten opsigte die aggressie wat ervaar word. Ook handhaaf hierdie groep 'n mediumgrootte verskil op die subskaal Emosionele Sensitiwiteit op die **Sosiale Vaardigheidsvraelys** (vgl. tabelle 21 en 25). Hierdie standhoudende effek vind aansluiting by bogenoemde dimensie op die Persoonlike Oriëntasie Indeks en dui op 'n tendens dat die studente meer positief staan teenoor die negatiewe aspekte in die self, dat hulle meer emosioneel sensitief blyk te wees en minder begaan oor die goedkeuring van ander. Op sommige skale behaal die eksperimentele groep medium grootte verskille met die opvolgtoetsing wat wel nie op standhoudendheid dui nie, maar dat hierdie studente steeds in 'n proses van verandering is.

Op grond van die kwalitatiewe bespreking en Na-Opvolgvraelys kan die afleiding gemaak word dat die eksperimentele groep wel positiewe effekte ervaar wat steeds voortduur en kan die doelstelling en basiese hipotese ondersteuning geniet in hierdie verband.

7.3 GEVOLGTREKKINGS

1. Uit die bevinding dat die OPF-verrykingsprogram verskeie aanduidings van verbeterde luistergedrag in die eksperimentele groep tot gevolg gehad het, wat selfs verdere konsolidasie tydens die opvolgtoetsing getoon het, word gekonkludeer dat die luisterprogram derhalwe tot 'n prakties beduidende vlak van luisterverryking gelei het wat oor drie maande konstant gebly het. In weerwil van die inherente verskille tussen die eksperimentele- en kontrolegroep is die program derhalwe prakties beduidend suksesvol gewees in terme van luisterverbetering. Die resultate vind ook aansluiting by die talle vorige ondersoeke waarin bevind is dat die gehoorsopleidingsproses tot verbeterde luistervaardighede lei.

2. Hoewel daar slegs aanduidings van verbeterde interpersoonlike verhoudinge uit die resultate blyk kan die gevolgtrekking gemaak word dat verbeterde luistergedrag gepaard gaan met tendense tot verbeterde interpersoonlike verhoudinge, veral waar die subjektiewe persepsies van die proefpersone op die verskillende vraelyste bevestig word deur die persepsies van die buitebeoordelaars in die persoon van die goeie vriend/vriendin. Die bevinding bevestig verder die geldigheid van Tomatis se besondere beklemtoning van effektiewe luistervermoëns as faktor in die mens se algemene funksionering.
